

HOOFSTUK 3

VERSET TEEN “EMPIRE-OORLOG”

P.F. van der Schyff

3.1 Bedenkinge en onrus oor OB-karakter

Hoewel die Ossewa-Brandwag op die oog af 'n blote kultuurliggaam met verhewe doelstellings ten opsigte van die bevordering van die Afrikaner se saak was, het dit tog van meet af aan 'n semi-militante inslag gehad. Dit het veroorsaak dat dié beweging vanuit die staanspoor bedenkinge in sekere kringe uitgelok het.¹

Reeds geruime tyd voor die emosionele opswelling wat deur die Groot Trek-eeufeesvieringe in Afrikanergeleedere teweeggebring is, is die grondslae gelê vir die aktivistiese karakter wat die OB later sou vertoon. Die persone wat hiervoor verantwoordelik was, was dr. J.F. (Hans) van Rensburg, die latere kommandant-generaal van die OB, en die eerste leier en organiseerder, kol. J.C. Laas.

Reeds vroeg in sy lewe het Van Rensburg sterk intellektuele belangstellings getoon. As jong student te Stellenbosch was sy belangstelling veral gerig op politieke vraagstukke van die dag, en in hierdie tyd (die vroeë twintigerjare) was veral die kwessie van die Unie se verhouding tot Brittanje en die Britse Ryk pertinent op die voorgrond.²

In korrespondensie (1927) met jeugvriend Albert Hertzog, studerende in Duitsland, stem hy heelhartig saam “dat ons Afrikaners ly aan 'n minderwaardigheidskompleks teenoor die Engelse”. En in plaas daarvan om die Afrikaner se sosiale minderwaardigheid langs die weg van 'n “verkreukelde, jeugdiggebrekkige kultuurkamp” uit te skakel, het Van Rensburg 'n hoë premie geplaas op die vegtersinstink, op die feit dat groot Afrikanerhelde van die verlede “manne van die swaard” en nie “salonhelde van die kultuur” was nie.³

In 1927 word Van Rensburg lid van die Pretoria-regiment van die Verdedigingsmag. Sy absolute toewyding aan die militêre bring snelle vordering, en in 1934 staan hy aan die hoof van die Delarey-regiment. In dié hoedanigheid ywer hy sterk vir 'n beter bedeling van die Afrikaner op militêre gebied, onder andere deur die stigting van plattelandse regimente. Sy militêre aktiwiteite bring hom in hierdie tyd in aanraking

met luit.-kol. J.C. Laas, wat 'n doeltreffende verdedigingsstelsel as hoogste prioriteit vir nasiebou beskou het.⁴

In 1936 bring Van Rensburg besoek aan Duitsland, waar die Duitse voorbeeld op militêre gebied en ook die rol wat sosialisme in die nasionale lewe speel, besielend op hom inwerk. Na sy terugkeer verwys hy na die Aktiewe Burgermag as die gedissiplineerde kern van die volk en hy ywer eens so sterk om die Afrikaner 'n meer prominente plek in die Verdedigingsmag te laat inneem.

In 1937 word hy bevelvoerder van die Vierde Brigade, met hoofkwartier te Bloemfontein (hy het in dié jaar ook Administrateur van die Vrystaat geword).⁵

Militêre dissipline as bepalende faktor vir volksopbou is deur Van Rensburg hoog geag.⁶

Benewens kol. Laas was selfs mnr. Oswald Pirow, Minister van Verdediging, nie ongeneë om herlewing in die Burgerkommando's aan te help nie en wel na aanleiding van die suksesse wat met die Spesiale Diensbataljons in Duitsland behaal is.⁷

Met kol. Laas aan die spits is Verdedigingskietverenigings van 1937 af in die Vrystaat gestig, wat gepaard gegaan het met groot kommandodae, militêre vertonings, toesprake en gesellige verkeer. As geestelike krag agter die beweging het Van Rensburg die gedagte verkondig dat die kommandostelsel 'n onvervreembare deel van die Boerekultuur uitmaak; dit sou 'n wapenbroederskap daarstel wat alle Afrikaners, ongeag partyverskille, weer bymekaar sou bring.⁸

Die feestelike herdenking van die Groot Trek in 1938 is op knaphandige wyse deur Van Rensburg en Laas ten behoewe van hul ideaal aangewend. Erewagte vir kommando's, kommando-erewagte vir die waens van die simboliese Ossewatrek en die bewapening van laasgenoemdes was van die gedagtes wat na vore gekom het.

Teleurgesteld oor die reaksie toe slegs 150 in plaas van 600 man vir begeleiding van die Ossewatrek-waens in Bloemfontein gemobiliseer kon word⁹ en van owerheidsweë aan bande gelê in die erewag-idee, het Van Rensburg vir Laas versoek om klein kerngroepies binne die kommando's te organiseer.

Laas se reaksie was dat hy alreeds sulke persone uitgesoek het, dat hy hulle sy "Brandwagte" noem, dat hulle mettertyd 'n eie uniform sal kry en dat hulle die ou militêre gees van die Boere sou voortdra. Op 'n wenk van Van Rensburg, wat bang was dat Laas se voorneme as 'n bedreiging vir die regering beskou kon word, is hierdie mobilisering gekoppel aan die simboliese Ossewatrek. Laas se kerngroepies is, ook op advies van Van Rensburg, Ossewa-Brandwagte genoem.¹⁰

Die res van die verhaal, oor hoe die Laas-Van-Rensburg-inisiatiewe aansluiting gevind het by die emosiebelaaide opwelling van Afrikanernasionalisme tydens die Groot Trek-eeu-feesvierings, is reeds vertel.¹¹

* * *

Die binomiale karakter van die OB het reeds vanaf die stigtingsdatum tot spekulasie en selfs kommer en onrus aanleiding gegee.

Pas nadat die beweging op 4 Februarie formeel beslag gekry het, is vanuit verskeie oorde en in die politieke wandelgange versigtige maar besliste bedenkinge uitgespreek. Naas skynbare bedekte politieke motiewe, was dit veral die militêre karakter daarvan wat die wenkbroue laat lig het.¹² 'n Maand na die stigting daarvan is berig dat duisende Vrystaters reeds hul gewig agter die OB ingegooi het; dit groei geweldig vinnig en sou spoedig ook na die ander provinsies uitbrei.¹³

Onder Parlementslede en selfs in Kabinetsgeledere was daar groot onrus oor die militêre karakter, die sogenaamde "hidden motive" van die OB.¹⁴ 'n Volksraadslid wat om sy mening genader is, het die OB met die rebelse Sinn Fein-beweging van Ierland vergelyk,¹⁵ terwyl *Die Vaderland*, 'n Hertzog-ondersteunende regeringskoerant, dit as 'n "kultuur-met-die-roer-liggaam" bestempel het (die term "Leemetsford-kultuurvereniging" is ook gebruik).¹⁶ Hierdie blad het gesê dat die O.B. deur politieke Nazi-geïnspireerde heethoofde gestig is en baie maklik misbruik kon word deur persone met meer ambisie as verantwoordelike heidsin.¹⁷

Kommer oor die OB het weerklank gevind by Minister Pirow, wat aanvanklik 'n simpatieke maar tog gereserveerde houding ingeneem het.¹⁸ Later het hy egter van opinie verander en het hy die OB beskou as 'n bedreiging vir die kommandostelsel, 'n beweging wat dalk op kort ken-

nisgewing in 'n volbloed militêre mag omgeskep kon word. In Mei 1939 het hy gelas dat alle offisiere van die Burgermag hulle aan die OB onttrek.¹⁹

In Verdedigingsmaggeledere is die OB ook met agterdog en selfs 'n mate van onrus bejeën. Kol. Laas moes kies tussen sy pos in die Burgerkommando en die OB en het hom gevolglik einde Maart 1939 voltyds na laasgenoemde begewe.²⁰ Op 'n militêre konferensie in Kaapstad, vroeg in Maart 1939, is indringend na die OB gekyk en is kort hierna uit militêre oorde beswaar gemaak teen die militêre ampsbenaminge van die OB. Die OB het hierop gereageer met die gerusstelling dat dit nie 'n militêre beweging was nie en ook nie van plan was om die Verdedigingsmag te ondermyn of te beveg nie.²¹

Die OB-spook het egter steeds geloop, en kort na die Kaapstadkonferensie het die Volksraadslid vir Frankfort, genl. H.N.W. Botha, in die Volksraad betoog dat die OB die Unie se Verdedigingsmag ondermyn. Sy beswaar was veral gerig teen die militêre oogmerke van die beweging.²² Enkele weke later is daar wrywing tussen die Weermag en die OB toe die hoofkommandant van die Burgerkommando's, lt.-genl. A.J.E. Brink, in 'n omsendbrief sekere waarskuwings teen die OB geuiter het.²³

Brink het vanuit die hoofkwartier van die Burgerkommando's bevel gegee dat lede van die Skietverenigings voortaan nie aan die semi-militêre byeenkomste van die OB mag deelneem nie. Ook is OB-lede verbied om op staatskietbane te oefen en sou hulle ook nie meer gewere of patrone teen spesiale tariewe kon aankoop nie. Niemand kan twee here dien nie, was Brink se voorligting.²⁴

Die bevelvoerder van die Bloemfontein-Suidkommando, lt.-genl. C.A. Ebersohn, het sy offisiere wat lede van die OB was, hierop summier versoek om te bedank, sodat hy persone kon aanstel "in wie hy honderd persent vertroue het". Dit was dus 'n keuse: òf die Kommando, òf die OB.²⁵

Uit OB-geledere is dadelik beswaar gemaak teen wat as wanvoorstelings in die hantering van die saak beskou is en wat dus verwarring tot gevolg gehad het.²⁶ Die verwarring is gedeeltelik en tot skynbare tevredenheid van Laas uit die weg geruim, toe verklaar is dat daar nie 'n formele verbod op OB-lidmaatskap was nie. Daar moes net gewaak

word teen, en gerapporteer word wanneer daar wel probleme ontstaan.²⁷

In April berig *Die Vaderland* dat die afdelingsbestuur van die Verenigde Party te Reitz op eie houtjie 'n ondersoek ingestel het na die OB en dat hulle sterk ooreenkomste gevind het met die sogenaamde hempor-organisies in Duitsland en Italië. Hul konklusie was dat die OB inderdaad geen nuttige doel kon dien nie en dus nie bestaansreg het nie. Na aanleiding van hierdie ondersoek het 'n rubriekskrywer van die betrokke koerant die situasie só opgesom: "Die Ossewa-Brandwag staan verdag op sy eie program van 'kultuur met die roer' ".²⁸

Vroeg in Mei het adv. H.J. Edeling, 'n vooraanstaande lid van die Verenigde Party, gesê dat die OB 'n tweede rebellie beoog waardeur die Unie aan 'n ander moondheid uitgelewer sou word. Dit wil voorkom asof die gerugte van 'n moontlike rebellie in hierdie tyd wyd geloop het, veral op die platteland.²⁹

In Junie 1939 is opspraak verwek en die OB fel in die kollig geplaas toe die stigter van die Reitz-tak, P.J. Oosthuizen, sy verbintenis met die OB opgesê en met opspraakwekkende onthullings oor die beweging vorendag gekom het.³⁰

Naas skerp kritiek wat teen die organisasie van die beweging en pertinent teen kol. Laas as leier uitgespreek is, het Oosthuizen ook verwys na voorbereidings wat gedoen word vir 'n staatsgreep. Hy het die OB só ontleed: "As a secret society the Ossewa-Brandwag is binomial by nature. The two aspects of such a society are esoteric and exoteric." Onder "exoteric" word dan begryp die dinge bekend in die buitekring, onder die gewone lede, terwyl "esoteric" weer staan op die werklike betekenis en strewende, wat dan net bekend sou wees aan persone wat tot die binnekring toegelaat word.

Oosthuizen het verder verwys na die sterk strewende om veral predikante in die beweging te betrek, om sodoende as lokaas vir ander te dien, en hy het geskat dat die beweging op daardie tydstip waarskynlik reeds oor 100 000 lede beskik het.

In Julie ontvang die Hoofraad van die OB rapport van vordering in Natal, en word aangeteken: "Die beweging van die Swart Hemde is daar

ontbind en baie Duitsers het by die beweging aangesluit op voorwaarde dat hulle die Swastika moet laat vaar. Ons wil niks hê wat van ander lande oorgewaaï kom nie, ons wil net alles ons eie Afrikaanse dinge hê.”³¹

En asof om gewig aan laasgenoemde patriotiese uitspraak te verleen, word besluit: “Die kenteken van die beweging is die Transvaalse Arend, sittende op ’n wawiel, met ’n ossewaentjie ensovoorts onderom, plus die kleure van die vier provinsies.”³²

Van na-apery van die feitlik identiese Nazi-simbool, waarvan die OB so dikwels beskuldig sou word, is hier niks aangeteken nie.

Terwyl die OB besig was om, te midde van bedenkinge oor sy doel en plek, sy voete te vind, het die “Gesuiwerde” Nasionale Party van dr. Malan as kampvegter vir die Afrikanersaak skerp in die kollig gestaan. In die gees van die Groot Trek-eeufeesvieringe is gepoog om die eenheidsdrang in Afrikanergeledere te konsolideer.

In antwoord op die vraag “hoe om bymekaar te kry wat deur innerlike oortuiging bymekaar hoort”, het Malan ’n eenvoudige formule aan die hand gedoen: “Stel u volk bo u party”.³³ En tog is dit onomwonde en kristalhelder uiteengesit, veral in die lig van die talle eenheidspogings wat in hierdie tyd aangewend is, dat die Nasionale Party die politieke heimat van alle regdenkende Afrikaners was.

Afrikaners wat hulle in die Hertzogkamp en buite Nasionale Partygeledere bevind het, was bra skepties oor die Nasionale se ywer en aansprake. Boonop was daar in hierdie stadium onrus oor die koers van die Nasionale Party, soos oor dié van die skoorvoetende Ossewa-Brandwag.

Die “Gesuiwerdes” (Nasionale Party) is daarvan beskuldig dat hulle met die Ossewatrek en die ideale van die Voortrekkers smous,³⁴ dit vir politieke gewin aanwend.³⁵ Louis Esselen, sekretaris van die Verenigde Party, was van mening dat hulle die kulturele aspirasies van die Afrikaner vir politieke doeleindes misbruik.³⁶ Die “Gesuiwerde Nasionale” se aanspraak dat hulle op die “Pad van Suid-Afrika” beweeg, is sinies ontken,³⁷ en Smuts self het ’n parallel getrek tussen hulle leerstelling en dié van die Nazis in Duitsland.³⁸

Nie alleen sou Hertzog self ook op die Nazitrom slaan nie,³⁹ maar is ook kort hierna by wyse van ’n spotprent dié boodskap oorgedra: “Die Malan-party is besig om op groot skaal Nazistiese idees in te voer onder die dekmantel van Voortrekkerideale”.⁴⁰

Die Nasionale het ook die stryd teen Britse imperialisme met groot heftigheid voortgesit, deur veral met steeds groter aandrang neutraliteit, ingeval van ’n Europese oorlog, te eis.⁴¹ Ook is die bedreiging van die Kommunisme en die sogenaamde Joodse vraagstuk gedurig voorgehou en was dit veral laasgenoemde aspek, met sy internasionale korrelasies, wat beskuldigings van Nazisme op die hoofde van die Nasionale laat reën het.⁴² Die feit dat die Nasionaal-Sosialisties georiënteerde Gryshembeweging van Louis Weichardt in hierdie tyd gemene saak met die Nasionale Party gemaak het, het nog meer skietgoed aan die kritici verleen.⁴³ Veral *Die Transvaler*, mondstuk van die Party in Transvaal en onder redakteurskap van dr. H.F. Verwoerd, is nie gespaar oor wat bestempel is as sy Nazistiese houding nie.⁴⁴

Toe die regering in April 1939 polisieversterkings na Suidwes-Afrika stuur om ’n moontlike Nazistiese bedreiging in hierdie voormalige Duitse kolonie te voorkom, het genl. Hertzog hieroor in ’n ernstige woordewisseling met Nasionale kritici beland en het hy hulle as “Nazi’s” uitgekryt. Van Nasionale kant is weer harde woorde jeens hul eertydse leier kwytkeraak.⁴⁵

Met die oog op die verslegtende internasionale situasie het die provinsiale leiers van die Nasionale Party in ’n spesiale oproep tot die volk⁴⁶ gewaarsku: “Suid-Afrika wil vrede hê ... Die imperialistiese pad het vir die Afrikaner nog altyd geblyk te wees die pad van massaverdeeldheid en broedertwis, en van haas onkeerbare verarming en vernedering. Dit was die werklike rede van daardie bloedspore⁴⁷ wat oor die Afrikaner se tragiese geskiedenis deur Afrikaners self getrap is. *Ons wil geen herhaling van 1914 hê nie.*”

’n Beroep is op die volk gedoen om te demonstreer, langs konstitusionele weg en wel deur middel van protesvergaderings en petisies.

Die situasie het nou plofbaar geword (gerugte van rebellie het vryelik op die platteland rondgegaan),⁴⁸ en Minister A.P. Fourie het die oproep van die Nasionale leiers bestempel as ’n “kunsmatige skepping van

'n oorlogsmentaliteit" en gesê dit durf nie toegelaat word dat 'n land in ellende gedompel word deur die "roekelose wyse waarop 'n Opposisie 'n gevaarlike wapen hanteer vir partydoeleindes" nie.⁴⁹

In Europa het die oorlogswolke swaar en dreigend begin saampak, en die gerammel van oorlogswapentuig wat in gereedheid gebring word, het 'n beklemming by die mensdom laat posvat.

Terwyl Malan en die syne onophoudelik die leer van neutraliteit verkondig het,⁵⁰ was genl. Smuts baie swartgallig oor die toekoms: "Ek beskou hierdie dae as besonder donker, baie ernstig en baie onheilspellend." As die tyd vir beslissing aanbreek, "sal ons tyd hê om kalm en versigtig te beraadslag ten opsigte van watter rigting ons moet inslaan in die belang van Suid-Afrika ... Dit is 'n veels te groot en gevaarlike saak om in ons daaglikse geskille te sleep. Die mense van Suid-Afrika moet op die regte tyd sy stem laat hoor soos een volk."⁵¹ Vooraf, en herhaaldelik, het hy baie duidelik laat hoor wat sy standpunt was, oor "die regte rigting" wat in geval van oorlog ingeslaan moes word.⁵²

Toe oorlog wel uitbreek, en Suid-Afrika op 'n dramatiese wyse daarby betrek is, het die aandag vir 'n wyle vasgeslaan op die breë beweging ter groepering van daardie Afrikaners wat 'n eenheidsfront teen oorlogsdeelname gevorm het. Die Malan-groep was by uitstek onder skoot by die Suid-Afrikaanse Anti-Fascistiese Beweging: "The chief danger to South African democracy comes from the Nazi agents within the Nationalist Party ... every enemy agent in the country should be interned, and pro-Nazi organisations disbanded. The defence force and civil services must be cleansed of all pro-Fascist elements, so as to eliminate sabotage or espionage."⁵³

Malan veral is vir kritiek uitgesonder: "... his support for Hitler and Nazism is a betrayal of the true ideals of the Afrikaner, whose whole tradition is one of democracy and the struggle for national independence. Boiled down the policy of neutrality means support for Hitler — and against the independence of small nations."⁵⁴

In hierdie stadium, dit wil sê tot met die oorlogsverklaring in September 1939, is deur kritici geen duidelike skeidslyn tussen die Nasionale Party en die OB getrek nie. 'n Beskuldiging soos dié dat daar Nazi-agente binne die Nasionale Party doenig was, sou voor en selfs na 4 September 1939 met 'n mate van reg voor die deur van Malan-hulle

gelê kon word. Maar die flikkerligte vir gevaar was reeds hier en daar sigbaar.

C.R. Swart was die eerste politikus van naam wat 'n prominente rol in die OB sou speel. Hy is reeds in Mei 1939 as lid van die Hoofraad (later Grootraad) ingesweer,⁵⁵ nadat hy deur kol. Laas namens die Hoofraad genader is om as regsadviseur op te tree.⁵⁶

Swart se toetrede tot die OB is gemotiveer deur die gevoelde behoefte om die beweging in die "regte rigting" te hou. By sy toetrede het Swart hom deeglik vergewis van die doelstellings van die OB en dit vir hom uitgemaak dat die OB die aksiefront van die Afrikaner sou wees, 'n organisasie wat kon organiseer en kon optree waar en wanneer nodig — alles natuurlik op vreedsame wyse, sonder enige geweld of ondermyning. Op dié voorwaarde het hy toegetree en gehelp met die organisasie van die beweging, en hy het oral dié beeld van die OB voorgehou.⁵⁷

Dr. N.J. van der Merwe, Vrystaatse leier van die Nasionale Party, was aan die begin maar taamlik afsydig teenoor die OB en het sy voorwaarde vir ondersteuning gestel: dat die OB nasiewerk moes doen wat nie deur bestaande verenigings gedoen kon word nie.⁵⁸

'n Ander vooraanstaande Vrystater, J.G. (Kaalkop) van der Merwe, het onder andere aan C.R. Swart en ook aan Laas gesê dat hy net 'n aanstelling in die OB sou aanvaar indien die OB 'n suiwer kulturele beweging is "en niks te doen het met enige Staatsgreep soos die gerugte dit wil hê nie".⁵⁹ Op hierdie skrywe het Laas 'n ietwat tweeslagtige antwoord gegee en gesê "dat die Ossewa-Brandwag uitsluitlik ten doel het 'n kulturele strewe. As persone hulle ten doel stel om 'n staatsgreep uit te oefen, kan die Ossewa-Brandwag hulle nie daarvoor verkwalik nie."⁶⁰

In Transvaal het etlike partyleiers uit die geledere van die Nasionale Party hulle vroeg reeds in die OB en selfs in leiersposisies bevind, onder andere manne soos Daan de Wet Nel, Sampie Froneman en Herman Martins.⁶¹ Mettertyd sou ook hierdie mense hulle nie tuis voel in die OB nie, veral na aanleiding van aktivistiese neigings wat deur sommige leiers daarvan openbaar is. Maar voor dié tyd tel persone soos J.G. Strijdom en mev. Betsie Verwoerd hulle in die geledere van diegene wat sulke hoë verwagtinge van die OB koester.⁶²

Ook die ywerige jong Kaaplandse organiseerder van die Nasionale Party, Pieter Willem Botha, bevind hom vroeg reeds in die geledere van die nuwe beweging. In Augustus 1939 rapporteer Botha aan kol. Laas dat voorbereidings getref word vir besoeke van hulle twee aan Kaapstad, Caledon, Bredasdorp, Swellendam, Malmesbury, Paarl, Worcester, Robertson — en dalk ook aan De Aar, Richmond en ander plekke. 'n Voorlopige vergadering, waarskynlik in verband met die uitbreiding van die OB na Kaapland, sou binne enkele dae gehou word.⁶³

Dit is onbekend, maar hoogs te betwyfel, of hierdie besoeke wel plaasgevind het. Enkele weke later is die hele land in rep en roer as gevolg van die oorlogsituasie en het die protesbyeenkomste en die eenheids-onderhandelings ongetwyfeld die voltydse aandag van Botha geverg.

Op 7 November skryf Botha 'n kort briefie waarin hy vra dat Laas hulle dringend moet kom spreek.⁶⁴ Twee weke later laat weet Laas dat hy sal kom om "te verduidelik".⁶⁵ Heel waarskynlik het die voorgenome verduideliking verband gehou met uitvoerige onthullinge oor beweerde voorbereidings vir rebellies in Suid-Afrika, wat in hierdie tyd gemaak is en waarin die naam van Laas en die OB ook genoem is.⁶⁶ Die Afrikaanse omroep van die Duitse radiostasie Zeesen het ook in hierdie onthullinge gefigureer. Daar is beweer dat die OB een van die liggame was wat moes meehelp om rebellie en sabotasie in die land te stig, en dat die OB in verbinding was met Herr B. Stiller, die voormalige Duitse gesant in die Unie.⁶⁷

In *The Star* van 4 November 1939 is uitvoerig berig oor 'n beweerde Nazi-komplot en word 'n uiteensetting gegee van wat presies beoog is: "The activity had as its object first, widespread risings throughout the Union; secondly, sabotage in factories and essential services; and thirdly, the exploitation of Portuguese East Africa mineral resources by means of a suitable cloaked 'German Company' ".⁶⁸ Hierdie inligting is enkele dae later deur die hoofinligtingsbeampte van die Unie bevestig⁶⁹ en vervat in 'n dokument gedateer 28 Oktober 1939.⁷⁰

Laas se verduidelikings moes skynbaar vir Botha-hulle tevrede gestel het, want op 'n gegewe datum het 'n groepie Kapenaars in die pastorie van ds. J.D. Vorster byeengekom en is besluit om die OB ook in die Kaap te stig. Die veronderstelling en uitgangspunt, wat moontlik juis as gevolg van die onthullinge beklemtoon is, was dat die OB 'n kultuurorganisasie sou wees, met 'n saambindende funksie. Dit is opmerklik en insigge-

wend, in die lig van latere gebeure en onthullinge, dat kol. Laas C.R. Swart se naam gebruik het, skynbaar om 'n vertrouensklimaat te skep of te bevorder.⁷¹

Van die Kapenaars wat bereid was om hul gewig by die OB in te gooi, was persone soos dr. T.E. Dönges, Frans Erasmus, Eric Louw, Paul Sauer, J.G. Meiring, P.J. Schoeman, E.C. Pienaar, John Vorster, Koot Vorster en P.W. Botha. Sommige van hulle dien ook in die Kaapse Beheerraad van die beweging.⁷²

Feit bly dat daar feitlik vanuit die staanspoor wel 'n mate van skeptisisme by Kaapse Nasionaalgesindes was en dat hierdie kommer veral gewentel het om die militante karakter wat aan die beweging toegeskryf is. Vooras-nog was parate kennis omtrent die aktiwiteite van die geheimsinnige kol. Laas, hoofleier van die Ossewa-Brandwag, nie algemeen bekend nie.

Toe genl. Smuts vroeg in 1940 in die Volksraad die saak van Nazi-indringing ophaal en weer die vinger na die OB wys, het die Hoofraad skerp gereageer en Smuts gedag oor die "herhaalde belasting" van die OB.⁷³ In 'n geheime polisieverslag is besonderhede oor die doen en late van kol. Laas in die loop van 1939 breedvoerig uiteengesit. Hierdie besonderhede dien ter bevestiging van die onrus en kommer oor die OB in hierdie tydsgewrig.

In gemelde verslag⁷⁴ word uitvoerig verhaal van Laas se skakeling met lede van die fascistiese Swarthempbeweging,⁷⁵ met die Duitse konsul in Bloemfontein asook met verskeie ander Nazi-agente aldaar, met die Handhawersbond en die FAK (Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings) en uiteindelik ook met die Duitse gesant te Pretoria, Herr Stiller. Die somtotaal van die polisieverslag het hierop neergekom: "The conduct of colonel Laas and statements made by him ... leave very little doubt that he was quite prepared to negotiate with the Nazi organisation for a complete understanding in regard to rendering mutual assistance in the furtherance of their respective movements."

Dit blyk dat Laas reeds in Mei 1939 daarvan bewus was dat hy deur die polisie dopgehou word. Kort hierna is die onderhandelinge van Duitse kant kortgeknip en wel toe geblyk het dat een van die onderhandelaars inderdaad 'n polisie-agent was. Of Laas sy simpatieë in hierdie verband afgesweer het, en of hy oop kaarte met die skeptiese Kaapse

Nasionaliste gespeel het, is vrae wat nie deur dokumentasie beantwoord kan word nie.

3.2 Oorlogsbesluit, 4 September 1939⁷⁶

Op Vrydag 1 September 1939 het 'n sombere uur oor die wêreld toegesak. Die lank reeds dreigende en donker oorlogswolke het die flou skynsel van die dalende vredesonnetjie finaal versluier; jarelange en toenemende internasionale spanning het 'n breekpunt bereik.

Dit was oorlog!

'n Koerant het die nuus die volgende dag só aangebied: “Die allerlaaste hoop op 'n vreedsame skikking van die geskil tussen Duitsland en Pole het gisteroggend weggesterf in die gedreun van Duitse vliegtuie oor Pole en die ontploffing van bomme.”⁷⁷

Die vuurhoutjie was in die kruitvat; die inval in Pole sou 'n kettingreaksie veroorsaak waarby ook Suid-Afrika betrek sou word.

In Kaapstad, waar die Unie-parlement in sitting was om met die oog op die onweerswolke in Europa die dienstermyn van die Senaat te verleng, was alles in rep en roer. Daar moes in belang van Suid-Afrika opgetree word — maar wát sou in belang van die land en sy mense wees? Wat behels dit om patrioties te wees?⁷⁸

Soveel jare lank, soveel dekades reeds was dit 'n twisvraag in die Suid-Afrikaanse politiek. Pas tevore, in 1938–39 en terwyl oorlogswolke vin-nig oorsee begin saampak het, het daar 'n woorderstryd oor die kwes-sie van neutraliteit of oorlogsdeelname losgebars. Die “Gesuiwerde” Nasionale Party se wekgroep was “neutraliteit”, terwyl genl. Smuts en sy aanhangers dit wou dat Suid-Afrika hom aan Brittanje se kant moes skaar indien dit op 'n oorlog uitloop: die weg van eer en plig. In die mid-del was premier Hertzog, wat benoud moes manoevreer tussen dié twee uiterstes — veral namate die Nasionaliste die wig tussen hom en die Smuts-faksie van sy Verenigde Party al dieper probeer dryf het.⁷⁹

En toe, op 4 September, breek die oomblik van waarheid ook vir Suid-Afrika aan. In die Parlement voer premier Hertzog die woord,⁸⁰ vertel hy van onoorbrugbare verskille in sy kabinet en maak hy gevolglik 'n voorstel dat Suid-Afrika neutraal bly, maar met nakoming van bestaande

verpligtinge en verhoudinge met Brittanje en die Statebondslende.

Hy maak in sy toespraak gewag van “die gedrog van Versailles” en sê dat hy weet “wat in die siel van Hitler omgaan, en in die siel van die hele Duitse volk”; ja, hy weet hoe dit is om “deur 'n toestand van ver-nedering en verkleining en belediging gedryf te word” tot 'n punt waar dit nie verder kan nie. Vir die Afrikaners sou toetrede tot die stryd 'n skok wees, dit sou volkseenheid 'n geweldige knou gee, dit sou die be-gin van die einde wees van Suid-Afrika se lidmaatskap van die Britse Gemenebes van Nasies.

Genl. Smuts het nie op hom laat wag nie en dadelik voorgestel⁸¹ dat bande met Duitsland verbreek en defensief tot die stryd toegetree word: dis die Unie se plig, dis 'n kwessie van trou en selfrespek, en dit sou in almal se belang wees. Hitler, sê hy, het net een oogmerk, en dit is wêreldoorheersing; Suidwes-Afrika sal ongetwyfeld teruggeëis en die Unie se onafhanklikheid bedreig word.

In sy toespraak het Smuts verwys na Hertzog se bedekte waarskuwing oor moontlike binnelandse probleme, dat oorlogsdeelname “die klok in Suid-Afrika vir vyftig jaar kan terugsit”.⁸² Hy, as persoon wat daar-mee belas was om ondermynende bewegings te ondersoek,⁸³ was eg-ter nie so swartgallig nie en bestempel Hertzog se vrese as “growwe oordrywing”; hy versoek die land om nie bang te wees vir “'n paaiboelie wat bloot 'n paaiboelie is, en wat inderdaad nie bestaan nie”. En al dreig daar wel gevare, sê Smuts, dan behoort daarvoor nie teruggedeins te word nie, dan moet die afgeweer word ...

Dr. Malan⁸⁴ het uit Smuts se toespraak afgelei dat hy inderdaad groot probleme voorsien indien wel aan die oorlog deelgeneem word, maar dat hy dit doelbewus probeer verklein. Hy het die Duitse eenheidsdrang vergelyk met dié van Afrikaanssprekendes en kon daar nie fout mee vind nie. As Engeland in Duitsland se posisie was, vervolg Malan, sou Engeland sy Hitler gehad het, dit wil sê as Engeland sy sout werd was. Hy waarsku: “... om ons in so 'n oorlog te trek, om vir so 'n oorlog een enkele druppel bloed van Suid-Afrika te vergiet, sou 'n misdaad wees.”

In sy mosie voor die Volksraad het Smuts onderneem om nie, soos in die Eerste Wêreldoorlog, troepe oorsee te stuur nie⁸⁵ — wat onge-twyfeld daarop gemik was om teenstand in Afrikanergeleedere te probeer beperk. Maar hy het niks gesê oor Afrika nie; wat homself betref, het

hy dit klinkklaar uitgemaak dat Afrika wel van groot strategiese belang vir die verdediging van die Unie was.⁸⁶

Toe daar uiteindelik tot stemming oorgegaan word, word Smuts se mosie met 'n meerderheid van dertien stemme aanvaar.⁸⁷ Die uitbring van stemme toon 'n skerp skeidslyn: dié teen oorlogsdeelname is, op een na, almal Afrikaanstaliges, met die meerderheid van Smuts se aanhangers Engelssprekendes.

In die straat voor die Parlementsgebou is die kloof tussen die twee taalgroepe verder onderstreep: die Smuts-bewonderaars in die malende skare sing uit volle bors "God save the King" en "Rule Britannia", terwyl die andersdenkendes hul gevoelens vrye teuels gee in die sing van "Die Stem" en "Afrikaners landgenote".⁸⁸

Hierdie verdeelde loyaliteite sou in die hierna volgende gebeure en dwarsdeur die oorlog telkens en gedurig maar weer na vore tree, en in 'n baie groot mate het dit die weg gebaan vir die skouspelagtige wyse waarmee die OB op die voorgrond sou tree, asook vir OB-optrede en -gesindhede tydens die duur van die oorlog.

Emosies het inderdaad hoog geloop, ná die Oorlogsdebat en die besluit tot oorlogsdeelname. Die kameraderie wat in die Parlementsgebou tentoongestel is, het soos 'n suurdeeg na die gewone lae van die Afrikanerbevolking deurgewerk. Protesstemme is landswyd en tydens spontane byeenkomste laat hoor, en invloedryke Afrikanerbelangegroepes en leiers het inderhaas 'n groot herenigingsbyeenkoms aan die voet van die wordende Voortrekkermonument belê. Hertzog se treinrit na Pretoria was as't ware 'n triomftog.

Intussen het Hertzog hom by wyse van 'n ope brief⁸⁹ by die volk geregverdig. Met die oorlogsbesluit het Smuts sins insiens nie slegs die Verenigde Party onherroeplik van bo tot onder geskeur nie, maar is ook volksvryheid tot 'n nietigheid verklaar.

Hertzog voorsien dat slegs besliste optrede aan die kant van alle vryheidsliewende Afrikaners⁹⁰ die volksvryheid sal kan handhaaf. En hy dui die weg aan:

"Intussen wil ek 'n beroep op u doen om te onthou van enigiets te doen waardeur u latere vryheid aan bande gelê

mag word. Hierdie beroep word op u gedoen om te belet dat deur verkeerde of kwaadwillige pogings misleiding sal plaasvind ... Ook versoek ek u ernstiglik dat in die stryd wat voorlê, u in alles wat u doen of sê, selfs die skyn van onkonstitusionele handelswyse sal vermy ..."

Ook Malan het 'n verklaring uitgereik waarin hy 'n beroep op ondersteuners doen om te bly by die konstitusionele weg, daar die afwyking daarvan die saak alleen skade sou berokken.⁹¹

Die bruisende geesdrif, gegrond in enersyds die verontwaardiging en verset teen oorlogsdeelname en andersyds in die lonkende vooruitsig op die verkryging van Afrikanervolkseenheid,⁹² het op Saterdag 9 September 'n hoogtepunt bereik: 'n magtige skare huldig die leiers vir hul optrede in die Parlement, en by monde van volksdigter Totius word plegtig beloof "dat ons mekaar se hand gryp op die pad van Suid-Afrika om dit nooit weer los te laat nie."⁹³

Die toekoms — nie eens die verre toekoms nie — sou hierop antwoord gee. Die geesdrif en entoesiasme wat rondom Monumentkoppie geheers het, sou spoedig verflou en weldra soos mis voor die oggendson verdwyn. Vir 'n wyle het dit gelyk asof die Ossewa-Brandwag, met welklinkende oogmerke en as 'n organisasie wat buite die politiek om in diens van die Afrikanervolk sou opereer, die samebindingselement sou wees. "In die geskiedenis van die Afrikanervolk", sê die biograaf van dr. D.F. Malan, "is daar seker nie nog 'n beweging wat met soveel geesdrif en verwagting gestig is as die Ossewa-Brandwag nie."⁹⁴ En met die uitbreek van die oorlog "(het) die vuurtjie in die Bloemfonteinse droë gras 'n knetterende veldbrand in Suid-Afrika geword."⁹⁵

'n Vraag wat tereg in hierdie stadium gevra kan word, is na die standpunte en houding in OB-geledere jeens die epogmakende gebeure van vroeg-September.

Uit amptelike stukke van die beweging word 'n mens weinig wys en is daar nie aanduidinge dat die OB as sodanig 'n bepaalde gedragspatroon aanbeveel of standpunt ingeneem het nie.

Die groot geesdrif, soos geopenbaar in die optrede van die politieke leiers en die pers van die Afrikaner, het weerklank gevind by die gewone man. Die skielike militante klimaat waarin die land hom ná oorlogsver-

klaring bevind het, sou meteens ook 'n vlammetjie aan die brand steek in die geledere van die Ossewa-Brandwag, met sy semi-militêre grondslag en omhul in 'n waas van geheimsinnigheid.

In sy herinneringe getuig 'n oud-OB só van die impak van die destydse gebeure:

“Na Smuts se oorlogsverklaring het die Partysprekers dwarsdeur die land opruiende toesprake gehou teen die oorlogsverklaring. Ons was jonk, ons was Republikeine besiel met die wonderlike gees wat deur die simboliese ossewatrek in ons harte geskep is. Ons moes die daad by die woord voeg. Ons wou nie ons vurige Partyleiers in die steek laat nie. Want, het hulle nie gesê as Smuts ons soldate oor ons grense stuur, hulle dan sal optree nie? En, “Wat aan die O.B. dan wat julle aan my.” Die hele nasionale Afrikanerdom het agter ons gestaan, met sy leiers en sy pers. Ons was onverskrokke, fanaties in ons ywer om ons land te red van die veroweraar en sy Smutse. Ons het dinge begin doen wat wetsgetroue burgers nooit in normale omstandighede sou waag nie.”⁹⁶

Dr. J.F.J. (Hans) van Rensburg, destydse Administrateur van die Vrystaat en die geestelike vader van die OB, vertel in sy herinneringe⁹⁷ van die traumatiese ervaringe wat hy as 'n brigade-bevelvoerder van die Bloemfontein-regiment gehad het. Vanweë foutiewe interpretasie van vae berigte oor die gebeure in die Parlement het hy onmiddellik reëlings getref vir militêre aksie indien onluste dalk ontbrand en die polisie hulp sou benodig. Die gebeure in Kaapstad is as “'n soort van parlementêre staatsgreep” vertolk. Toe sy vrese spoedig blyk ongegrond te wees, het hy sy offisiere verwittig “dat die partytjie afgestel is — vir onbepaalde tyd!”

Enkele jare later het 'n OB-offisier uit Senekal teenoor Van Rensburg getuig dat die reaksie in dié Vrystaatse dorp dieselfde was. Dit was vir Van Rensburg 'n bewys van wat hy bestempel as 'n oorlogspisgose: “die stemming het eenvoudig in die lug gehang”.

Pas hierna het Van Rensburg teenoor mede-offisiere sy pro-Hertzogstandpunt bely maar hom nogtans verbind om as militaris die regering se bevel uit te voer. Daar was net een voorwaarde: hy is nie bereid om op sy eie mense te skiet nie. 'n Week later is Van Rensburg van

sy pos onthef. “Hierdie ontslag, meer as enigiets anders”, getuig Van Rensburg, “het my pad na die Ossewa-Brandwag oopgestel”. Dieselfde geld ook vir baie ander Afrikaners wat hulle spoedig hierna in die geledere van hierdie beweging bevind het.⁹⁸

Toestande net na die Oorlogsdebat het inderdaad 'n plofbare karakter aangeneem. Reeds op 4 en 5 September het pro-oorlogsgroepe hulle te buite gegaan deur geboue van Duitsers te probeer beskadig, en die polisie moes ingryp. Gerugte het spoedig die ronde gedoen dat die regering alle blanke mans sou oproep, wat by sommige Afrikaners die reaksie uitgelok het dat hulle eenvoudig sou weier en eerder doodgeskiet word. Assuransie maatskappye het hulle gedistansieer van die gevolge van 'n moontlike burgeroorlog ...⁹⁹

Voeg hierby die emosionele opwelling onder Afrikaners, soos geïllustreer in die versetbyeenkomste en veral die massa-saamtrek by Monumentkoppie, asook die feit dat die Verenigde Party van Transvaal hom op 12 September met 26 stemme teen 16 agter Hertzog geskaar en dus vir Smuts verwerp het, en dit spreek duidelik dat moeilike tye vir die nuwe regering op hande was. Sy oorlog sou hy nie net op die militêre front nie maar ook op die tuisfront moes voer.¹⁰⁰ En te midde van veel- en spoedeisende voorbereidings om deelname aan die oorlog te implementeer, vaardig hy op 14 September 'n aantal noodregulasies uit en sou hy in die praktyk ongeveer vier maande lank buite-om die parlement regeer.¹⁰¹

Hierdie noodregulasies en Smuts se oorborrelende ywer om aktief oorlog te maak, soos blyk uit sy voorneme om die verdedigingslinie uit te brei na enige plek in Afrika,¹⁰² sou die kwade bloed verder aanwakker. En daardeur is 'n vrugbare akker geskep waarin die latente OB spoedig ongelooflike hoogtes in groei en ondersteuning sou geniet. Die militante aspek in die onderbou van die organisasie sou voortaan baie sterk op die voorgrond staan.

3.3 “Ons het ons gereed gemaak”

In 'n vooruitskouing van die op-hande-synde Parlementsitting het die Britse Hoë Kommissaris op 17 Januarie 1940 die moontlikheid van 'n openlike rebellie nie hoog geag nie. Aanduidings was dat die Opposisie, hoe sterk hulle ook al oor die saak gevoel het, hul ontevredenheid met

die oorlogsbeleid nie anders as langs konstitusionele weë sou stuur nie. In elk geval was daar nie juis persone wat 'n opstand met sukses sou kon lei nie, die minste van almal dr. D.F. Malan, wat deur iemand getipeer is as “not knowing one end of a gun from the other”.¹⁰³

Genl. Smuts was begerig dat dit 'n kort, saaklike sitting moes wees, sodat volle aandag aan die oorlogsdeelname gegee kon word. Die “erfporsie” wat sy voorganger-verdedigingsminister hom nagelaat het, was nie juis iets om oor opgewonde te raak nie, en daar moes inderdaad spoedeisend en handelend opgetree word om die Unie se Verdedigingsmag op 'n parate grondslag te kry.¹⁰⁴ Maar of Smuts se wens vervul sou word, was 'n ander saak — volgens die gevoel van die Britse gesant wat sy inligting onder andere verkry het uit intieme gesprekke met kabinetslede.¹⁰⁵

Inderdaad was dit toe nie so 'n mak en vinnige vergadering as waarop Smuts gehoop het nie. Op 23 Januarie het genl. Hertzog 'n mosie ingedien wat wou hê dat onmiddellike vrede met Duitsland gesluit moes word.¹⁰⁶ Daarmee was die vet in die vuur. Bittere debatte het gevolg, totdat Smuts sy toevlug tot die valbylprosedure geneem en daarmee die besprekings kortgeknip het — tot groot misnoeë van die Nasionale Opposisie. Maar Smuts het hom nie juis daaraan gesteur nie: “But with the good assistance of guillotine passed last week, I shall not be drowned in endless floods of talk. How good is it for Democracy to have some of these weapons captured from the armoury of Autocracy!”¹⁰⁷

Weldra sou Smuts agterkom dat die saak geensins so eenvoudig was nie en sou hy self van tyd tot tyd gekonfronteer word met wapens geleen uit vreemde wapenrustings. In dié proses het die Ossewa-Brandwag soos 'n meteor, wat gedreig het om die bestaande orde omver te werp, aan die politieke-staatkundige lugruim verskyn.

In die motivering vir sy vredesvoorstel het Hertzog gewys op die onnodigheid van oorlogsdeelname, en het hy weer 'n lamsie gebreek vir Duitsland: “Die voortsetting dus van hierdie oorlog teen Duitsland en die Duitse volk is niks anders as 'n misdadig nie, en wel 'n misdadig waardeur internasionale moord en roof verhef en gewettig word tot 'n nasionale deug.”¹⁰⁸

Genl. Smuts was dadelik hierna op die been¹⁰⁹ en het sy verbasing uitgespreek oor “sekerlik die verbasendste toespraak wat nog ooit in

hierdie Parlement gemaak is ... Die vyand is geregverdig op die volkomendste wyse. Daar is niks van hom en niks in sy gedrag wat veroordeel word nie. Die veroordeling is gehou vir hierdie land en vir ons bondgenote ... Vir my was dit asof ek geluister het na 'n hoofstuk uit “Mein Kampf”. Ek glo nie dat Herr Goebbels kon dit beter gedoen het nie.”

In Britse regeringskringe is Hertzog se toespraak bestempel as 'n “remarkable defence of Herr Hitler” en is opgemerk dat Malan nie dié pro-Nazi-sentimente gedeel het nie.¹¹⁰

Nadat hy aangetoon het dat vrede nie in dié stadium moontlik was nie, het Smuts die situasie waarin die land verkeer, só saamgevat: “Daar het dinge gebeur in die laaste vyf maande, daar het vyandighede plaasgevind, ons het ons kus skoon geveeg van vyande, ons het die Duitse verteenwoordigers uit die land gesit.”¹¹¹ Ons het oorlogsmaatreëls geneem, en die Nazi-vriende van agb. lede aan die oorkant is in bewaring gesit ... As daar vandag een bevredigende ding is, dan is dit dat daar stabiliteit in ons land is. Die Unie is meer stabiel as wat hy maande gelede was, en dinge gaan op 'n normale voet voort.”¹¹²

Oswald Pirow, die voormalige Minister van Verdediging, was baie sinies oor Smuts se opmerking dat dinge nou stil en rustig in die land was, teenoor die fluisterkampanje wat sedert 4 September 1939 oor die gevare van 'n staatsgreep gevoer is. “Ons was op die randjie van die afgrond en die huidige Eerste Minister het ons daarvan gered!” Hy het Smuts gedaag om die insinuasie dat hy (Pirow) by so-iets betrokke sou wees, binne of buite die Raad te herhaal.¹¹³

Pirow het ook daarop gewys dat Smuts vroeg in 1939 slegs deur die tussenkoms van Hertzog oorreed kon word om polisieversterkings na Suidwes-Afrika te stuur, en hy het gewonder of Smuts nie dalk werklik 'n noodsituasie wou skep om Suid-Afrika só in die verwagte oorlog te dwing nie.¹¹⁴

Pirow het 'n baie netelige saak aangeroei, naamlik die gerugte dat Suid-Afrika elders in Afrika aan die oorlog gaan deelneem. En waarom word aan lede van die Verdedigingsmag gevra of hulle bereid is om buite Suid-Afrika te gaan veg, of hulle bereid is om hul eie mense te skiet? Dié vrae, sê Pirow, skep die indruk “asof daar iets aan broei is wat 'n sodanige verset sal uitlok dat dit gepaard sal gaan met die onderdruk-

king van onluste.” Hy is nie gekant teen vrywillige deelname in Afrika nie, maar waarsku die Eerste Minister: “... as dit sy oorlogsbeleid is om ’n Nakop te maak van ons noordelike grense, dan wil ek hom waarsku, en ek doen dit met alle verantwoordelikheid, dat hy dan ’n verset sal uitlok wat ver sal gaan buite militêre diensweiering. Ek glo dat, wat die Minister ook al mag doen, die publiek hom konstitusioneel sal gedra, maar ek sê dat as die Minister hom onwettig gedra, dan sal hy hom kan bereid maak vir ’n verset, ’n lydelike verset soos die land nog nie gesien het nie.”¹¹⁵

Die vuurvreter-Nasionalis Eric Louw, met jarelange ervaring van internasionale verhoudinge en diplomatie, het met wreuel verwys na bedekte skimpe dat die Engelssprekendes sou gerebelleer het indien die neutraliteitsvoorstel op 4 September 1939 aanvaar is; daarom is dit tyd om die Britse konneksie te verbreek.¹¹⁶ Louw sou weldra een van die voorste verkondigers word van die leer van vergelding, van die “dag van afrekening” wat wag op Smuts en sy helpers.¹¹⁷

Die beskuldigings van Nazi’s te wees, het die Nasionale leier onomwonde afgewys: as neutraliteit *dit* behels het, was een-en-veertig nasies in die wêreld Nazi-gesind. Hulle wil nie pro-Engels of pro-Frans of pro-Duits wees nie, maar bloot pro-Afrikaans. Malan het dit verder ook gehad oor die regering se interneringsbeleid, oor toestande in die interneringskampe en oor sekere individuele gevalle. Hy het sy rede afgesluit deur te waarsku “... dat dit tyd is dat ’n einde moet kom aan hierdie oorlog, omdat daar reeds ’n aanval, ’n growwe aanval gemaak is op die vryhede van die volk en as ons aangaan en as die Minister meer magte van die Parlement gaan vra, dan sê ek dat dit ’n ramp vir die land gaan beteken.”¹¹⁸

Die Minister van Binnelandse Sake het Malan daaraan herinner dat sy nuwe vriend, Hertzog, hom in 1938 as Nazi-gesind bestempel het. Hy maak gewag van “baie sterk getuienis” dat Malan en sy vriende besig was om die Nazi-spel in die Unie te speel. Lawrence het uitvoerig aangehaal uit ’n brief wat ’n geïnterneerde in 1935 aan Hitler geskryf het en waarin aangetoon is hoedat die Malan-party vir doeleindes van Nazi-propaganda in Suid-Afrika gebruik kon word. Hy het ook aangetoon hoedat die Duitse gesantskapskantore in die Unie vir ondermynende bedrywighede gebruik is.¹¹⁹

Die bitterheid en wantroue wat uit die besprekinge na vore getree het,

was maar ’n voorsmakie van wat sou volg; met die debatsvoering oor Hertzog se vredesmosie is die toneel voorberei vir ’n titaniese stryd waarby ook die Ossewa-Brandwag intens betrek sou word.

In Britse regeringskringe is die Suid-Afrikaanse situasie met groot belangstelling en soms selfs met ’n mate van kommer gadeslaan. Daar was veral groot kommer oor Smuts se posisie, en dit is betwyfel of hy die meerderheid van die volk se steun in hierdie stadium gehad het; ook is toegegee dat slegs Smuts se persoonlikheid in September 1939 verseker het dat Suid-Afrika nie neutraal gebly het nie.

Anders as Suid-Afrikaanse regeringslede het die Britse amptenare ingesien dat Malan nie pro-Duits was nie maar slegs pro-Suid-Afrikaans, en dit was opvallend dat hy nie Hertzog se pro-Nazi sentimente onderskraag het nie.¹²⁰

Op 7 Februarie 1940 het die Tweedelesingsdebat oor die Oorlogsmaatreëls-wysigingswetsontwerp, waarin die regering by monde van Smuts as Minister van Verdediging goedkeuring gevra het vir sekere noodmaatreëls, ’n aanvang geneem. Op die agenda was ekonomiese regulasies, krygsoperasies wat onderneem is en dan ook sekere veiligheidsmaatreëls. Wat laasgenoemde betref, het dit veral gehandel oor die stelsel van internering.

Smuts het uitvoerige besonderhede gegee oor die omvang en aktiwiteite van die Nazi-beweging in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika¹²¹ en ook ’n prentjie geskets van die personeelkorps wat aan die hoof daarvan gestaan het. Inderdaad het feitlik die hele Duitse gesantskap in dié gebied hulle aktief bemoei met die verbreiding van die Nazi-leerstellings en wel onder leiding van die Auslands-Organisasie, ’n buitelandse vleuel van die Duitse Nazi-party.¹²²

Hy het verder aangedui hoedat die Nazi-organisasie noue kontak met sowel die Swarthemde as die Gryshemde gehad het — en Smuts kon nie nalaat om dit as vreemd te bestempel dat een van dié organisasies by die Opposisieparty aangesluit het nie.¹²³ En toe voeg hy by: “Hulle het ook aanknopingspunte gevestig met sekere leiers van die Ossewa-Brandwag-organisasie. Hulle het hulle bes gedoen om ook daarvoor beheer te kry. In watter mate hulle daarin geslaag het, weet ek nie.”¹²⁴

Smuts het natuurlik hierdie opmerking oor die Ossewa-Brandwag ge-

baseer op die verslae en ander inligting wat die regering reeds bekom het. Sekere sinsnedes in sy toespraak toon sterk ooreenkoms met 'n memorandum wat reeds in Oktober 1939 opgestel is.¹²⁵

Salig onbewus van die ondergrondse aktiwiteite van hoofleier Laas, het die Uitvoerende Bestuur van die Hoofraad van die OB binne enkele dae skerp gereageer op Smuts se opmerking in die Volksraad:¹²⁶

“Ons, die lede van die Hoofraad van die Ossewa-Brandwag, neem met verontwaardiging kennis van u aantyging in die Volksraad teen die Ossewa-Brandwag in verband met weerde onderhandelings met Nazi-agente.

“Ons ontken beslis dat daar enige sodanige onderhandelings was, deur of namens ons Raad of die Ossewa-Brandwag-organisasie.

“Met die oog op die herhaalde belasting van die Ossewa-Brandwag in hierdie verband, sou ons 'n geregtelike kommissie van ondersoek of Gekose Komitee van die Volksraad baie hartelik verwelkom, en ons is gereed om voor hierdie Kommissie verklaring af te lê.”

Bogenoemde protesbrief, op die amptelike briefhoof van die beweging, is onderteken deur C.R. Kotzé, D.G. van der Merwe, C.R. Swart en ... J.C. Laas!

Genoemde brief is na die Minister van Justisie deurgestuur, met 'n versoek van Smuts om 'n polisie-rapport oor die saak te verkry.¹²⁷ Presies 'n week later word rapport uitgebring¹²⁸ — op dieselfde dag dat 'n vooraanstaande Nasionalis, mnr. Paul Sauer, in die Volksraad tot die verdediging van die OB toetree.

Sauer het die saak geopper¹²⁹ na aanleiding van Smuts se beskuldiging asook die verklaring wat die Inligtingsbeampte uitgereik het, en waarin spesifiek genoem is dat die OB onderhandelings gevoer het met Herr Stiller, 'n lid van die Duitse gesantskap in die Unie en 'n persoon wat intens gemoeid was met die organisasie van die Nazi-beweging in Suid-Afrika.

Met 'n afskrif van die brief in sy hand en op grond van 'n mondelinge

versoek van die kant van die OB-Hoofraad (waarskynlik via C.R. Swart), was Sauer aan die woord: “Ek wil namens die bestuur van die Ossewa-Brandwag ten sterkste ontken dat daar enige onderhandelings met die Nasionaal-Sosialistiese bewind was. Dit is niks anders as 'n belastering van die goeie naam van die bestuur van die Ossewa-Brandwag nie.”

Hy wys op die eerbaarheid van persone soos ds. Kotzé, mnr. Van der Merwe, kol. Laas en adv. Swart en vra dat hulle 'n kans sal kry om die beskuldigings te weerlê.

In 'n kruisvuur van tussenwerpsels tydens sy toespraak het die Minister van Justisie gesê dat dit in sowel Swart as die OB se eie belange is dat die aantygings teen hulle ondersoek word. Meer wou hy nie in hierdie stadium sê nie.¹³⁰

Soos die Nasionale Afrikanerdom sy OB gehad het as ondersteunende organisasie, so het die Waarheidslegioen 'n stut-funksie vir die regering in sy oorlogsdeelname geword. Van beide kante is met groot skeptisisme en selfs afkeuring gekyk na die rol wat dié stut-organisasies gespeel het. In Maart 1940 is daar veral lewendige debat gevoer oor die Waarheidslegioen en is hierdie “kakieridderbende”, soos Malan hulle genoem het, skerp veroordeel.¹³¹ J.G. Strijdom het onomwonde gesê dat hulle besig was om 'n gees van haat en nyd in Suid-Afrika te ontwikkel soos nog nooit tevore in die land ervaar is nie.¹³²

Strijdom het dit veral gehad teen die argwaan wat geskep word, teen die verdenking wat tussen mense gesaai word en teen die “stories” wat by die regering aangedra word: “Die taak van hierdie waarheidsridders is blykbaar om uit te snuffel alles wat hulle kan kry teenoor Afrikaners en om stories aan te dra.”¹³³

In lyn met sy doelstellings het die OB hom beywer om die Afrikaner se volkstrots te stimuleer, en een van die eerste en beste geleenthede daartoe het hom vroeg in 1940 voorgedaan. Geesdrif vir die OB en geesdrif vir Afrikanereenheid het in hierdie stadium in een stroom saamgevloei. Die OB se oproep aan “die hele Boerevolk” om 'n groot Afrikanerfees te Amajuba by te woon,¹³⁴ het gevolglik wyd aanklank gevind, met as resultaat 'n inspirerende byeenkoms aan die voet van die berg waar die Afrikaner sy grootste oomblikke in die stryd teen Britse oorheersing beleef het.¹³⁵

Ook elders in die land is Amajuba-feeste goed ondersteun, maar vanuit regeringsgeledere en by monde van die Engelstalige pers is bedenkinge en kritiek daarteen uitgespreek.¹³⁶ Die OB het sy beeld by die Afrikaner nog verder verstewig deur die aankoop van die plaas waarop die berg geleë was, maar vir die andersdenkendes was dit “'n doring in die oog.”¹³⁷

Die Amajuba-vieringe het vroeg in Maart 'n nadraai in die Volksraad gehad. Stormagtige tonele het hulle hier afgespeel toe die viering van Afrikanerfeesdae heftige kritiek van regeringslede uitgelok het; van Nasionaalgesinde Afrikanerkant weer is uiterste bedenkinge uitgespreek teen die persoon van kol. Theodore Truter, wat deur regeringsmaatreëls in 'n besondere magsposisie geplaas is en ook bevoeg sou wees om 'n verbod te plaas op die vier van sodanige feesdae.

Mnr. Burnside (Umbilo) het spesifiek verwys na die toesprake by die Amajuba-fees, en hy het “daardie soort van gevaarlike oproerige taal” van die hoofspreeker, wat selfs landswyd deur koerante gerapporteer is, sterk afgekeur. Hy kon ook geen nut sien in die oproepe om die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in herinnering te roep nie en het die hoop uitgespreek dat die regering sulke byeenkomste tydens oorlogstyd sou verbied.¹³⁸

Uit Nasionale Afrikaner-geledere is dié houding skerp gekritiseer, en daar is gemeen dat doelbewus gepoog sou word om die Afrikaner sy reg te ontnem om sy geskiedenis te herdenk.

Ds. S.W. Naudé (Potgietersrust) se gevoel was: “Dank God vir Majuba”. En hy het die beswaarmakers gewaarsku dat hulle voor 'n tweede Amajuba staan ...¹³⁹ Mnr. Gerhard Bekker (Cradock) weer, was baie beslis: “Al die verdrukking en die regulasies en die Gestapo-metodes sal nie die siel van die Afrikaner verander nie. Elke poging wat hier gemaak word om ons seer te maak, is 'n spyker in die doodskeel van die Imperialisme.”¹⁴⁰

Dit is interessant dat ook Eric Louw (Beaufort-Wes) in sy kritiek op die interneringsbeleid verwys het na “hierdie Nazi-regering”.¹⁴¹ Ook die LV vir Ventersdorp, kol. Jacob Wilkens, het verwys na die voortdurende beskuldigings wat teen hulle hoofde geslinger is: “Dit lyk vir my sodra jy eg pro-Afrikaans is, is jy 'n Nazi. As jy heel moontlik anti-Joods is, is jy 'n Nazi. As jy anti-Imperialisties is, is jy 'n Nazi.”¹⁴²

Op 8 April het mnr. F.T. Howarth, die VP-lid vir Rosettenville, weer die aandag op die OB gevestig. Hy het dr. Malan daarop gewys dat hy (Malan) nou in bondgenootskap is met 'n man (Hertzog) wat enkele maande tevore nog 'n toespraak gewy het aan 'n kwaai aanval op die Broederbond en die Ossewa-Brandwag. Hy herinner Hertzog daaraan dat hy in 1939 'n wetsontwerp voorberei het om orde en veiligheid in Suid-Afrika te handhaaf, en dat dit bedoel was om die bedrywighede van die Malanpers, die Broederbond en die OB te beteuel. Howarth wys daarop dat “'n hele aantal” Nasionale LV's aan dié twee bewegings behoort, en verwys dan spesifiek na die OB se simbool of wapen. Die arend as simbool is dieselfde as dié van die Nazi-vertegenwoordiger wat vroeër in die galery van die Volksraad gesit het. Howarth het verder beweer dat die OB-wapens in Duitsland vervaardig en toe na Suid-Afrika gebring en aan die OB verskaf is. Hy sluit sy toespraak só af: “Ek dring by die Eerste Minister, wat ook Minister van Verdediging is, daarop aan dat hy hierdie organisasies moet onderdruk ... Ek vra die Eerste Minister om op daadwerklike wyse met hierdie organisasies af te reken.”¹⁴³

In April 1940 het die Administrateur van die Vrystaat, dr. J.F.J. van Rensburg, se houding en optrede in die Volksraad onder die soeklig gekom. Dit was na aanleiding van 'n toespraak wat hy op 9 April te Kroonstad voor 'n Reddingsdaadbondbyeenkoms gelewer het, en waarin hy onder andere die Afrikaner se posisie in die handel van nader beskou het.¹⁴⁴ Hierdie toespraak is ook oor die Duitse radio-omroep Zeesen vermeld.¹⁴⁵ Mnr. J.S. Marwick (VP, Illovo) het op sy beurt die aandag gevestig op dr. Hans van Rensburg se toespraak te Stellenbosch enkele jare tevore, toe hy Nazi-leerstelling verkondig het. Marwick verwys dan na Van Rensburg se gretigheid “om in die land rond te bons as 'n soort pro-Consul van Hitler om 'n ondermynende leer te verkondig ...”¹⁴⁶

Marwick het daarmee die aandag gevestig op 'n verslag van Van Rensburg se toespraak, soos dit destyds (April 1937) in 'n Kaapse Engelstalige dagblad verskyn het.¹⁴⁷ Uitlatinge wat in dié verslag gepubliseer is en wat as beskuldigings van Nazi-gesindheid teen hom gehou is, is nou deur Van Rensburg ontken — eers in 'n koerantverslag¹⁴⁸ en daarna aan die Minister van Justisie.¹⁴⁹

Ongeveer dieselfde tyd was daar skynbaar 'n beweging, geïnisieer vanuit Transvaalse OB-geledere, om Van Rensburg te oorreed om leiding en raad aan die beweging te gee, veral vanweë bedenkinge oor die rol van kol. Laas.¹⁵⁰ Van Rensburg wou nie aan die oproep gehoor

gee nie, maar hy was wel bereid om op 'n persoonlike basis advies te verleen aan mnr. Abraham (Apie) Spies, 'n intieme vriend en voormalige klerk in sy administrasie. Spies was in dié stadium organiseerder van die OB in Transvaal.¹⁵¹ In sy herinneringe etlike dekades later het 'n oud-OB dié stellige versekering gegee: "Ek kan vir julle sê: K.G. het volle mag oor die hele Ossewa-Brandweg gehad voordat hy K.G. geword het. Deur Abraham Spies en deur sy mense het hulle eintlik die hele O.B. geregeer."¹⁵²

Einde Mei 1940 word etlike prominente OB-lede geïnterneer en het die Hoofbestuur van die OB dit nodig gevind om sy stem dik te maak.¹⁵³ Die fokus is nou weer skerp ingestel op die interneringsbeleid, en M.C. de Wet Nel, 'n OB-lid, het die saak in die Transvaalse Provinsiale Raad te berde gebring.¹⁵⁴ Uit studentegeledere¹⁵⁵ en ook van die kant van die Afrikaanse Nasionale Studentebond¹⁵⁶ is sterk beswaar gemaak.

Nasionale politici was in hierdie tyd besonder bedrywig en het 'n volgehoue stryd teen Smuts en oorlogsdeelname gevoer. Te Porterville beskuldig Malan vir Smuts van 'n misdaad teen Suid-Afrika, en pleit hy vir die vervanging van die huidige skrikbewind met 'n vredesbewind.¹⁵⁷ Onmiddellike vredesluiting, die totstandkoming van 'n republiek en die afsny van die Britse bande is as die enigste heil voorgelê. Daar was dringende haas, het Malan gesê: die keuse was of 'n republiek of Hitler.¹⁵⁸

Ook dr. Hans van Rensburg laat van hom hoor, as hy sê dat die Afrikaner tot hoër dinge ontwaak het.¹⁵⁹

In Europa het die Geallieerdes teen die helfte van 1940 in 'n benarde situasie verkeer, terwyl die Duitse leërs in Europa besig was om alles voor hulle weg te vee. In April is Noorweë en Denemarke ingeneem, vroeg in Mei word Nederland en België oorrampel, en Britse magte slaag ternaouernood daarin om 'n ramp by Duinkerken af te weer. In Junie tree Italië aan Duitse kant tot die oorlog toe, en pas hierna swig die Franse hoofstad, Parys, voor die oprukkende Duitse magte.¹⁶⁰

Die Duitse oorrampeling van Nederland het veral die bande tussen die Afrikaners en stamland Nederland aan groot spanninge onderwerp. Van Nederlandse kant is die gebrek aan simpatie met hul lot sterk aan gevoel en is gehoop dat dit slegs 'n tydelike verskynsel sou wees, 'n "gevolg van een tijdelijk verlies van evenwicht en van een wegvallen van gevoel

voor maat, proportie en perspectief." Daar was tekens dat baie "oude Transvalers" begin besef het "dat zij zullen moeten kiezen tusschen de Nazi-praktijken en de groote menselijke waarden waarvoor wij ten slotte staan."¹⁶¹

Volgens dié waarnemer was die Afrikaners verdeel in drie groepe: dié wat wens dat Hitler sou wen, sodat Suid-Afrika 'n republiek kon word; dié wat 'n Hitler-oorwinning vrees, omdat dit Duitse oorheersing sou bring; en derdens, 'n klein groepie wat laasgenoemde uitweg selfs bekeer. 'n Oordeel oor die Afrikaner moet egter getemper word deur dié vraag wat aan hom gestel word: sal die Nederlanders, selfs na veertig jaar, die Duitsers vergewe vir die inval in Nederland?

In hierdie donkerste uur van die Geallieerdes tydens die Tweede Wêreldoorlog was Smuts terdeë bewus van die feit dat tienduizende mede-Afrikaners aand na aand aan hul radiotoestelle gekluister gesit en met angsvallige verwagting na die uitsendings van Radio Zeesen vanuit Duitsland geluister het.¹⁶² Middel Junie nader hy vir Hertzog per brief, met die oog op 'n politieke vrede waartydens politieke byeenkomste en perspropaganda wat tot verbittering aanleiding gee, gestaak sou word — maar met die wete dat die regering steeds aan die oorlog sou deelneem en 'n plig het om wet en orde te handhaaf.¹⁶³

Hertzog was nog steeds bitter en verwykend omdat Smuts die Unie in die oorlog ingesleep het en het eerder om onmiddellike vredesluiting gevra. Die oorlog was tog hopeloos verlore, sê Hertzog, en hy rig 'n waarskuwing tot Smuts: "Soals die gevoel reeds vandag is, kan enige verdere dwangmaatreël vir die voer van die oorlog, die aanleidende oorsaak wees van verreikende onluste onder die bevolking, die verantwoordelijkheid waarvoor alleen die regering moet dra."¹⁶⁴

Smuts het hom nie laat afdreig nie: "It is to be hoped that the party leaders whom you refer to will realize their responsibility towards the people, and will avoid situations whereby the people may be involved in calamity through party political propaganda and mass protests, for which the main responsibility will rest on the leaders." Hy verseker Hertzog dat die regering wet en orde sal handhaaf, met al die wetlike, konstitusionele magte ter beskikking.¹⁶⁵

Vanuit Britse regeringskringe is die situasie in Suid-Afrika met toenemende kommer gadeslaan. In April 1940 word in amptelike

Britse dokumente gewag gemaak van die herstigting van die Handhawersbond, nou op semi-militêre lees geskoei en met die vereiste dat lede “men of steel” en nie “milksofs” nie moes wees. Die Hoë Kommissaris berig verder dat ’n Kaapse Engelstalige koerant die beweging as “Storm Troopers of the Nationalists” bestempel het.¹⁶⁶

Waarskynlik gedagtig aan die onoortuigende wyse waarop Smuts in September 1939 aan bewind gekom het, is daar in hierdie tyd van Britse kant gevis of daar ’n moontlikheid was dat die Nasionale Opposisie die bewind sou kon oorneem.¹⁶⁷ Dit sou meebring dat vrede met Duitsland gesluit, neutraliteit verklaar en die Simonstadooreenkoms opgesê sou word. Hulle is deur Louis Esselen, Smuts se vertroueling en politieke regterhand, gerus gestel: dit is Smuts se beleid om die drie opponerende groepe teen mekaar af te speel en daardeur die moontlikheid van ’n bewindsoorname te verminder. Indien dit desnieteenstaande tog sou gebeur, het Esselen bygevoeg, dan sou Brittanje om hulp versoek word en was die Verenigde Party bereid om in ’n burgeroorlog betrokke te raak.¹⁶⁸

Teen hierdie tyd het gevoelens gevaarlik hoog begin loop. Verhoudinge tussen die pro- en anti-oorloggesindes het by die dag versleg en is in ’n baie groot mate deur die wel en weë van die oorlogvoerendes op die slagvelde daar ver beïnvloed. Dr. Malan het “volksorganisasie” bepleit ten einde vyandige organisasies, die “onnasionale” en “anti-nasionale” elemente, te bestry.¹⁶⁹ Nie eens die Duitse oorrumpeling van Nederland en België kon die Nasionale Afrikaners laat weifel in hul eis om neutraal te bly nie.¹⁷⁰ In Junie word ’n beroep op Smuts gedoen om die oorlog te beëindig en word die stigting van waaksaamheidskomitees aangemoedig ten einde die uitbuiting en vervolging van Afrikaners deur oorlogsgesinde persone en instansies te voorkom en te vergeld.¹⁷¹

In hierdie stadium het daar roering in Nasionale geledere gekom. Oral in die land is protesvergaderings gehou en is geëis dat Smuts bedank en dat die oorlog stopgesit moes word. Deurlopend op hierdie byeenkomste was die boodskap dat daar ’n dag van afrekening moes kom.¹⁷² In hierdie tyd vind ook nog ’n reuse-optog van vroue in Voortrekkerdrag plaas, by die Uniegebou in Pretoria, om verdere ondersteuning aan die anti-oorlogskampanje te verleen.¹⁷³ En op 24 Junie verskyn ’n gesamentlike verklaring van Hertzog en Malan, waarin hulle steeds en ernstig op vredesluiting aandring.¹⁷⁴

In Kaapland word ’n sogenaamde Volkskomitee in die lewe geroep, om die belange van die Afrikaner te beskerm;¹⁷⁵ die Afrikaanse Kultuurraad besluit om ’n noodlenigingsfonds in te stel ten einde vervolgte Afrikaners te help;¹⁷⁶ die Ossewa-Brandwag in Transvaal stig ’n Komitee van Aksie;¹⁷⁷ geweldige kritiek word op die Polisie uitgespreek weens die hardhandige behandeling van gevangenes toe daar vroeg in Julie probleme in die Baviaanspoort-interneringskamp ontwikkel.¹⁷⁸ Te Bloemfontein verklaar Oswald Pirow dat slegs ’n republiek die blanke beskawing in Suid-Afrika sal red.¹⁷⁹ ’n Tydjie later, in Augustus, stig die Nasionale Party ’n sogenaamde Krisiskomitee, synde ’n klein komitee om vinnige en oorwoë optrede van party-kant moontlik te maak.¹⁸⁰

Die onrus in regeringsgeledere het duidelik toegeneem namate die Geallieerdes aan die retireer en die Afrikaner-Opposisie meer en meer uitdagend en selfversekerd begin word het. In Junie 1940 het Smuts dit nodig geag om alle wapens en ammunisie in te vorder, oënskynlik met die oog op oorlogvoering maar onderliggend ongetwyfeld as voorsorgmaatreël teen ’n moontlike opstand.¹⁸¹ Hierdie optrede het verdere verset en baie bitterheid tot gevolg gehad, soos later sou blyk uit besprekinge in die Volksraad.

Hoewel dit moeilik was om vas te stel wat presies aan die gang was, is in Nederlandse diplomatieke kringe ’n vrees vir burgeroorlog by die regering waargeneem. Internerings gaan voort maar nie op groot skaal nie, uit vrees om martelare te maak en teenreaksie uit te lok. Die minderheid, sê die Nederlandse gesant, is verbete en fanatiek.¹⁸²

Twee weke later, met meer internerings en die verpligte inlewering van gewere, lui dit: “Het gaat hard tegen hard.”¹⁸³

’n Nederlander in Johannesburg noem dit “treurig maar waar” dat ’n groep vroue die Afrikanertradisies kon ontheilig in hul optog om vredesluiting met Hitler te eis; en as hy getuie moet wees hoedat ’n kind in die Hervormde Kerk “Adolf Hitler” gedoop word, noem hy dit “’n vreemde wêreld”.¹⁸⁴

Op 20 Julie 1940 vergader 70 000 Afrikaners rondom die Vrouemonument in Bloemfontein in ’n massale republikeinse volksbetoging, in ’n poging om rigting en leiding te gee betreffende die verwesenliking van die republikeinse ideaal. Die doel hiervan was om die Nasionale leiers te dwing om leiding te neem as amptelike Opposisie en “namens die

volk” ’n republiek te eis.¹⁸⁵ Ook die OB het sy rol hierin gespeel, hoewel skynbaar van geringe omvang.¹⁸⁶

Reeds voor dié byeenkoms het genl. Hertzog hom daarvan gedistansieer, en daarmee het die paaie van hom en die ander Nasionaliste begin skei. Dr. Malan het dit nodig gevind om in hierdie stadium ’n ernstige waarskuwing te laat hoor, naamlik dat geweld nie gebruik moes word om ’n republiek te kry nie. Dit sou net in die vyand se kraam pas.¹⁸⁷ ’n Paar dae later herhaal Eric Louw, een van die vurigste republikeine in Nasionale geledere, hierdie waarskuwing.¹⁸⁸

Na afloop van die republikeinse volksbetoging in Bloemfontein en blykbaar beïndruk deur die impak daarvan, het dr. Malan sy oproep om volksorganisasie herhaal en gestel dat dit selfs buite die terrein van die politieke party om kon geskied — mits elkeen hom op sy terrein hou. Hierdie nie-politieke organisasie waarop dr. Malan gedoel het, was die Ossewa-Brandwag.¹⁸⁹

Sedert Malan se verklaring is ’n massiewe reklameveldtog ten gunste van die OB geloods en was dit veral die organiserende sekretaris van die Kaaplandse Nasionale Party, P.W. Botha, wat die voortou geneem het. Byna drie maande lank was hy en ander Party-voormanne opsigtelik prominent op stigtingsvergaderings van OB-takke.¹⁹⁰ Hierdie tendense is landswyd geopenbaar en bereik ’n hoogtepunt by die NP-kongres te Cradock in Oktober 1940. Dáár loof Malan die OB en sê “dat daar geen organisasie is wat in so ’n korte tyd so beslag gelê het op die hart van die volk nie.”¹⁹¹

Te midde van al hierdie woelinge is beskuldigings woes oor en weer gegooi. So byvoorbeeld het die vurige oud-Unionis Leslie Blackwell gesê dat die republikeinse strewe nog ’n bloedbad tot gevolg sou hê.¹⁹² Die ewe vurige Eric Louw het blitsig gereageer, Blackwell se uittartende dreigemente gelaak en die wegneem van hul gewere bestempel as die “grootste belediging” wat die Afrikaners nog aangedoen is. “Gen. Smuts is bekommerd,” sê hy, “maar een keer te veel is ons uitgetart. Dit lyk asof hy nou die dag van afrekening wil voorkom, maar ons gaan afreken! (Toejuiging),” Louw wys egter terselfdertyd daarop dat die situasie net so ernstig sou wees as Duitsland die oorlog wen, en daarom behoort daar “nou” vrede gemaak te word. Maar eers moet Smuts padgee.¹⁹³

En terwyl die politici vanaf openbare verhoë die stryd gevoer en gevoelens teen die regering tot breekpunt toe opgesweepte het, het hier en daar ’n vlammetjie begin uitlaan. In Kaapstad was die daaglikse twee-minute pouse, as gebaar jeens die Britse vors en die oorlogspoging, ’n bron van groot onmin en periodieke uitbarstings. Vlakby, te Stellenbosch, het gevegte tussen Blankes en Kleurlinge uitgebreek; die Burger-gebou in Keeromstraat is beskadig deur oproeriges, en op Potchefstroom het studente en soldate slaags geraak.¹⁹⁴ Sporadies het ’n tuisgemaakte bom ontplof.¹⁹⁵ Volgens Nederlandse gesant, Van Lennep, kon die Opposisieleiers nie nou hul hande in onskuld was nie: “Zij hebben wind gezaaid en oogsten nu storm.”¹⁹⁶

In Augustus 1940 kom die Unie-Volksraad vir die tweede keer dié jaar byeen. Op 29 Augustus dien genl. Hertzog weer ’n mosie in wat vra dat vrede onmiddellik met Duitsland en Italië gesluit sou word.¹⁹⁷ Hy waarsku ernstig “dat as dit veel langer gedoo word dat op hierdie wyse met die misbruik van die regte en vryhede van die Afrikanervolk ongestraf voortgegaan word, geen krag, geen mag, geen gesag, van waar ook, in staat sal wees om te belet dat deur die volk van Suid-Afrika aan sy wanbestuurders ’n voorbeeld gestel word wat deur alle tye heen in die geskiedenis van die Afrikanerdom sal weergalm.

“Bo al is dit tyd dat die Eerste Minister en sy Regering hierdie waarskuwing ter harte neem ... Die woede van ’n volk, regmatig ontstoke, is op die duur nog steeds geblyk magtiger te wees dan die wapen van die onderdrukker. En daardie woede van die Afrikanervolk, aangewakker deur dié van dag tot dag in sy weerloosheid op hom gepleegde dade van geweld en vernedering, is reeds aan die gis. Daar sal nie nog veel insidente van die Potchefstroomse of Adderleystraatse soort wees nie, of dit sal bruis. En daarop sal die ontnugtering volg! ... Wie is daar wat, ná wat reeds gebeur het te Potchefstroom, Kaapstad en elders, nog kan twyfel dat die regering reeds in ’n toestand van magteloosheid verkeer teenoor hierdie soort geweldpleging? En waar die Regering in sy plig tekort skiet, wie sal belet dat daardie volk self ingryp? Wie sal dit durf te belet?”

Hertzog sê dat “ons vandag te staan gekom het aan die rand van die afgrond”, herhaal sy vredesberoep aan die einde van sy toespraak en sluit af met ’n waarskuwing aan Smuts se adres: “Hoe geduldig en verdraagsaam ’n volk ook mag wees, daar is by elke volk, en so ook by die Afrikaner, ’n maat waarbo hy nie langer kan dra en ook nie langer

sal duld nie; en wanneer hierdie maat vol is, sal die Eerste Minister met sy Regering alles moet dra wat daar te dra val, of hy dit al wil duld of nie!”

Kort voordat hierdie verklaring uitgevaardig is, het dr. J.F.J. van Rensburg, Administrateur van die Vrystaat, verskeie besoeke aan genl. Hertzog gebring.¹⁹⁸

Op Woensdag 4 September het die Oorlogsmaatreëls-wysigingswetsontwerp sy Tweedelesingsfase binnegegaan. Smuts as Minister van Verdediging het gemotiveer: “Ek het gedink ons kan klaar-kom met die bestaande noodregulasies wat goedgekeur was, maar nie lank na die Parlementsitting nie het dit geblyk dat in hierdie abnormale tye sake so vinnig ontwikkel dat daardeur telkens nuwe situasies ontstaan, sodat dit feitlik onmoontlik is om sonder spesiale magte en onder die gewone wetgewing te regeer.”¹⁹⁹

Maar, antwoord hy op ’n vraag, hy het nie krygswet nodig geag nie, omdat toestande nog nie ondraaglik is nie; in die algemeen heers daar ’n bevredigende situasie.²⁰⁰

Hertzog was steeds skerp en het die wetsontwerp beskryf as “een wat alleen kon geïnspireerd gewees het deur ’n gemoedstoestand van paniek.”²⁰¹

In die debat het dit veral gehandel oor die opkommandering van gewere, die sogenaamde Rooi Eed, internerings, die verbod op die dra van uniforms en kentekens²⁰² en oor die onderskeie relletjies op burgerlike vlak. Teenoor die gewone kwota beskuldigings vanuit Opposisiegeledere, het regeringslede probeer wal gooi. Lt.-kol. Kalie Rood (Vereeniging) het in dié verband sterk standpunt ingeneem:

“Maar as die politiek in ons land so ver gedryf word dat mense, ter wille van ’n politieke oorwinning te behaal, in tyd van oorlog hul land benadeel en in gevaar bring, dan sê ek dat ons geen reg het om toe te laat dat daardie soort ding voortgaan nie ... ons durf nie toelaat dat hier dinge in ons land aangaan wat ons militêre mag sal ondermyn met die gevolg dat ons miskien op die oorlogsveld verliese sal ly ... ons mag nie hier dinge toelaat wat ons strydmagte in nodelose gevaar bring nie.”

Rood het die skuldiges pertinent uitgewys: die Broederbond, die Ossewa-Brandwag, die Handhawersbond. Hy verwys na hul

sogenaamde kulturele aard en sê dan ten opsigte van die OB en die Handhawersbond: “Hierdie organisasies is nie een meer politieke organisasies nie, hulle het Nazi-bewegings geword,” aanhangsels van vreemde bewegings en elemente.

Rood het ook skerp te velde getrek teen die atmosfeer wat deur Opposisiesprekers se toesprake en deur die sogenaamde protesvergaderings geskep is; daar word dinge gesê en gehoor wat ongehoord is, en swakkele wat dit aanhoor, doen dan dinge wat onwettig is en waarvoor hulle in die tronke beland.²⁰³ In hierdie siening is hy sterk ondersteun deur mev. Bertha Solomon (VP, Jeppe),²⁰⁴ terwyl mnr. George Sutter (Springs) na Opposisielede se toesprake die voorafgaande jaar in die Raad verwys het as “niks anders as ’n weerklank van die stem van Goebbels, die verderflike propaganda van Zeesen.”²⁰⁵ Mnr. Louw Steytler (Albert) het ook verwys na die misleiding van “eerbare manne” deur “voorbanks aan die oorkant” en glo dat die opkommandering van gewere ’n rebellie afgeweer het.²⁰⁶

Adv. F.C. Erasmus het van Nasionale kant gereageer en, hoewel self nie lid nie, die OB se militêre grondslag, eed en wapen verdedig. Hy is nie deur die OB gevra om dit te doen nie, sê hy, maar hy doen dit bloot “omdat dit ’n Afrikaanse beweging is en ’n beweging van aansien wat goeie werk doen.”²⁰⁷

Mnr. G.P. Steyn (Willowmore) het ’n betekenisvolle uiteensetting van die situasie gegee. Die gewerekwessie toon dat die premier bang was vir ’n opstand, maar: “Ek kan hom die versekering gee dat die Afrikaner nie sal rebelleer nie. Hy het meer verstand as dit, as om sy heil te soek deur die wapen op te neem. Hy het iets beters om te gebruik, en hy sal dit gebruik wanneer die geleentheid kom.” Oor die beskuldigings dat die Opposisie wil hê dat Duitsland moet wen, sê hy nee, dit maak nie saak wie wen nie, solank Suid-Afrika net wen: “... ons is nie pro-Duits nie, maar ons is ook nie pro-Engels nie. Ons is pro-Afrikaans ...”²⁰⁸

En as ’n nagedagte voeg hy by dat die Nasionale Party en die OB bo die grond werk.²⁰⁹ Ook mnr. G.P. Brits (Losberg) tree in die bres vir die genoemde bewegings en sê dat hulle seker nie Nazigesind is nie, dat daar niks “onderaards” plaasvind nie.²¹⁰

In die Komiteestadium van die wetsontwerp is swaarde verder gekruis

en is oor en weer beskuldigings gemaak van ophitsery.²¹¹ In hierdie stadium het Eric Louw namens die Kaaplandse OB 'n verklaring gedoen te dien effekte dat die OB nie as 'n ondermynende beweging beskou hoef te word nie. Die OB duld nie onverantwoordelike optrede in sy geledere nie, en wat betref die doel en werksaamhede, het die bestuur van die OB reeds aan Smuts die versekering gegee “dat dit niks hoegenaamd insluit wat geheim is of nie vir u insae beskikbaar is nie.”²¹²

'n Rukkie later het Louw skepties gestaan teenoor bewerings dat plofstof by OB's aan die Rand gevind is en het hy Minister Lawrence kwalik geneem omdat hy “op 'n uittartende manier bewerings maak wat alleen op gissings gebaseer is ...”²¹³

Ook dr. Frikkie Boltman (Colesberg) het vir die OB in die bresse getree, naamlik dat dit nie 'n ondergrondse beweging was nie.²¹⁴

In dié debat het Smuts aangetoon dat hy lankmoedig en verdraagsaam was, maar dat hy nie sou aarsel om die nuwe magte te gebruik indien en wanneer dit in landsbelang nodig is nie.²¹⁵ Malan het in antwoord ook van sy kant gedreig: “Die dag sal kom dat die volk hom tot verantwoording sal roep, en as hy kan dreig, dan dreig ons ook van ons kant. Hy sal tot verantwoording geroep word vir al sy wandade en hy sal daarvoor moet boet.”²¹⁶

In Desember 1940 tree Eric Louw in sy kiesafdeling sterk in die bresse vir die OB: “Die OB word uitgeskel en gedreig deur genl. Smuts en grootman Harry Lawrence, maar hy sal koers hou. Die Smuts Regering sal nie daarin slaag om die OB dood te maak nie.”²¹⁷

Terwyl die woordesryd so fel gewoed het, is daar in sekere OB-kringe vir aksie voorberei. By verskeie geleenthede is geheime oefenkampe deur die polisie dopgehou.²¹⁸ In September 1940 het OB-optrede teen 'n verraaiër daartoe gelei dat 'n klopjag op OB-kantore in Johannesburg gedoen is.²¹⁹ Uit dokumente waarop beslag gelê is, het dit geblyk dat onder andere revolusie beoog en Duitse hulp gesoek is.²²⁰ Dit het na afloop van die oorlog duidelik geword dat die OB vir die eerste keer vroeg in Augustus met Duitsland kontak gemaak het, toe 'n ongenoemde boodskapper by die Duitse Konsulaat te Lourenço Marques gearriveer het met 'n OB-plan vir rebellie en 'n versoek om Duitse bystand.²²¹

George Cloete Visser, wat later intens gemoeid was met die ondersoek na ondermynende bedrywighede, vat saam: “The documents clearly pointed to the fact that plans were being prepared for an armed rising with the object of overthrowing the government in power. It was also obvious that the O.B. was not only anti-British and anti-Government, but favoured the enemy.”²²²

'n Oud-OB stel dit later só: “Ons het daar in Twyfelpoort in die kloue gedril asof ons mal was. Ons het gereeld bymekaargekom en ons het daar gedril met gewere en perde en alles. Ons het ons gereed gemaak. As daar moeilikheid sou kom, moes ons gereed wees.”²²³

Berigte van dril oefeninge het al hoe meer begin deursypel, en die OB se naam is onomwonde daaraan gekoppel.²²⁴ Hier en daar is sabotasiedade en vermeende sabotasiedade gepleeg en was dit maar weer die OB na wie vinger gewys sou word. Van regeringskant is met toenemende kommer na die OB gekyk, terwyl agter die skerms en in die geheim alles moontlik gedoen is om die vinger op die pols te hou. Verskeie klopjagte op OB-kwartiere is uitgevoer, waartydens waardevolle inligting bekom is. Rapporte en verslae oor OB-aktiwiteite het skynbaar in groot getalle binne die regeringsopset hul beslag gekry, en van tyd tot tyd is hierdie inligting ter tafel gelê, beredeneer en die modus operandi dan bepaal. Van beide kante is sporadies deurbrake en suksesse genoteer, sodat die stryd van die OB teen die “Oorlogsregering” met-tertyd die karakter van 'n spannende skaakspel aangeneem het.

In die hoogste raadsaal, die Grootraad, word in hierdie stadium²²⁵ ontslae geraak van 'n omstrede hoofleier wie se naam gekoppel is aan die ondermynende bedrywighede.²²⁶ En ewe niksvermoedend neem die Grootraad in Oktober 1940 nog 'n besluit dat dril oefeninge bloot net bedoel was “sodat lede in behoorlike gelid kan stap” en dat dit vir die polisie oopgestel moes word.²²⁷

Onderhandelings word deur sekere persone gevoer om dr. Hans van Rensburg aan die hoof van die OB te stel.²²⁸ Hy laat hom dit welgeval, en op Nuwejaarsdag 1941 aanvaar hy sy nuwe pos met die verduideliking dat die militêr-politieke situasie in die Unie die beweegrede daartoe was.²²⁹ Hy verwoord sy destydse gevoel so: “Alles was in die skadu van Duinkerke; Pole en Frankryk is oorrompel. Brittanje staan alleen — en staan vas! Maar as Brittanje ook moet stort — en dit was menslikerwyse gesproke alles behalwe onmoontlik — sou wanordelikhede

en opstande welig in baie dele van die Ryk kon plaasvind ... Ons kon aanneem dat Suid-Afrika ook nie sommer so fluit-fluit in een of ander vergete naweek van bondstaat na republiek sou verander nie. Hierdie organisasie, wat my nader om die leiding oor te neem, verteenwoordig die gemobiliseerde geledere van die republikeinse Afrikanerdom ..."²³⁰

Op 15 Januarie 1941 is dr. Van Rensburg as kommandant-generaal van die OB ingehuldig.²³¹

Kort hierna het dr. Malan en die Nasionale Party begin terugkrabbel, totdat dit op 'n openlike breuk tussen die Party en die OB in Augustus 1941 uitgeloop het. 'n Bittere, uitgerekte stryd tussen die twee Afrikanergroepe het nou gevolg,²³² 'n stryd waarin die openlik aktivistiese karakter wat die OB spoedig sou aanneem, 'n baie belangrike rol gespeel het.

Intussen het die Stormjaer-beweging sy beslag gekry²³³ en, soos die OB vroeër, 'n skouspelagtige oplewing beleef — 'n oplewing wat ongetwyfeld verband hou met die wel en weë van die oorlogvoerende lande oorsee maar ook met die sterk politieke uitsprake en verset teen die Smutsregering.

Die jare 1941–1942 staan in die teken van sabotasie en ondergrondse bedrywighede van ongekende omvang, en van strenger maatreëls en optrede van owerheidsweë ten opsigte van hierdie beweging. Die voortgesette aktivistiese verset het veral van Stormjaer-kant gekom.

3.4 Stormjaers: “Suurdeeg van aktivisme”

“Die suurdeeg van aktivisme in die OB was die Stormjaerorganisasie.”

- dr. J.F.J. van Rensburg²³⁴

“Just as the German Nazi Party had the Schutz Staffel (SS), so had the Ossewabrandwag the Stormjaers ready to storm forward as their militant action front when the time seemed ripe.”

- G.C. Visser²³⁵

Historici oor 'n wye front is dit met mekaar eens dat die para-militêre vleuel van die Nazi-party, die “Stürmabteilungen” of Stormtroepe (SA), 'n groot rol gespeel het in die bewindsaanvaarding en die konsolide-

ring van die Hitler-heerskappy.²³⁶ Dit was die SA wat substansie verleen het aan die radikale, aktivistiese, anti-Marxistiese en anti-parlementêre inslag van die Nasionaal-Sosialistiese Duitse Arbeidersparty (NSDAP). Die konvensionele politieke partye was te passief, het nie meer die verbeelding aangegryp nie. In die plek daarvan is gestel die toegewyde Stormtroepe wat bereid was om goed en bloed vir *die saak* op te offer.²³⁷

Die SA het onder leiding van kaptein Röhm ontwikkel as 'n soort private leër vir die Nazi-party. Rondom Hitler en as sy lyfwag het mettertyd 'n klein kerngroepie versamel, as die Party se private “strong-arm squad”. Teen 1923 het hierdie afdeling, bekend as “Stosstrupp Hitler”, 'n ledetal van vyftig getel — maar steeds as onder-afdeling van Röhm se SA.²³⁸

Na 'n mislukte staatsgreep in November 1923 het Hitler in 1925 nie net die Party gereorganiseer nie, maar ook 'n nuwe wag-afdeling gestig, naamlik die “Schutz Staffeln” (SS). IN 1926 het Himmler as tweede-in-bevel en vanaf 1929 as leier van die SS gefigureer. Die SS, wat bestaan het uit uitgesoekte manne, het 'n besondere posisie beklee: “... the black uniformed SS could be said to outrank Röhm's brownshirts in the way a Roman Emperor's Praetorian Guard outranked the Roman legions”.²³⁹

Teen die middel-dertigerjare het Röhm en ander leiers van die SA by Hitler in onguns verval en is hulle uitgeskakel. Dit het die SS net verder versterk.²⁴⁰

Dit is reeds aangetoon dat die OB sy ideologie nie net op die Afrikaanse denktradisie nie, maar ook op die Fascisme en die Nasionaal-Sosialisme van die tyd gegrond het.²⁴¹ Dit kan gevolglik geredelik aanvaar word dat ook die Stormjaer-beweging as sodanig minstens indirek deur die Duitse model geïnspireer is.

Inderdaad het die idee van uitgesoekte kerngroepies om rigting en stimulus aan 'n beweging te gee, ook in die politieke warboel van die dertigerjare by etlike politieke organisasies in die Unie posgevat. Die eerste en beste voorbeeld was die sogenaamde Gryshemp-beweging van L.T. Weichardt wat in die Eerste Wêreldoorlog aan Duitse kant geveg het.²⁴² Binne hierdie beweging, wat einde 1933 sy beslag gekry het as die Suid-

Afrikaanse Christelike Nasionaal-Sosialistiese Beweging,²⁴³ het die sogenaamde geüniformeerde Gryshemde die speerpunt, die “aktiewe vegtende eenheid” gevorm. Hierdie groepie se taak was om tydens vergaderings beskermend teenoor die beweging, wie se vernaamste beleidspunte teen die Jode en die kapitalistiese uitbuiting gemik was, op te tree; hulle het ook ’n eie uniform, saluut en vlag gehad.

Uit hierdie era dateer ook nog verskeie ander sogenaamde hempbewegings, waaronder die Swarthemde of Suid-Afrikaanse Nasionaal-Demokratiese Beweging²⁴⁴ en die sogenaamde Bruinhemde (Bond van Nasionale Werkers) van dr. A.J. Bruwer. Binne Nasionale geledere het F.C. Erasmus die sogenaamde Oranjarahemde gelanseer²⁴⁵ waarvan baie min bekend was en wat skynbaar ’n vroeë dood gesterf het.

Ongeveer in 1937 het dr. Hans van Rensburg indringende gesprekke met kol. J.C. Laas gevoer en wel oor die kwessie van militêre dissipline (beide was intens verbonde aan die Aktiewe Burgermag). Die gedagte is geopper dat aandag en energie eerder aan die “harde kern” binne eenhede gegee moes word: “Oefen hulle, troetel hulle indien nodig en beskou hulle as spesiale seksies ...”²⁴⁶

By die Groot Trek-eeu-feesvieringe te Bloemfontein in 1938 het Laas, kenmerkend-knipogend, laat blyk dat hy reeds in dié stadium uitvoering aan die wenk gegee het: hy het reeds so ’n groepie byeengebring, en noem hulle sy “Brandwagte”. Sy doel met hulle was om by optogte, Dingaansdae, Helledae ens. altyd gedissiplineerde kernroepe byderhand te hê, wat as suurdeeg kon dien om die ou militêre gees en tradisie van die Boer te laat herleef.²⁴⁷ Hierdie erewagte van uitgesoekte manne sou skynbaar ook as “volksleër” gebruik kon word indien daar weer ’n gewelddadige stryd in Suid-Afrika ontbrand.²⁴⁸

Van Rensburg het die voortvarende Laas gewys op die risiko dat hy van planne vir ’n staatsgreep verdink sou kon word en het aan die hand gedoen dat sy idee van brandwagte aan die Voortrekkereu-fees gekoppel moes word, dat hulle “Ossewa-Brandwagte” genoem moes word.²⁴⁹

Die “onbeheerbare bedrywighede” van kol. Laas het groot verwarring en onsekerheid veroorsaak en het uiteindelik gelei tot sy ontslag in die tweede helfte van 1940.²⁵⁰ Vanuit Transvaal, waar die OB intussen sterk

gegroeï het, sou nuwe inisiatiewe vir die stigting van ’n kerngroepie binne die OB na vore kom.

In sy herinneringe vertel Van Rensburg hoedat hy, by sy eerste kennis-making met die Stormjaers, onwillekeurig teruggedink het aan die sogenaamde spesiale seksies van kol. Laas. Maar dit het hom ook laat dink aan onder andere die “Sinn Fein” en die “Irish Republican Army” (IRA) in Ierland en die SA en SS in Duitsland.²⁵¹

Ook G.C. Cloete wys op moontlike Ierse invloed en wel in die inhoud van die Stormjaer-eesd, wat nogal baie nou ooreenkoms toon met die eed van die Sinn Fein-beweging. Hy beweer ook dat Van Rensburg op ’n keer die OB vergelyk het met die Sinn Fein-rebellie en die Ierse vryheidstryd teen die Britse Ryk.²⁵²

Die ontstaan van die Stormjaer-beweging kan teruggevoer word tot die wedervaringe van mnr. Abraham Spies wat teen die einde van 1939 genoodsaak was om, vanweë sy OB-lidmaatskap, sy loopbaan in die Lugmag prys te gee.

Besiel met die vryheidsideaal wat hom in hierdie tyd van so vele Afrikaners meester gemaak het en wat veral deur die simboliese Ossewatrek verder gestimuleer is, was hy een van ’n groep jong manne wat op ’n vertroulike byeenkoms in Bloemfontein uit die mond van ’n bekende Nasionale Volksraadslid, ds. C.W.M. du Toit, moes aanhoor “dat die republikeinse ideaal maar net platformpraatjies was sover dit die party betref”. In en deur die OB kon uiting gegee word aan die diepgevoelde behoefte wat in die siel van die Afrikaner gebrand het. Dit was Spies se opdrag om die Ossewa-Brandwag in die Verdedigingsmag op die been te bring — ’n taak wat hy met groot entoesiasme en sukses aangepak het.²⁵³

Hoewel daar reeds voor die tyd spanninge en bedenkinge was oor die OB en sy rol en plek vir sover dit die Unie se Verdedigingsmag betref,²⁵⁴ het die oorlogsverklaring op 6 September ineens ’n nuwe dimensie aan sake gegee. In November het speurders vir Spies deeglik oor die OB ondervra en het ook die hoof van die Polisie, lt.-kol. Pierre de Villiers, hom ingeroep. Nadat verdere druk op hom uitgeoefen is, het Spies sy bedanking as lid van die Lugmag ingedien.

Hy is aanvanklik terug geplaas in die onderwysdepartement, maar is

kort hierna deur dr. Piet Meyer en Nico Diederichs vir die OB gewerf; besoek is gebring by adv. Pat Jerling, en hy is vanaf Februarie 1940 aangestel as organiserende sekretaris van die OB met 'n kantoor in die Voortrekkergebou.

In sy nuwe betrekking en te midde van die onrus en woelinge wat deur oorlogsdeelname veroorsaak is, het Spies gou bewus geword van 'n sterk drang tot aksie by veral die jonger Afrikaners aan die Rand. Dit was uiters moeilik om hierdie avonturiers in bedwang te hou, veral omdat die organisasie in hierdie stadium van so 'n aard was dat daar geen beheer was oor wie lede geword het nie. Inderdaad het hier en daar klein groepies op eie stoom onwettighede en onreëlmatighede begin pleeg.²⁵⁵

Oor die presiese datum van die stigting van die Stormjaers is daar nie helderheid nie. Na alle waarskynlikheid was dit in Augustus 1940,²⁵⁶ midde in 'n periode van groot spanning en wrywing tussen pro- en anti-oorlogsgesindes.

Teen die middel van 1940 is verskeie groot politieke saamtrekke aan die Witwatersrand gehou, waartydens skerp te velde getrek is teen die regering en teen oorlogsdeelname. Voor- en teenstaanders het by tye openlik en gewelddadig in botsings gekom, en gemoedere het hoog geloop. Vroeg in Augustus het die kollig veral op die Werda Klub in Johannesburg, waar Hendrik Susan en sy Boere-orkes gereeld opgetree het, geval: op 3 en weer op 10 Augustus het antiregeringsgesindes en soldate openlik gebots en het dit geblyk dat in Polisie-geledere sterk simpatie vir eersgenoemde groep bestaan het.²⁵⁷

Volgens Spies²⁵⁸ is die gedagte aan 'n beweging soos die Stormjaers juis gebore tydens die wanordelikhede by die optredes van Hendrik Susan se orkes in Johannesburg. Soldate wat in 'n nabygeleë bioskoop vermaak gesoek het, het na die vertoning skoor gesoek by dié Afrikanerbyeenkoms. Na afloop van 'n relletjie was dit die bekende rofstoeier Johannes van der Walt wat aan die hand gedoen het dat "iets soos die Stormjaers of 'n ding" tot stand gebring moes word, om in die toekoms soortgelyke gebeure te hanteer.

Die saak is verder beredeneer, en Spies het dadelik begin met die organisasie van so 'n beweging. Aan elke OB-kommando in Transvaal is opdrag gegee om 'n spesiale afdeling of groepie Stormjaers te stig, wat

as aparte eenheid binne die OB en onder gesag van kommandante sou funksioneer. Spies het 'n "program" opgestel en dit aan die Transvaalse Hoofraad voorgelê, wat dit goedgekeur het. Hierna is 'n vergadering van verteenwoordigers uit alle kommando's in die Voortrekkergebou gehou, waartydens die oogmerke duidelik uiteengesit is. Daar is veral klem gelê op die kwessie van dissipline. In sy werwingsaksies het Spies die voorbeeld van 'n Duitse regiment (studente) se optrede tydens die Eerste Wêreldoorlog as rigsgaander neergelê: in 'n spesifieke veldslag het hulle die loopgrawe verlaat en al singende op die vyand afgestorm. Op dié wyse het hulle 'n bres geslaan vir ander troepe om te volg.

Die regering se verbod, vroeg in 1941, op staatsamptenare se lidmaatskap van die OB het ongetwyfeld die Stormjaerbeweging sterk gestimuleer: die geheime karakter van laasgenoemde het 'n gerieflike dekmantel verskaf vir aktiewe ondersteuning van die oorhoofse openbare arm van die versetbeweging.²⁵⁹

Die Stormjaerbeweging het vinnig sy beslag gekry in Transvaal en die Vrystaat, en inderdaad wil dit voorkom asof sake effens hand-uit geruk het, vanweë gebrekkige organisasie en moontlik ook oor-entoesiasme en voorbarigheid. Transvaal was die siel van die OB, meen Spies, en wel vanweë die digte bevolking en die gemoedstemming aldaar: "Jy het meer 'n tipe mens hier gekry wat tot aksie geneig was".²⁶⁰

In die Kaap, daarenteen, was daar nie dieselfde gevoel oor hierdie aktivistiese beweging nie. Enersyds word dit toegeskryf aan 'n mentaliteitsverskil tussen die Afrikaners van die Noorde en die Suid. In sy herinneringe aan destyds stel Spies dit só: "Uit die aard van die saak ... 'n mens moet eintlik sê uit die aard van die Bolandse neigings, is hulle nou nie — hoe sal 'n mens dit uitdruk? — so aktief tot optrede van die S.J.-formaat geneig as wat die Transvalers is nie. Dis baie rustiger daar onder as wat dit hierbo is, nie waar nie?"²⁶¹

In aansluiting by bogenoemde is daar ook dr. Van Rensburg se verwysing na Paul Kruger, De Wet en De la Rey as manne van die swaard en nie "salonhelde van die kultuur" nie, met dié toevoeging daartoe: "En dat jou Afrikaner in die Noorde meer aggressief optree as jou Bolander, is omdat hy weet hy het die Engelsman al verslaan waar hul man teen man staan en belangrik: hy weet hy kan dit weer doen."²⁶²

Andersyds is daar weer 'n gesaghebbende mening dat "Oubaas Smith"

(J.A. Smith) die stok in die wiel was, vanweë suspisie oor dié beweging: "Hy was 'n doodgoeie ou gewees, maar hy het gevoel die Stormjaers is so 'n donker ding hier agter hom ... Hy sou gedink het dat as daar nou Stormjaers in die Kaap is, dat hulle allerhande ewels en goed agter sy rug sal aanvang waar hy nie van weet nie."²⁶³

Smith se bedenkinge moet ook gesien word in die lig van die feit dat J.D. Jerling ook hierdie probleem aangevoel het, naamlik dat hy as Transvaalse leier nie beheer en seggenskap oor die doen en late van die SJ's gehad het nie. Die breuk tussen Laas en die Transvaalse OB is juis ook geïnspireer deur die feit dat Laas op eie houtjie wou optree.

Ook 'n ander leidende figuur in die Kaaplandse OB, mev. Emmie du Toit, wou niks van die SJ's weet nie en meen hulle het wrywing tussen dr. Van Rensburg en Smith veroorsaak.²⁶⁴

Ook 'n ander getuie dui daarop dat Smith, die vurige Kaapse rebel uit die Anglo-Boereoorlog en die man wat juis vanweë hierdie vurigheid in die OB-aanvangsjare die bynaam "Sambok" Smith verwerf het,²⁶⁵ nie juis aangetrokke was tot die militante karakter van hierdie binnesirkel van die OB nie. Daar word vertel hoedat hy op besoek was aan die Noorde en hoe onthuts hy was toe hy al die verborge wapens en ammunisie aanskou het. Die Suide was glo "vreeslik bang vir 'n rebel-lie".²⁶⁶ Les bes het ook Van Rensburg die ongewildheid van die Stormjaers in die Kaap aan Smith se teenkanting toegeskryf.²⁶⁷

'n Ander moontlike verklaring vir die Kaapse afkeur van die Stormjaers moet dalk gesoek word in die aanwesigheid van leidende Nasionale politici in die OB. Van meet af aan was die energieke organiseerder van die Kaaplandse Nasionale Party, P.W. Botha, wars van enige gewelddadige optrede in die nastrewing van politieke doelstellings.²⁶⁸

By geleentheid het Spies op aandrang van J.A. Smith 'n geslote byeenkoms in Kaapstad oor die Stormjaers kom toespreek. P.W. was ook aanwesig, en "hy het my so streng gesit en aankyk ..." ²⁶⁹

In bogenoemde verband moet ook nog in berekening gebring word dat die Kaapse politici reeds in die onderhandelinge met Laas duidelik laat blyk het dat nie met gewelddadigheid saamgegaan sou word nie.²⁷⁰ Dr. Malan en ander leiers het dit ook onomwonde gesê: 'n republiek, maar sonder geweld.²⁷¹

Dit skyn asof in Kaapland 'n klein, eie organisasie wel sy beslag gekry het, naamlik die sogenaamde Wag-afdeling. Die doel hiervan was om beskerming te verleen en orde op vergaderings te verseker. Lede hiervan het wag gestaan met vlae en vaandels, en hulle het ook drill- en dissipline-opleiding ontvang. Verder is vlugteling vervoer, asook wapens en plofstof. Tussen die Wag-afdeling en die Stormjaers was daar skynbaar geen skakeling nie.²⁷²

Doelstellings, oogmerke

Wat was die doel, die oogmerke van die Stormjaers? En hoe wou hulle dit bereik?

"Just as the German Nazi Party had the Schutz Staffel — so had the Ossewabrandwag the Stormjaers ready to storm forward as their militant action front when the time seemed ripe." Sô beskryf 'n destydse polisie-offisier wat ten nouste gemoeid was met die ondersoeke na ondermynende bedrywighede, die doel en oogmerke van die Stormjaers. Maar met erkenning daarby, dat die polisie nooit 'n formele dokument gevind het waarin die strewes van dié binnekring van die OB vervat is nie.²⁷³

Die breë Ossewa-Brandwag is in Stormjaer-kringe beskou as hul kulturele front; grappenderwys is later teruggekyk en gesê dat die OB se funksie was om deur vleisbraaie vir geld te sorg.²⁷⁴

Dr. Hans van Rensburg is in sy herinneringe bra vaag oor die presiese doel en oogmerke van die Stormjaers.²⁷⁵ Nadat hy vertel het op welke vreemde wyse hy met die SJ-beweging kennis gemaak het, bring verdere navrae aan die lig dat hulle "so half-uit die Ossewa-Brandwag staan; parallel met en verbonde aan ... Hulle tel sowat sewe of agt bataljons, en voer 'n half-selfstandige en selde vreedsame bestaan". Almal lede van die OB, maar "die puik eenhede van die hele boel ... met strenger en meer militêre dissipline en met meer esprit-de-corps, somer baie meer!", spog hulle by die man wat spoedig hul leier sou wees.

Hierdie kennismaking het Van Rensburg laat terugdink aan kol. Laas se "spesiale seksies" asook aan soortgelyke situasies in Ierland, Duitsland en Israel. Hy leer hulle ken as vrolike, alhoewel soms "ietwat roekelose" manne, wat in die geheim hul eie oefenkampe en drillparades hou.

Hy bestempel die Stormjaers as die aktivistiese suurdeeg binne die OB en erken dat hy geensins geskok of selfs verontrus gevoel het nie by die eerste kennismaking. In die jare 1941–1945 het hy nader aan hierdie manne gestaan as ooit in sy lewe, manne op wie “die skerpste slae van die oorlogsregering” geval het.²⁷⁶

In sy herinneringe²⁷⁷ sukkel Spies om die oogmerke van die Stormjaers en die OB²⁷⁸ mooi uiteen te sit. Hy beklemtoon dat hulle nie Nazi’s was nie, maar dat hulle pro-Duits²⁷⁹ en anti-Engels was: “Dit was die hele kern van die OB: vrywording, los van Engeland. Dit is waar die verskil tussen die OB en die Party gelê het: die metode om los te raak”. Hy stem ook saam met die volgende samevatting: “Die SJ’s was eintlik georganiseer, en hulle was gedissiplineer, en hulle was opgelei om gereed te wees vir wat ons altyd genoem het: ‘Der Tag’ — as die Duitse oorwinning nou vir ons die geleentheid gee om hier ’n staatsgreep (uit te voer) of in aktiewe opstand teen Smuts te kom.”²⁸⁰

Bostaande siening word deur nog ’n Stormjaer bevestig, alhoewel daar skynbaar nie presiese helderheid is oor die term “staatsgreep” nie. Dr. van Rensburg se oogmerk was om in die land beheer oor te neem as die tyd geleë was; as Hitler die Geallieerdes sou verslaan, “dan was daar ’n kans vir ons; dan moes ons inspring ... en dan moes ons gereed wees daarvoor.”²⁸¹ Dié informant tref egter ’n verskil tussen hierdie “gereed wees” en ’n staatsgreep en sê dat dr. Van Rensburg nooit van plan was om ’n staatsgreep uit te voer nie.²⁸² En tog gee hy ook toe: “Die KG se idee was eintlik om met daardie handgranate en al daardie goed konsternasie te veroorsaak; en as die Geallieerdes sou inmeekaar stort en daar sou hier binnelands van die regering se troepe wees wat onverantwoordelik sou begin word, dan moes ons ons kon verdedig.”²⁸³

Van Rensburg se strategie word só deur ’n intieme kameraad beskryf: “Die OB moes so gelei word dat hy aan die einde van die oorlog nog in die veld is — anders as in die vorige oorlog, toe die Rebelle binne drie maande platgeslaan is en Smuts vir die res van die oorlogstryd ’n vrye hand gehad het. Teen hierdie agtergrond moet die hantering van die Stormjaers gesien word: Dit was fyn mense wat beslis was ... en nou moet daardie mense gehanteer word in die aangesig van latere provokasie van mense soos Leibbrandt, wat mense uitgelok het tot daadwerklike optrede en tot doellose sabotasie. Ek bedoel ons het ook sabotasie gepleeg, maar sabotasie vir ’n sekere doel. Dit was alles deel

van dr. Van Rensburg se — ek kan amper sê — onkonvensionele leiding deurdat hy in die huidige term van Mao Tse-Toeng: slaan en terugtrek, slaan en terugtrek, maar altyd met die oog daarop om, soos die Engelsman sê, ‘not to join forces’ met Smuts, want jy kan nie teen hom staan nie, maar jy moet in die veld bly tot na die oorlog.”²⁸⁴

Dat die verwesenliking van die Afrikaner-ideaal van ’n republiek nie langs die konstitusionele weg deur die Stormjaers nagestreef is nie, blyk ook uit die herinneringe van ’n ander oud-SJ. Hoewel nog maar baie jeugdig, het die veertienjarige seun destyds opgewonde geraak toe die verbysterende militêre suksesse van die Duitse leërs in Europa die vooruitsig geskep het “dat ons dan miskien die droom van ’n Republiek langs die weg van ’n Staatsgreep sou kon verwesenlik”. Die stimulus daartoe was die rol wat jong penkoppe in die Tweede Vryheidsoorlog gespeel het. Vir hom was die Stormjaers “’n militante geheime ondergrondse vertakking van die Ossewa-Brandwag ...”²⁸⁵

Hierdie jeugdige Stormjaer, Cas Bakkes, het die Stormjaers se groot strategie soos volg beskryf: “Ons wou soveel SA troepe daarmee Afrikaners in uniform bind in SA. Ons wou die illusie bly handhaaf dat die Ossewa-Brandwag ’n rebelliefaktor is waarmee Veldmaarskalk Smuts en die Verdedigingsmag rekening moet hou.”²⁸⁶

Afgesien van die paraatheidsfunksie, met die oog op ’n moontlike staatsgreep, was daar ook nog etlike ander funksies en take wat deur Stormjaers behartig moes word, byvoorbeeld om te help wanneer persone uit die kampe of gevangenis moes ontsnap; om dreigende botsings te voorkom, as wagte op te tree; om kleiner en groter sabotasiedade te pleeg, as teken van verset en as vergeldingsmaatreël; om in die behoeftes van behoeftige OB-gesinne te voorsien, byvoorbeeld ’n rooftog op die betaalmotorkar van die Venterpos-myn.²⁸⁷

Nog ’n oud-OB en destydse Stormjaer sien die saak só: “Die Stormjaers was baie sterk toegespits op — noem dit maar wat ons dit genoem het — aksie, maar wat eintlik op sabotasie neergekom het. Ons was militaristies ingestel; ons het gereeld kampe gaan hou waar ons militêre dril oefeninge gehou het en ook lesings ontvang het oor militêre aangeleenthede, veral op die gebied van sabotasie en op kommunikasie en op die lees van kaarte en op die lê van bomme en wat dies meer sy.”²⁸⁸

Inderdaad was die Stormjaers dus die aksiefront van die Ossewa-Brandwag, wat deur militante aksies die regering se oorlogspoging sover moontlik wou lamlê en paraat wou wees om, as die geleentheid hom voordoen, die staatsgesag oor te neem. Hoewel die beweging skynbaar gestig is voordat dr. Hans van Rensburg die OB-leiding op hom geneem het, sou hy spoedig die gewigtige verantwoordelikhede op sy skouers neem en rigting en koers moes gee aan sentimente wat by tye moeilik in bedwang gehou sou kon word.

Hoofleiding

Wat funksionering en organisasiestruktuur betref, word hier net gehandel oor die hoofleiding van die Stormjaerbeweging.²⁸⁹ Die stigter, Abraham Spies, het aanvanklik aan die hoof daarvan gestaan, maar sonder die latere betiteling van "Owerste". Skynbaar het hy sy posisie behou selfs nadat hy voortvlugtig moes raak vir die polisie.²⁹⁰

Kort nadat dr. Hans van Rensburg as Kommandant-Generaal van die OB aangestel is, het Spies in 'n gesprek met Van Rensburg te kenne gegee dat hy die leierskap wou neerlê. Van Rensburg self het toe vir Steve Hofmeyr as sy opvolger aanbeveel. Met Hofmeyr se intrede het die SJ-beweging 'n nuwer rigting ingeslaan. Die onverskrokke Hofmeyr het 'n ander potensiaal daarin gesien as Spies.²⁹¹

Steve Hofmeyr het nou die betiteling "Owerste" verkry,²⁹² terwyl dr. Van Rensburg persoonlik aan die hoof van die Stormjaers stelling ingeneem het,²⁹³ dog sonder om self bevels en opdragte te gee.²⁹⁴ In hierdie stadium en onder leiding van Hofmeyr is begin met ingrypende reorganisasie van die beweging.²⁹⁵

Hofmeyr, 'n kleurrike persoonlikheid en broerskind van "Onze Jan", het onder byna soortgelyke omstandighede as Van Rensburg sy verbintenis met die Verdedigingsmag moes opsê (hy was ook 'n Van Rensburg-werweling). Toe sy lojaliteit ná die oorlogsverklaring tot die uiterste beproef en aan hom gevra is of hy desnoods teen sy eie mense sal optree, het hy sy voet dwars gesit en sy bedanking ingedien. Sy pad was toe oop na die OB en die Stormjaers en het hy Van Rensburg se intiemste skakel met die Stormjaers geword.²⁹⁶

'n Vraag wat hier sterk na vore kom, is of Van Rensburg nie reeds voor sy aanvaarding van die kommandant-generaalskap al by die Stormjaer-

beweging betrokke was nie. Hierdie gedagte word byvoorbeeld geopper in diplomatieke dokumente wat oorsee aangetref is,²⁹⁷ maar selfs sekere inligting wat in die vorm van bandopnames verkry is, dui in hierdie rigting. Die noue skakeling tussen Van Rensburg en Apie Spies asook Van Rensburg se gewilligheid om adviserend by te staan terwyl hy nog Administrateur was²⁹⁸ en die reeds genoemde opmerking van mnr. Kalie Behrens wat met stellige sekerheid verklaar het dat Van Rensburg reeds in dié tyd die groot gees van die OB was, kan moontlike rigtingwysers wees. Onthou moet word dat Spies reeds in die voorjaar kontak met Van Rensburg gehad het, toe hy hom "oor leiding en raad vir die beweging" gaan pols het en dat hy wel bereid was om aan Spies, en nie aan die OB as sodanig nie, advies te gee.²⁹⁹ 'n Bron baie na aan Van Rensburg, sy eie seun, is van mening dat hy sy besluit om hom na die OB te begeef "in die krisismaande Augustus-Oktober" (1940) geneem het.³⁰⁰

Wat seker wel geredelik aanvaar kan word, is dat Van Rensburg, as raadgewer en beskermmer van Apie Spies, beslis voor Januarie 1941 bewus moes gewees het van die bestaan van die Stormjaers. Spies sou beslis so 'n belangrike aangeleentheid met dr. Van Rensburg uitgelê het.³⁰¹

Hoe ook al, Van Rensburg het as hoof van sowel die OB as die Stormjaers gefigureer. In eersgenoemde hoedanigheid moes hy stryd voer teen die disintegreerende kragte wat die botsing met die HNP en dr. Malan ontketen het; onder die oppervlakte was hy in 'n heftige ondermyningsveldtog teen die oorlogvoerende Smuts-regering betrokke. Om op beide stoele gelyktydig te sit, was nie altyd so maklik nie, veral omdat suksesse op die aktivistiese terrein nie daartoe bygedra het om die OB-beeld van 'n vreedsame, volksliewende kultuurbeweging te bestendig nie.³⁰² Boonop sou dit blyk dat Van Rensburg nie altyd in 'n posisie was om absolute kontrole oor die Stormjaers uit te oefen nie en is gevolglik dade gepleeg waarvoor hy nie verantwoordelik gehou sou kon word nie.³⁰³

Stormjaer-aktivisme

Die skouspelagtige vertonings van die Duitse leërs op die slagvelde van Europa teen die middel van 1940, gepaard met die landswye vlag van protesvergaderings en vredeseise wat in hierdie tyd veral vanuit Nasionale geleedere geïnisiëer is, was skynbaar die stimulus vir die Storm-

jaers om offensief tot die stryd toe te tree om Smuts se oorlogspoging te probeer lamlê. Driloefting, versameling en vervaardiging van wapens en ammunisie en grootskaalse ledewerwing was aan die orde van die dag. Relletjies en botsings met groepies soldate vind gereeld plaas, en die Stormjaers lê hulle blykbaar daarop toe om veral die tartende lede van die Royal Air Force op hul plek te sit. Sporadies ontplof 'n tuisgemaakte bom ...³⁰⁴

Einde Januarie/begin Februarie 1941 breek hewige onluste in Springs en in Johannesburg uit, waarby die OB, die nuwe leier (dr. Hans van Rensburg) en die Stormjaers (weliswaar nog *incognito*, in die stadium) intens betrokke was.³⁰⁵ Van OB-kant word later daarop aanspraak gemaak dat net die gehoorsaamheid en dissipline van die Stormjaers en die OB 'n bloedbad voorkom het.³⁰⁶

In die loop van 1941 groei die gees van weerstand teen Smuts en oorlogsdeelname al sterker, "en ons mense doen meer en meer ervaring op", aldus Van Rensburg; met groot moeite word gepoog om die noodregulasies te omseil; die politieke speurders slaan oral toe, meer en meer Afrikaners (OB's) beland in die interneringskampe, en die Stormjaers reageer op gewelddadige wyse. Die breuk tussen die OB en die Herenigde Nasionale Party wikkel die OB ook op hierdie front in 'n felle stryd.³⁰⁷ Teen September 1941 bring Robey Leibbrandt verdere probleme vir die OB en die Stormjaers.³⁰⁸

As uitvloeisel van die inhegtenisneming van Leibbrandt het die speurders inligting bekom oor die Stormjaerbeweging, en massa-arrestasies van lede van dié kerngroep was kort hierna aan die orde van die dag nadat besonderhede oor 'n bataljon Stormjaers wat uit lede van die Polisiemag bestaan het, by 'n eertydse Stormjaer gevind is.³⁰⁹

In Stormjaer-geledere het gemoedere hoog geloop, en daar is ernstig gedink aan gewapende verset teen verdere arrestasies en uit weerwraak. Maar Van Rensburg het die uiters ploffbare situasie ontlont en só grootskeepse bloedvergieting voorkom.³¹⁰

Kort hierna vind 'n massale sabotasiepoging plaas en word telefoon- en kraglyne oor 'n groot area aan die Witwatersrand, in Oos- en Wes-Transvaal, in die Vrystaat en in Noord-Kaapland in die nag van 28/29 Januarie 1942 gesaboteer.³¹¹ Hoewel dit groot onrus en konsternasie in regeringskringe veroorsaak het, is dit bestempel as "feitlik net 'n ge-

baar van sabotasie in hierdie sin dat dit glad nie die volle slaankrag van die Stormjaers was nie."³¹² Vir OB- en Stormjaer-leier Hans van Rensburg was dit bloot 'n "veiligheidsklep" wat die opgekropte bitterheid in meer opvallende, dog minder dodelike kanale gelei het.³¹³

Uitvloeisels van die voorafgaande gebeure was die verskerping van die noodregulasies³¹⁴ en dat dr. Malan hom en sy party van die OB as "boewe-organisasie" gedistansieer het.³¹⁵ In Februarie 1942 volg dr. Malan se onthulling van die Johannes van der Walt-verklaring, waarin verdere skaduwees oor die OB en sy leiers gewerp word.³¹⁶ Waar die OB en die HNP reeds geruime tyd nie meer bedmaats was nie, het die gety nou al vinniger teen die OB gedraai.

In die hofsak teen die Stormjaers is ernstige bewerings gemaak, soos dat hulle besig was om 'n geheime leër op die been te bring, 'n staatsgreep beplan, onwettig in die geheim militêre oefeninge gehou en handgranate vervaardig het, sabotasie beplan en/of gepleeg het, met die vyand geskakel het. 'n Eertydse Stormjaer, Kraukamp, sou 'n belangrike staatsgetuie wees, maar hy het tydens die voorlopige verhoor spoorloos verdwyn — blykbaar veral om hom teen Stormjaerwraak te vrywaar. Dit het die angel uit die staat se saak geneem, en klagtes van hoogverraad kon nie geformuleer word nie.³¹⁷

Na die hofsake het die OB moeite gedoen om om te sien na die behoeftes van die veroordeeldes en hul gesinne: dit gee aanleiding tot 'n hele reeks waaghalsige rooftogte op banke en betaalmotors.³¹⁸ "Inbrekers" en "diewe", sê 'n destydse polisie-offisier hiervan;³¹⁹ nee, sê dr. Van Rensburg en die OB's, eerder dade in die tradisie van 'n Robin Hood.³²⁰

"Dissipline" en "sekuriteit"

'n Laaste faset van die doen en late van die Stormjaers waaraan hier aandag gegee word, is die kwessie van dissipline. Dit hang ten nouste saam met die gesindheid waarin die beweging sy selfopgelegde rol en funksie benader het. Hierdie gesindheid word onder andere verwoord in twee dokumente, naamlik 'n stuk getitel "Grondliggende oordenking of pligbelydenis van die Stormjaer" en die Stormjaer-eed.

In eersgenoemde stuk³²¹ word 'n prioriteitsaak uitgemaak dat gehoorsaamheid binne 'n gesagstruktuur afdwingbaar is en dat staatsgesag

in die laaste instansie in een persoon, die gesagsdraer, sou berus. Laasgenoemde sou toesien dat die volk geestelik, stoflik en militêr in staat is om sy verantwoordelikhede te kan dra. Oor die militêre taak word bely: "Die leër is nie 'n aparte deel van die volk nie, maar die volk self — een vir almal en almal vir een ... Dit spreek vanself dat jou leër gedurig gereed, toegerus en opgelei moet wees ..."

Onverbiddelike verwerping van vreemde oorheersing, onderskeidende taal as behoudende kenmerk ("die in dieselfde taal en bloedbandstaande geheel is die volk"), geen tydsbeperking vir soverre dit die termyn van die gesagsdraer betref, voorgedyskap oor Swartes en "vreemdelingskap" as oplossing van die Joodse vraagstuk is van die vernaamste verdere elemente van die sogenaamde pligbelydenis van die Stormjaer.³²²

Roepingsbewustheid en pligsgetroue gehoorsaamheid word ook sterk gestel in die Stormjaer-eed:³²³

"Uit vrye wil beloof ek plegtig voor die Almagtige GOD dat ek my onvoorwaardelik onderwerp aan die eise wat my Volk se Goddelike roeping van my verg.

My hoërgeplaaste gesag sal met pligsgetrouheid gehoorsaam word en alle bevels of informasie wat ek ontvang sal stiptelik uitgevoer en geheim gehou word. Mag die Allerhoogste gee dat ek my lewe veil sal hê vir die vryheid van my Volk en die gedagte van verraad my nooit vind, sonder die wete dat ek my vrywillig die prooi stel vir die wraak van 'n Stormjaer.

Mag GOD gee dat ek met my kamerade sal kan uitroep:

"As ek storm volg my,
As ek omdraai, skiet my,
As ek sterwe, wreek my.

SO HELP MY GOD."

Van tyd tot tyd is hardhandig opgetree teen persone wat verraad sou gepleeg of die OB te ooglopend 'n stok in die wiel gestee het. Van die meer bekende gevalle is dié waarby Erasmus betrokke was,³²⁴ die likwidasië van Stormjaerverraaier Louis Nel en staatsgetuie Dice Lot-

ter,³²⁵ mishandeling van die pasverkose Nasionale Volksraadslid vir Westdene, J.F.J. Mentz³²⁶ en 'n onsuksesvolle poging om dr. H.F. Verwoerd, destydse redakteur van *Die Transvaler*, te ontvoer met die doel om met hom af te reken³²⁷ (Verwoerd was baie skerp anti-OB). In latere jare het minstens twee persone onthul dat likwidasië-opdragte ook van OB-kant op hulle gemik was, naamlik J.F. Ludorf³²⁸ en J.J. Rossouw.³²⁹

Bandopnames in die OB-Argief gee ook inligting oor ander gevalle waar optrede teen sogenaamde verraaiers beplan en/of uitgevoer is, waarby onder andere Pat Jerling, een van die mees omstrede figure in die OB, as sowel 'n veroordeelde³³⁰ as selfaangestelde laksman³³¹ betrokke sou wees. Ook die gewese Stormjaer Kraukamp, in wie se besit die naamlys gevind is wat tot die grootskaalse blootlegging van die Stormjaerbeweging in die Polisiemag gelei het, moes hom skaars hou nadat hy as staatsgetuie opsienbarende onthullings oor die beweging gemaak het.³³²

Die koms van Robey Leibbrandt vanuit Duitsland, om "Operasie Weissdorn" in Suid-Afrika ten uitvoer te bring, het vir die OB groot sekuriteitsprobleme geskep. Dit was spoedig duidelik dat van die voorgenome gebruikmaking van die OB om sy doelstellings te bereik, nie veel sou kom nie. Tog het Leibbrandt daarin geslaag om veral uit Stormjaergeleedere ondersteuners te trek, wat vir laasgenoemde beweging 'n groot risiko ingehou het.³³³ Bewerings wil dat minstens twee Stormjaers by geleentheid opdrag gekry het om Leibbrandt uit die weg te ruim.³³⁴ Die grootskaalse inhegtenisneming van Stormjaers nadat Leibbrandt gevange geneem is, het Van Rensburg genoodsaak om die sluier sover moontlik oor die Stormjaers te lig en pa te staan vir hulle en hul dade.³³⁵

Net so het Van Rensburg later ook as beskermheer standpunt ingeneem toe twee Stormjaers, Julian Visser en H.S. van Blerk, ter dood veroordeel is vanweë die opblaas van die Benoni-poskantoor, waartydens een persoon die lewe gelaat het. Hoewel hulle die daad op eie houtjie, sonder medewete van Van Rensburg of Hofmeyr gepleeg het,³³⁶ sou Van Rensburg en die Stormjaers hulle nie in die steek laat nie en is Smuts gewaarsku oor die gevolge wat die voltrekking van die vonnisse kon hê: "... 'n kettingreaksie van geweld ... wat heeltemal buite verhouding mag wees tot die meriete van die saak." Die hele Stormjaerbeweging

is op 'n gereedheidsgrondslag gebring ...³³⁷

Johan van Rensburg vertel dat sy vader dié episode as die ernstigste krisis van destyds beskou het, die breekpunt: "As hulle tereggestel sou word, soos Jopie Fourie 28 jaar vantevore gefusilleer is, sou die volle vergeldingskrag van die Stormjaers gebruik word om die Afrikanerdom se afkeur en weersin te betoon in 'n stryd waarin hy teen sy wil gedwing was."³³⁸

Steve Hofmeyr en ander SJ's was naamlik van plan om sekere ministers as gyselaars te vang, ten einde Smuts se hand te dwing. Van Rensburg het egter onmiddellik ingegryp en sy adjutant gewys op die dwaasheid van so 'n stap, omdat Smuts hom nie só sou laat intimideer nie.³³⁹

Waar Van Rensburg "as soldaat" nie om genade vir die veroordeeldes sou pleit nie, het die Herenigde Nasionale Party by monde van dr. Malan en deur middel van 'n petisie wel 'n dringende oproep om genade tot die Smuts-regering gedoen. Malan het na die twee mans verwys as "klaarblyklik instrumente in die hande van ander. Dié ander wat die gedagte aan geweld geplant het, of wat selfs bevele gegee het wat so gehoorsaam is, loop vry, omdat die gereg op hulle geen houvas het nie. Die veel minder skuldige instrumente daarenteen moet die hoogste prys betaal ... omdat hulle verkeerd gelei is."³⁴⁰ Malan se houding en woorde het beslis nie aanklank in OB-kringe gevind nie.³⁴¹

Karakterisering

Die aard en karakter van die "stryd" tussen OB en regering word misken goed verbeeld in 'n episode wat hom in 1943 in die Bloemfontein-klub afgespeel het. Die twee hooffigure, Smuts en Van Rensburg, het mekaar onverwags daar raakgeloop. Nadat skertsend oor en weer geterg is juis oor hul stryd, het Van Rensburg uitgestap. Die knipoog-herkenning van Smuts se lyfwag by die deur het net een boodskap beteken: hy was 'n Stormjaer!³⁴²

Die besonderhede van die stryd waarby die Stormjaers betrokke was, is baie dramatiese maar net so vervleg en by tye amper chaoties verstrengel. 'n Mag der menigte dokumente van uiteenlopende aard sal nog intensief bestudeer moet word om presies agter die waarheid te kom. In hierdie stadium word volstaan met 'n kort karakterisering van

die stryd. Dit is uit die mond van dr. Hans van Rensburg self en wel tydens 'n onderhoud wat hy in Junie 1944 met twee Amerikaanse regeringsamptenare gevoer het.³⁴³

Hierdie onderhoud is gevoer om 'n antwoord te probeer vind op die opvallendste anomalie in Suid-Afrika, nl. "the fact that while it is allied with the other United Nations in the fight to finish against Hitlerism, it permits its local brand of Hitlerism to thrive virtually unchecked. Still on the loose are its local "Fuehrer" and all but a few of his followers although their declared objective is the overthrow by revolutionary means of the government now in power. The incredulous observer from abroad finds that while loyal "Springboks" are fighting and dying to destroy the Nazis of Europe, the Nazis of South Africa are carrying on with only slight interference their campaign to establish a National Socialist state."

Deel van die onderhoud het gehandel oor sabotasie en geweld, en oor Van Rensburg se eie posisie. Dit word woordeliks aangehaal:

"At various times in the conversation Van Rensburg alluded to acts of sabotage and robbery by members of his Stormjaers. He insisted however that they were not to be classed with common thieves, but that if the O.B. had engaged in robbery it was for excellent reasons.

The same motives, he assured us, impelled Robin Hood to his deeds, and only if we termed Robin Hood "thief" could we call him one. He chuckled as he gave us the following example: Late in 1941 telegraph wires were systematically cut at various points throughout the Transvaal and Northern Cape Province. As a result that communication system failed completely for a short period. The police rounded up almost 500 men, mainly on the Witwatersrand, and charged them with this sabotage. Approximately £5,000 in fines were levied on these suspects. A few weeks later in Pretoria at 11 a.m. in Church Square, the busiest point of the week in this city, two men carrying government funds were forced at the point of a revolver into a waiting automobile and drove away to relieve the messengers of the money. Despite the alarm which was immediately given, precisely the same performance was repeated in Church Square the same morning and a total of £5,000 was gotten from the government "to return to the government in the form

of fines levied on the O.B.”

“At this point we asked that in view of the violence and sabotage for which the O.B. was responsible and to which he referred, how could he account for the fact that the government had never brought him up for trial. Van Rensburg smiled, ‘it is strange you ask me that because exactly the same question was asked by Malan last week at a meeting in the Free State. Malan’s answer was that I was in league with the government and that was why I was not arrested. That, of course, is nonsense. Malan is out to scupper me in the same underhand way in which he has already scuppered Pirow, so that he can clear the opposition field for his own ends.

“The real reason why the government never arrested me is because, first, Smuts knows only too well that I am a restraining influence on the O.B. He knows that I have a well armed, obedient, well organized, militant body of men who listen to me and who obey my commands. Up to this time I have kept the O.B. in check, and, indeed we have been most ladylike in our actions. Not very long ago one of our men was brought into court and some hand grenades were placed in evidence as exhibits. It was subsequently shown by the prosecution that we have at least 8,000 hand grenades for our use. The significant point is that not one of these hand grenades has ever been used.

“Or to give you another example. Since I have been in command of the O.B. there have been eight deaths laid at our door — however, six of these were actually members of the O.B. and nobody can seriously think that we killed them. The other two men who were killed — Lotter (the man who was shot just as he was about to turn King’s evidence in the Leibbrandt trail) and Nel — were both police informers and deserved the fate they received. Actually, therefore, only two deaths can seriously be laid at our door by our detractors. Now in the history of an organisation such as ours, that is nothing.

“All this Smuts knows and he is content to let well enough alone. Furthermore, I can assure you that if the government was foolish enough to put me into prison I can name at least five cabinet ministers who would be killed or at least badly beaten up that same

night.

“But the day is coming when violence will be appropriate and the little escapades in which the O.B.’s have been previously engaged will be as nothing when the time is ripe for us to take over this country’. And then he looked at us slyly: ‘We have a number of people who are close to the government. To give you a few mild examples — Colin Steyn’s sister — Mrs. du Toit, is the head of the O.B. women in the Cape Province and, here he smiled more openly, ‘a few of the members of Smuts’s bodyguard are Stormjaers’.”

Die stryd tussen die OB en die HNP asook die verloop van die oorlog was op die ou end bepalend in hierdie skaakspel, al wou Van Rensburg dit nie in 1944 toegee nie. In eersgenoemde was die OB nie aan die wenkant nie, en die voorvereiste vir ’n OB-wenslag het soos mis voor die son verdwyn toe Duitsland uiteindelik die finale uitklophou ontvang het.

In ’n voetnota by die verslag van bovermelde ontmoeting, is aangeteken: “That Van Rensburg’s relationships with Germany may be more than cultural and spiritual is a problem beyond the scope of this report, and certainly, one which could not be probed with direct questioning of Van Rensburg. Undoubtedly, the appropriate agency of our governments has pertinent information regarding this.”³⁴⁴

3.5 Skakeling met Duitsland

Reeds tydens die Tweede Wêreldoorlog, onmiddellik daarna en selfs vandag nog is die vraag gevra en is dit vir baie mense steeds vreemd: dat nooit opgetree is teen die leier van die Ossewa-Brandwag oor beeerde skakeling met die Duitsers nie. Vir veral die buitestaander is dit ’n vreemde verskynsel, in die lig van die mate waarin daar deur ander bondgenote in die titaniëse stryd teen oorlogsmisdadigers opgetree is — en tot vandag toe steeds opgetree word.

In ’n ondersoek na dié aangeleentheid kom veral twee vroe pertinent na vore, naamlik:

- a) Was daar, van OB-kant en veral van die kant van hoofleier, dr. Hans van Rensburg, skakeling met “die vyand”, met Duitsland?

b) Indien wel, wat was die aard daarvan, en met welke oogmerke, motivering het dit geskied?

Oor die eerste vraag, naamlik of daar wel skakeling met Duitsland was, bestaan vandag geen twyfel nie: op verskeie maniere, by verskillende geleenthede en oor etlike aangeleenthede was daar sporadiese en soms lewendige skakeling tussen die OB en Duitsland. Ook oor die aard van hierdie skakeling en die oogmerke daarmee heers daar nie veel onduidelikhede nie.

Die OB het geen geheim gemaak van waar hul simpatieë in die Europese worstelstryd lê nie. Hierin is hulle gerugsteun en 'n geruime tyd lank selfs gedra deur 'n gemeenskaplike Afrikanerverset teen Brittanje en teen Britse imperialisme, wat as gevolg daarvan maar ook vanweë werklike bewondering vir wat in Duitsland waarneembaar was, meestal en baie maklik oorgesit het in pro-Duitsheid. In die OB se geval het dit by tye, veral in leiersgeledere, sterk geneig na pro-Nazisme. Die pro-Duitsheid van die Afrikaner, en in die besonder van die breë ondersteunerskorps van die Ossewa-Brandwag, het uiting gevind in woord en sentiment; in OB-leiersgeledere het dit sterk oorgehel na aktiewe, daadwerklike optrede.

Dr. Van Rensburg en Duitsland voor die oorlog³⁴⁵

Na afloop van sy skoolloopbaan het by die jeugdige Van Rensburg 'n sterk drang ontwikkel om 'n studie van die Duitse taal te maak, 'n drang wat gedra is op "'n stroom van sterk emosionele effekte". Dit het tot gevolg gehad, sê hy, "dat ek deur my intieme kennismaking (en groterdeels deurdrenking) met die geestesgoedere van 'n ander groot Europese volk behalwe die Engelse, die enigste wat ek vroeër geken het, in staat geraak het om meer vergelykende waardes oor albei in te win ... Daar is so-iets soos 'n sielontwaking. Op godsdienstige gebied noem ons dit 'n bekering. Wel, toe ek die nuwe gedagte-wêreld in hierdie 'vreemde en tog so welvertroude' taal ingaan, het in my iets soortgelyks opgebloeit ... 'n Nuwe wêreld van die gees het vir my onthul. Die bekering daarvan was onweerstaanbaar diep. Ek het afgesien van die korporaalskap en slegs een intense begeerte gehad: om oorsee te gaan studeer in Bonn of Göttingen en, ná voltijdse studie, aan een of ander universiteit in my vaderland dosent te word. Dan sou ek ander jong Afrikaners probeer met dieselfde liefde vir hierdie kultuur besiel — destyds 'n baie hulpvaardige teenwig teenoor die allesoorskaduende

Engels wat ek van kleinsaf beleef het."

Van Rensburg behaal sy meestersgraad in Duits aan die Universiteit van Stellenbosch, onder leiding van prof. Ernst Friendlaender, aan wie hy hom "oneindig veel verskuldig" voel vir die besieling wat van hom uitgegaan het.

Tydens sy termyn in die Departement van Justisie het hy veel te doen gekry met die Kommunisme en het hy dit beskou as die dodelikste gevaar in die wêreld. In hierdie stadium het hy 'n studie begin maak van Nasionaal-Sosialisme, as teenwig teen die Kommunisme.

Teen die middel van die dertigerjare kry hy 'n ondersoekopdrag in verband met die posisie van die Angola-Boere wat hulle in Suidwes-Afrika gevestig het. In sy wedervaringe aldaar word hy diep getref deur die vyandiggesindheid tussen die Duitsers en Afrikaners in die gebied. Hy ontmoet ook die leier van die Nazi-party in die gebied, majoor Von Kühne. Later is 'n klopjag op die kantore van hierdie party uitgevoer en het talle dokumente in verband met die Nazi-bedrywighede in Suidwes in besit gekom van die Departement van Justisie, waar Van Rensburg vrye toegang daartoe gehad het. Dit was sy "twyfelagtige genot", sê hy, om te kon lees hoe die Duitsers mekaar afkam en hoe hulle teen die Unie "tekere gaan ensomeer". Tussen hierdie dokumente was ook talle briewe aan en van persone soos Wilhelm Böhle, die leier van die Buitelandse Afdeling in Duitsland, en generaal Ritter Von Epp, die "skadu-Minister" van Kolonies.

In 1936 sou 'n internasionale kongres van juriste te Brussel gehou word, en Van Rensburg is deur sy Minister aangewys om dit te gaan bywoon. Dit sou 'n gulde geleentheid wees om ook aan Europa besoek te bring — 'n hartsbegeerte van Van Rensburg. Die Kongres is egter onbepaald uitgestel, maar Van Rensburg het besluit om tog te gaan. Met ou vriend kaptein Fritz Brehner, Suid-Afrika se konsul-generaal in Hamburg, as kontak en gasheer en gewapen met korrespondensie en boodskappe van onder andere Smuts, Pirow en Herr Wiehl, het hy sy lank gekoesterde ideaal uiteindelik verwesenlik.

Tydens sy besoek aan Duitsland het hy diep onder die indruk gekom van die sosiale en sosialistiese hervorminge en aktiwiteite in Duitsland. Nasionaal-Sosialisme het 'n gunstige indruk op hom gemaak, laat blyk hy in 1937 in onder andere 'n lesing voor studente te Stellenbosch.³⁴⁶

Tydens sy besoek ontmoet hy van die voorste Duitse leiers van die tyd, manne soos Goebbels, Herman Goering, Rosenberg, Von Ribbentrop, Jodl, dr. Hjalmar Schacht en ... Rykskanselier Adolf Hitler.

Die ontmoeting met Hitler was in geselskap van dr. S.F.N. Gie, die Unie se gesant in Berlyn, tydens 'n dinee van die Rykskanselier. Van Rensburg is geweldig beïndruk deur die blik in die oog van die Führer: "... oë, met 'n boeiende mag wat 'n mens moet beleef om dit te begryp! Vir my was die man wat voor my staan nie die redder van my volk nie — soos Hitler op daardie tydstip wel vir die Duitse volk was — dog slegs 'n persoonlikheid. Maar watter Persoonlikheid! ... Op daardie oomblik skiet dit my met onwederlegbare sekerheid binne: nou, vir die eerste keer in my lewe, begryp ek die wonderwerk van die Maagd van Orleans, Jeanne d'Arc!"³⁴⁷

In 1944, toe Duitsland besig was om op sy knieë te sak, het Amerikaanse gesante 'n onderhoud met Van Rensburg gevoer, en het hy ook teenoor hulle die beeld van Jeanne d'Arc opgetower. "Hitler ist ein Heiliger", moes die verbaasde Amerikaners verder aanhoor: "He said that the air in Hitler's presence was charged and that if we believed at all in the supernatural — which is something that you do believe in or you don't — then we would know, as he did, that he was in the presence of a force that was outside the mundane world."³⁴⁸

By bogenoemde banket het Van Rensburg langs mev. Goebbels gesit. Op haar vraag na haar man se reputasie in die buiteland, was Van Rensburg se antwoord: "Bewundert viel, und viel gescholten" (dikwels geprys, net so dikwels vervloek). Hy vind Goebbels self 'n persoonlikheid met vlymskerp verstand, baie minsame maniere en 'n besondere sagte stem: "Joseph Goebbels was wel uiterlik nie indrukwekkend nie, maar die innerlike mens het aantreklike — en gevaarlike — eienskappe besit."³⁴⁹

Oor die doel van sy besoek sê Van Rensburg dat dit nie was om te oordeel of om fout te vind nie: "Ek was daar om te leer wat ek kan en om waar moontlik agter die gordyn te sien. In die eerste plek wou ek probeer om die ontwakende versugting van 'n dinamiese volk te verstaan."³⁵⁰

'n Besoek is ook gebring aan die anti-Kommunistiese Buro van dr. Adolf Ehart in Berlyn, waar Van Rensburg baie beïndruk is met dit wat gedoen word om die Kommunisme te bestry.³⁵¹ Op uitnodiging het hy hierna

vir generaal Von Epp ontmoet. Die doel met hierdie uitnodiging was vir Van Rensburg duidelik: hy is beskou as 'n persoon wat dalk 'n simpatieke oor vir die Duitse koloniale aspirasies kon hê. Dit was toe ook so: Von Epp het hom gepols, en Van Rensburg het die kans waargeneem om openlik te praat oor die ongesonde situasie in Suidwes-Afrika, soos dit geblyk het uit die Nazi-dokumente waarop die Suid-Afrikaanse regering beslag gelê het.

'n Laaste noemenswaardige voorval tydens sy besoek aan Duitsland was toe hy deur 'n vermeende Duitse spioen besoek is, wat sekere luisterapparaat vir gebruik in Suid-Afrika getoon en Van Rensburg versoek het om dit saam te neem. Van Rensburg het vermoed dat dit 'n lokval was en die man afgewys. In 1944 het hy weer 'n besoek van hierdie man, hierdie keer 'n voortvlugtige uit 'n interneringskamp, ontvang. 'n Aanbod van Masser ("Schmidt") om naamlik as boodskapper vir die OB op te tree, is summier van die hand gewys.³⁵² In die latere polisie-onderzoek na ondermynende bedrywighede het hierdie persoon onder andere ook verklarings teen Van Rensburg gemaak.

Deur die Unie se Verdedigingsmag is gereël dat Van Rensburg ook infanterieveldoefeninge in Engeland en Duitsland kon bywoon. By sy terugkeer in Suid-Afrika het hy 'n uitvoerige verslag oor sy besoek en oor sy waarneminge opgestel en ook sy indrukke in 'n lesing aan offisiere oorgedra.³⁵³

Van Rensburg se bewondering vir Duitsland en vir die Duitsers was onomwonde en onbeskaamd: "In elk geval wil ek slegs getuig van wat ek self gesien en beleef het: dit wil sê, van hardwerkende en tog uitnemende vriendelike volk; van wonderskone stede ... en gemoedelike, netjiese dorpie. Al het 'n groot deel van die wêreld daardie volk gehaat met 'n haat wat van afguns nie ver verwyder was nie, het ek nooit aanleiding of oorsaak tot so 'n haat gevoel nie. Nie voor die oorlog nie, nie tydens die oorlog nie en ook nie tot op vandag toe nie."³⁵⁴

Kort na sy terugkeer in die Unie word hy aangestel as Administrateur van die Vrystaat. Goewerneur-generaal Patrick Duncan gee die volgende getuigskrif van hom:

"I was favourably impressed by the Administrator Van Rensburg — young capable, ... and intelligent. He has a strong sense of nationality not in the exclusive Afrikaans outlook of the politicians but rather on

the Hitler lines keen on training and discipline not, I should think, an admirer of parliamentary institutions and methods.”³⁵⁵

Van die kant van genl. Manie Maritz³⁵⁶ sowel as van die kant van die Ossewa-Brandwag³⁵⁷ is reeds in die loop van 1940 voelers uitgesteek om Duitse militêre samewerking te verkry. Maar ook van Duitse kant is skynbaar inisiatiewe geneem, in die lig van die belangrike geografiese ligging van Suid-Afrika. Teen die lente van 1940, met die sluiting van die Driemoondheidsverdrag tussen Duitsland, Italië en Japan as rig-snoer, was dit duidelik dat Duitsland *Lebensraum* in Sentraal-Afrika in die rigting van die voormalige Duitse kolonies sou soek, indien en wanneer Engeland beslissend verslaan is. Boonop was die leier van die Nederlandse Nasionaal-Sosialistiese Beweging, Anton Mussert, in hierdie tyd druk besig om Hitler se steun te soek vir ’n geïdealiseerde bevrydingsekspedisie na Suid-Afrika.³⁵⁸

In April 1940 is ’n Duitse agent na die Unie gestuur. Na sy terugkeer word in Oktober verslag gedoen. In sy rapporte het die agent verwys na voorbereidings wat gemaak word vir “a large Nationalist demonstration, which will furnish the prelude for a Nationalist popular uprising” — mits England beslissend verslaan word.³⁵⁹ Ook is verwys na die huiwerige houding van Hertzog en Malan, in teenstelling met “a group of younger Nationalists, who have their center in Bloemfontein, who are radical and prepared to take action at once by making use of the Ossewa-Brandwag organisation. This organization is a secret Nationalist league drawn up on military lines, which has spread over the whole country and is reported to have over 100,000 members.”

Weens ’n gebrek aan wapens, gaan die verslag voort, sal ’n opstand beswaarlik kon slaag sonder hulp van buite.

Die geheime agent, wie se identiteit nie bepaal kan word nie, het ook met Hertzog en Malan kontak gemaak en die amptelike-goedgekeurde Duitse houding aan hulle oorgedra, naamlik dat Duitsland die onafhanklikheid van die Unie (waarby ingesluit die Britse protektorate) sou erken en dat Duitse kolonisasie in Suidwes-Afrika nie ’n bedreiging vir Suid-Afrika sou inhou nie. Ook is gunstige kommentaar gelewer oor die uitwerking wat die radio-omroep Zeesen op die bevolking in Suid-Afrika het.³⁶⁰

’n Maand later, in November 1940, word beklemtoon³⁶¹ dat die kanse

vir ’n suksesvolle opstand in Suid-Afrika maar skraal was; in Duitse kringe is geen hoë dunk van die OB gekoester nie. Gevolglik is gerapporteer dat Duitsland wel simpatiek staan, maar dat nie oorhaastig sonder genoeg ammunisie en voorrade opgetree moes word nie. ’n Besluit oor wapenverskaffing sou in oorleg met die leëropperbevel geneem word.

Hierdie memorandum verwys na ’n aanvraag deur die leier van die Ossewa-Brandwag wat in hierdie stadium nog kol. Laas was. Dit het reeds geblyk dat Laas al in 1939 druk besig was om skakeling met die Duitsers te bewerkstellig.³⁶²

Teen bostaande agtergrond kan enkele getuienisse omtrent die beweerde Duitse skakeling kortliks beskou word.

Die Radleys

Will en Marietjie Radley was twee Suid-Afrikaners wat deur die uitbreek van die oorlog in Duitsland vasgekeer is en wat diep onder die indruk gekom het van die geweldige opbloei en omwenteling wat deur Hitler en Duitsland bewerkstellig is. Will het ’n rol gespeel in die uitsendings van die Duitse radio-omroep Zeesen wat so ’n groot aanhang onder anti-oorlogsgesindes in die Unie verkry het.

Die Radleys, wat teen hierdie tyd bekende persone in Duitse regeringskringe was, is deur minister Von Ribbentrop versoek om boodskappe na Suid-Afrika deur te neem. Dit was ’n gewigtige versoek: “Ek het wel deeglik die implikasies van so-iets besef, en ook het die Duitse amptenary my aandag daarop gevestig. Indien jou eie regering in ’n staat van oorlog verkeer met ’n ander staat en jy heul met die vyand in die geheim, kan jy, indien dit bewys kan word van hoogverraad aangekla word, en jou voorland is die vuurpeleton.”

Radley het dadelik toegestem, en die saak vir homself só uitgemaak: “As ek dan hierdeur verraad gepleeg het, dan was dit nie teenoor my nasie nie, maar teen ’n regering wat toevallig en op sluwe wyse die staatsmag gegryp het en teenoor wie ek geen simpatie of trou gevoel het nie. Daarvoor was ek gewillig om myself op te offer. As iemand my dus as sleg beskou om daardie rede, dan moet hy ook so voel teenoor generaal C.R. de Wet, generaal Koos de la Rey, kommandant Jopie Fourie, rebel kommandant Japie Neser en baie ander.”³⁶³

Saam met die betrokke Duitse leiers wat spesifiek hul aandag aan Suid-Afrika gewy het,³⁶⁴ is die politieke situasie in die Unie diepsinnig ontleed en is besluit dat dr. D.F. Malan as toekomstige leier van die Afrikaners die beste skakelpersoon sou wees om boodskappe te ontvang. Beide genl. Hertzog en dr. Van Rensburg is egter nie gering geskat nie.³⁶⁵

Mev. Radley het eerste na Suid-Afrika gekom, middel-Februarie 1940. Omdat dr. Malan in die Kaap was en ook op advies van andere, wat hom as betroubare persoon beskou het, is die boodskap aan dr. Van Rensburg oorgedra, met die versoek om dit later aan Malan deur te gee.

In hierdie boodskap belowe die Duitse regering dat hy, indien vrede met die Unie gesluit word, die Unie se grondgebied en soewereiniteit sou erken. Ook het Duitsland toegestem dat sowel die Britse Protektorate as Suid-Rhodesië dan deel van die Unie kon word.

Vanuit Suid-Afrika het mev. Radley per kode laat weet dat die boodskap afgelewer en goed ontvang is, maar dat dit onseker is of reaksie gou getoon sal word.³⁶⁶ Radley is hierna weer deur die konsul-generaal Karlowa ontbied en versoek om 'n opvolgbodskap na Suid-Afrika deur te smokkel. Karlowa het beklemtoon dat die boodskap vir dr. Malan bedoel was, maar het gesê dat dit ook via dr. Van Rensburg aan Malan besorg kon word.³⁶⁷

Die besonderhede van hierdie tweede boodskap was soos volg:

- "1. Die Duitse regering herbevestig sy voorneme en aanbod aan die Suid-Afrikaanse Volk soos vervat in die onderneming wat deur mev. Marie Radley oorgedra is in Januarie 1940.
2. Indien 'n gewapende opstand teen die oorlogspoging sou ontstaan in Suid-Afrika, en die opstandelinge wapens nodig, kan Duitsland die wapens, wat vry geword het nadat die Spaanse Burgeroorlog 'n aantal maande tevore ten einde geloop het, bekom en voorsien. Hoewel nie nuut nie is dit nog goed bruikbaar en dit kan in Noord-Afrika afgelewer word om dan verder self vervoer te word. Van sy eie wapens kon Duitsland egter niks afstaan nie aangesien dit alles tuis benodig word.
3. Die Duitse Regering sal graag kontak met die opstandsbeweging

wil hou, en hulle is welkom om probleme te bespreek."

Op 6 Mei 1940 het Radley in Suid-Afrika gearriveer, maar moes dadelik op vlug slaan omdat die polisie hom ingewag het. Hy is na Bloemfontein waar hy die boodskap aan dr. Van Rensburg gegee en versoek het dat dit aan dr. Malan deurgegee moes word.³⁶⁸ Radley is kort hierna gearresteer en geïnterneer, later deur onder andere Minister Harry Lawrence intensief ondervra oor 'n moontlike Zeesenverbintenis en op 3 Desember 1940 vrygelaat, nadat hy 'n onderneming geteken het om hom stil te gedra.³⁶⁹

Dr. Malan het later, toe hy daarom gevra is, gesê dat die Duitse boodskap nooit by hom uitgekom het nie.³⁷⁰ Teen die einde van 1941 het Radley deur middel van adv. Swart en mnr. J.J. Haywood 'n ontmoeting met dr. Malan gereël, waartydens hy die versteekte oorspronklike boodskap uit sy horlosie gehaal en aan Malan gegee het. "Die altyd waardige man het die papiertjie gelees, 'n oomblik nadenkend vasgehou, maar niks gesê nie en dit toe in sy sak gestee." ³⁷¹

Van agterna beskou, meen Radley dat dit miskien ook maar goed was dat sy boodskap nie by Malan uitgekom het nie, "want dit kon eindelose smart en bloedvergieting tot gevolg gehad het, met baie onsekere kanse op sukses ... Ek behoort ook te noem dat ek nie dink dat dr. Malan met die boodskap wat ek gebring het enigiets sou *kón* of sou *wou* uitrig nie." ³⁷²

Na afloop van die oorlog en toe die kwessie van oorlogstydse skakeling in die Unie-parlement onder die loep geneem is, is ook na die Radleys verwys en is as rede vir sy internering aangegee dat daar sterk aanduidings was dat hy oor radio Zeesen uitgesaai het. ³⁷³

Oor die motief of rede waarom dr. Van Rensburg nie die Duitse boodskap(pe) aan Malan besorg het nie, het Radley 'n oop gemoed. ³⁷⁴ Dit moet verder onthou word dat Van Rensburg in hierdie stadium nog Administrateur was en, formeel altans, geen skakelings met die OB gehad het nie.

Hans Rooseboom

Dié Duits-gebore maar genaturaliseerde Suid-Afrikaner was as joernalis in Duitsland werksaam toe die Tweede Wêreldoorlog op 3 Septem-

ber 1939 uitbreek het. Kort hierna is hy deur die Duitse Geheime Diens “(Abteilung Fritz)” gewerf om na Suid-Afrika te gaan, veral met die oog op deursending van politieke inligting. Blykbaar het die Duitsers verwag dat Suid-Afrika hom spoedig aan die oorlog sou onttrek.³⁷⁵

Reeds by sy vertrek, op die boot en ook by sy aankoms in Suid-Afrika is hy fyn dopgehou deur die Britse Geheime Diens. Met die Duitse besetting van Nederland in Mei 1940 is sy verbindingskanaal afgesny en het hy ’n nuwe verbindingskanaal, via Lourenco Marques, in werking gestel. Hy is egter deur die polisie in hegtenis geneem en geïnterneer.

Terwyl hy in die Leeukop-interneringskamp was, het die onluste in die Baviaanspoortkamp plaasgevind. Rooseboom het volle besonderhede daarvan bekom, ’n lywige verslag daaroor opgestel en deur middel van ’n vroulike kontak na Duitsland deurgestuurd. Vandaar is die besonderhede, soos deur Rooseboom verskaf, twee aande later, via Radio Zeesen terugherlei na Suid-Afrika.³⁷⁶

As uitvloeisel hiervan het twee prominente OB-lede, Jan Ackermann en Michiel Botha, Rooseboom namens “die OB-leiding” genader met ’n versoek om as skakel met Duitsland op te tree. Hierdie versoek het blykbaar die sanksie van die Transvaalse OB-leiding gehad, maar die Kaapse leier van die beweging, J.A. Smith, was nie daarvan bewus nie.³⁷⁷ Oor hierdie saak sou daar later heftig swaarde gekruis word.

Hoe ook al, die OB het gehelp om ’n gewaagde ontsnapping vir Rooseboom te bewerkstellig. Hierna het Rooseboom ’n boodskap op versoek van die OB na Duitsland deurgestuurd en, terwyl hy hom skaars moes hou vir die polisie, ’n eie inligtingsdiens opgebou en van tyd tot tyd namens die OB boodskappe versend en ontvang.

Die boodskap aan Duitsland, waarmee Rooseboom sy verpligting (onderneming) teenoor die OB begin nakom het, was in die vorm van ’n groot aantal vrae en versoeke met betrekking tot Duitsland se houding jeens Suid-Afrika. Hierdie vrae/versoeke het onder andere die volgende behels:

1. Sal Duitsland die Unie beset as hy die oorlog wen?
2. Sal Duitsland skadevergoeding van Suid-Afrika eis?
3. Sal Duitsland Simonstad opeis, soos die Engelse?
4. Wat is Duitsland se planne jeens Suidwes-Afrika?

5. Dat Smuts en sy helpers as oorlogsmisdadigers verhoor sou word.
6. Dat die mishandeling van krygsgevangenes in Baviaanspoortkamp volledig ondersoek en die skuldiges gestraf sal word.
7. Dat, wanneer ’n nuwe regering in die Unie aangewys word, Duitsland voorlopig en na onderlinge oorleg goedkeuring moet verleen aan die nuwe Eerste Minister of President.

Die Duitse antwoorde op die vier belangrikste OB-navrae was soos volg:

1. Nee, Duitsland sal nie Suid-Afrika beset nie, maar hulle eis dat ’n goedgesinde Nasionale Regering aan bewind sal kom en dat daar behoorlike samewerking moet wees. Alleen as so ’n Nasionale regering dit verlang, sal Duitsland bereid wees om troepe te stuur.
2. Duitsland sal wel skadevergoeding eis, maar dan as belasting uitsluitend vir alle persone wat nie kan bewys dat hulle ’n nasionale beweging in Suid-Afrika ondersteun het nie, met ander woorde dat hulle teen oorlogsdeelname was.
3. Nee, Duitsland is bewus daarvan dat dit vir Suid-Afrika ’n pynlike saak is dat daar ’n vreemde moonheid op sy grondgebied is. Hulle sal Simonstad ontruim en aan die SA Vloot oorlaat, maar as dit nodig sou word, sou hulle ’n ooreenkoms met SA aangaan om een van die eilande voor die kus as basis uit te bou.
4. Duitsland eis ’n verklaring waarin SA erken dat Suidwes-Afrika onwettig en onder valse voorwendsels van Duitsland afgeneem is, en dat dit in beginsel aan Duitsland teruggegee word. Onder heersende omstandighede en vanweë baie Afrikaners in die gebied sou hulle eis dat Duits as ’n landstaal erken word en dat ’n ooreenkoms aangegaan sal word oor watter regte Duitsland en Suid-Afrika daar sou uitoefen.

Rooseboom het voortaan op ’n gereelde basis en names die OB boodskappe na Duitsland deurgestuurd, aanvanklik deur middel van “doodsberigte” wat in ’n Engelstalige koerant geplaas is en later deur ’n tuisgemaakte sender.³⁷⁸

Van die inligting wat deur dr. Van Rensburg en ander OB-lede vir deursending verskaf is, het gehandel oor die bewegings van skepe rondom die Suid-Afrikaanse kuste.³⁷⁹ Op ’n keer het Van Rensburg die voorsit-

ter van die Grootraad ingelig dat hy werklik kontak het met die Duitsers, dat hy inligting oor skepe deurgee as daar nie Afrikaners op is nie. Maar hy was ten volle bewus daarvan dat hy gefusilleer sou word indien die regering dit sou agterkom.³⁸⁰

In 'n stadium was Rooseboom en Lothar Sittig saam in die veld, as OB-agente. Afgesien van hulle twee, was daar nog heelparty ander persone wat hulle met senders en uitsendings na Duitsland besig gehou het — by geleentheid is glo nie minder nie as vyftien sulke groepe getel.³⁸¹ Daar was blykbaar wedersydse kontak tussen Rooseboom en Sittig, maar laat in 1942 het probleme tussen hulle ontstaan.³⁸²

Deur bemiddeling van Heimer Anderson, onder wie se toesig die kommunikasie met Duitsland geressorteer het, is Rooseboom kort hierna deur Van Rensburg van sy verantwoordelikhede onthef. Met 'n onsmaklike nadraai het Rooseboom en die OB se paaie geskei.³⁸³

Lothar Sittig

Lothar Sittig, 'n Duitse onderdaan wat na die uitbreek van die oorlog geïnterneer is, was 'n derde sleutelfiguur in die geskiedenis van OB-skakeling met Duitsland gedurende die Tweede Wêreldoorlog.³⁸⁴ Sy kode-naam was "Felix".³⁸⁵

As ontsnapte uit die Leeuwkop-interneringskamp het hy in Lourenco Marques skuiling gesoek en daar noue kontak gemaak met Hoofkonsul Trompke en Konsul Wertz, in diens van die Duitse Departement van Buitelandse Sake.³⁸⁶ In Duitse regeringskringe was daar onvergenoegdheid oor die politieke situasie in Suid-Afrika, oor die gebrek aan aksie en eensgesindheid in die geledere van die anti-oorlogsgesindes. Boonop was enkele vorige pogings om stewige kontak met Suid-Afrika te verkry, onder andere deur middel van Rooseboom en Leibbrandt, onsuksesvol. Toe gebeur daar iets wat nuwe aksie tot gevolg sou hê.³⁸⁷

In sy herinneringe vertel Sittig hoedat die voortvlugtige Olaf Andreson, die komponis van onder andere die bekende Heidelberg en ander OB-liedere, in Lourenco Marques aangekom en aan die Duitse gesant inligting oorgedra het betreffende die aktiwiteite van die Stormjaerbeweging en die feit dat OB-leier dr. Hans van Rensburg aan die spits daarvan gestaan het.

Hierdie nuus het daartoe gelei dat van Duitse kant met Van Rensburg geskakel is, en dat die moontlikheid van wapenlewering aan die OB genoem is.³⁸⁸

In antwoord op die Duitse boodskap van Van Rensburg, het Sittig ("Felix") aan Wertz, en Wertz op 5 Mei 1942 aan Berlyn laat weet: "Van Rensburg asks for intensification of German propaganda for Ossewabrandwag: Stormjaers very active but decisive action impossible without German assistance. Suggestion that coastal towns be bombed (Personal suggestion by Felix)". In dié kabel is ook genoem dat Felix met "Peters" en die OB saamwerk.

Kort hierna, op 21 Julie, het 'n ander agent met kodenaam "Hamlet" (Elferink) gerapporteer dat die Stormjaers rekonstrueer en om militêre hulp vra: die OB stel hom geheel-en-al tot die beskikking van Duitsland.³⁸⁹

Sittig dui verder aan hoedat Van Rensburg aanvanklik probleme gehad het om die meriete en effektiwiteit van sy taktiek by die Duitsers tuis te bring, maar uiteindelik het hulle tog besef dat minstens twee van Smuts se divisies as gevolg van die OB-aktiwiteite tuis moes bly.³⁹⁰

Wat die aktivistiese aspekte van hierdie skakeling met Duitsland betref, laat Sittig hom soos volg daaroor uit:³⁹¹

"Die belangrikheid van militêre gegewens is deur die Ossewabrandwagleiding nooit uit die oog verloor nie. Langs die politieke nuus het steeds 'n stroom van militêre gegewens, data, feite en beplannings na Duitsland gestroom. Die oorlogsmasjienerie in Suid-Afrika was deurspek met Stormjaers en Ossewabrandwagmanne wat geen oomblik gehuiwer het om die nodige te doen nie. So is deur hierdie sender, om maar net één voorbeeld te noem, die landing van die geallieerde magte in Oran³⁹² weke vooruit korrek voorspel.

"Daar was delikate punte wat versigtige hantering vereis het. Dr. Van Rensburg het dit duidelik gestel dat geen militêre inligting waarby Suid-Afrikaanse lewens op die spel geplaas kon word, deur hierdie sender gestuur mog word nie. Hierdie versoek is streng gehandhaaf ten spyte van sterk opposisie binne ons eie kringe³⁹³ en van Duitsland."

Sittig het na afloop van die oorlog daarin geslaag om hom skuil te hou,

en hoe graag hulle hom ook in die hande probeer kry het om die beplande hoogverraadsaak teen Van Rensburg aanhangig te maak, kon die speurders hom eenvoudig nie opspoor nie.³⁹⁴

3.6 Na-oorlogse ontnugtering

Die beëindiging van die Tweede Wêreldoorlog, met die verpletterende neerlaag van die Duitsers en die eerlose einde van Hitler en Mussolini, was vir die OB-leiers 'n bitter pil om te sluk, al het sommige van hulle dit 'n geruime tyd lank al sien kom.

In 'n terugblik aan die einde van sy loopbaan in diens van die OB het Van Rensburg erken dat die agteruitgang van die beweging na die breuk met die HNP in 1941 'n aanvang geneem het. Vir elke denkende mens, sê hy, was dit duidelik dat vroeër of later na die “ware tuiste ... die gros van hulle mede-nasionaliste en mede-republikeine” teruggekeer sou moes word. Afsonderlike voortbestaan van die OB was syns insiens geregverdig vanweë die persone wat nog “in die Empire se kampe en tronke gelê het” en aan wie kameraadskaplike trou bewys moes word. Hulle families moes versorg word; hul offers kon nie eenvoudig in die bloue lug durf verdwyn nie.³⁹⁵

Dit is te betwyfel of die woelinge en onrus waarvoor die OB (lees eerder: Stormjaers) in die oorlogsjare verantwoordelik was, so simplisties afgemaak kan word.

Vroeg in 1942 is na bewering reeds aan dr. Hans van Rensburg gesê dat die OB van taktiek moes verander. Van Rensburg wou dit nie aanvaar nie; hy het steeds geglo dat Duitsland die oorlog sou wen en wel met geheime wapens.³⁹⁶ Volgehoue skakeling met Duitsland tot feitlik aan die einde van die oorlog³⁹⁷ en die volgehoue verset en ondermyning teen oorlogsdeelname³⁹⁸ getuig wel deeglik van hoop en verwagtinge dat die aanbreek van “Der Tag” die vervulling van ideale (drome?) sou teweegbring.

Daar is reeds vroeër in hierdie hoofstuk (p. 235 e.v.) gewys op die ont-hullende gesprek wat Van Rensburg in Junie 1944 met Amerikaanse diplomate gevoer het. Die ontmoeting het op 5 Junie 1944 plaasge-

vind.³⁹⁹ In die onderhoud het Van Rensburg laat blyk dat hy steeds glo dat Duitsland die oorlog sou wen en dat die OB uiteindelik die bewind in Suid-Afrika sou oorneem. Hy het uitvoerig uitgewei oor toekomsverwagtinge en onder andere gewys op chaos wat onvermydelik na die oorlog sou intree. Die regering met sy uiteenlopende elemente sou uiteen val, en die Nasionale Party sou oorneem. Malan sou net die mid-delman wees en sal deur die revolusionêre krag van die OB vervang word, met die insinuasie dat hy (Van Rensburg) dan aan die roer van sake sou staan.⁴⁰⁰

Rekrute uit die geledere van terugkerende soldate sou die OB se mili-têre karakter verstewig, met die Stormjaers as kern. En wat die Nasio-nale Party betref, sê Van Rensburg sal daar slegs 'n eenheidsfront wees as of die party of die OB vernietig word. Die OB sal nooit met die Party saamgaan nie: “They are wishy-washy, professing to believe in constitu-tional reforms, in achieving a republic while keeping all of the allegedly democratic trappings. We, on the other hand, believe in real National Socialism achieved by revolutionary means — and when I say revolu-tion I actually mean armed rebellion.”

Sekere basiese gedagterigtings in Van Rensburg se gesprek met die Amerikaanse gesante word teruggevind in 'n brief wat hy die vorige aand aan prof. L.J. du Plessis geskryf het. Hy was oortuig dat die OB nie gebreek kon word nie, dat hulle “die sterkste potensiële bondgenoot in die land” was en mettertyd sou seëvier.⁴⁰¹ En te Parys het Van Rens-burg juis in hierdie dae laat blyk dat 'n Duitse oorwinning die begeerde republiek sou bring.⁴⁰²

Enkele weke later het Van Rensburg die onderhoud met die Amerikaners opgehaal⁴⁰³ om te wys op die kragtige posisie waarin die OB hom be-vind — die sterkste potensiële bondgenoot vir 'n opposisie wat aan be-wind wil kom. Hy het gewaarsku teen verbroedering met die “trouelose partyleiers”⁴⁰⁴ en het gemeen dat, weens isolasie, die partyleiers die OB noodgedwonge sou moes nader. Versterk deur die ontbindende regeringsmagte en die werkers, sou as “laaste redding uit die warboel” oorbly die OB.

Intussen het die OB in sy beleidsformulering, veral wat betref toekoms-tige staatsbeleid, getoon dat hy hom gereed maak vir enige gebeurlik-

heid wat die OB in 'n posisie sou plaas om die bewind te kon oorneem.⁴⁰⁵ Die sand in die OB-uurglas was stadig maar seker besig om uit te loop; “Der Tag” was aan die vervaag ...

Op 25 Julie 1944, na die bomaanslag op Hitler se lewe en die Stormjaer-aanranding op F.E. Mentz, het N.G.S. van der Walt onrus in sy dagboek aangeteken.⁴⁰⁶ J.A. Smith het verwys na gebeure in Italië en was van mening dat 'n eksklusiewe beweging net tydelik sukses kon hê, dat 'n keurbende net in 'n noodtoestand noodsaaklik was — ongetwyfeld 'n kritiese verwysing na die Stormjaers.

In September lug Van der Walt weer sy gevoelens teenoor Smith⁴⁰⁷ en sê dat dit tyd geword het om die Stormjaergedagte op die agtergrond te skuif:

“Ons stryd word 'n volkspolitiese en 'n organisasie soos hierdie sal, as dit in stand gehou word, noodwendig as 'n politieke wapen aangewend word — soos dit reeds die geval is — met noodlottige gevolge vir die OB se prestige. Moeg van geweld en bloedvergieting, begin die reaksie van vrede en rus nou by die volkere intree. Dit geld ook ons volk, en in so 'n sielkundige toestand is 'n aksiegroep soos die S.J.'s 'n steurende wanklank. Verder hou dit die gevaar in om onder verkeerde leiding handuit te ruk, soos die I.R.A. in Ierland en genl. Röhm met die S.A. in Duitsland. Die verregaande ontaarding in die jongste tyd bots met die Christelike gevoel van ons volk.” Smith het hierdie gevoel gedeel.

Volgens sy dagboek het Van der Walt die gevoel oor die Stormjaers 'n maand later aan Van Rensburg oorgedra, maar weens tydsgebrek is nie veel daarvoor gesels nie.⁴⁰⁸

In die doodsnik van die Europese worstelstryd en na die dood van Hitler was die ontgogeling in OB-geledere groot. J.A. Smith wou dit terstond laat uitbasuin dat die einde van Hitler en Mussolini bewys lewer dat geen eenpartyskap kon slaag nie, maar N.G.S. van der Walt het gevoel dat die tyd daarvoor nog nie ryp was nie: “Breë lyne moet nou getrek word tussen reg en verkeerd en dan val ons saam met Duitsland aan die eenkant van die lyn. Bowendien het ek daarop gewys dat 'n verwerping van die eenpartystelsel in Duitsland op hierdie tydstip vertolk sal word as 'n wegvlugting van jou vriende in tyd van hul onder-

gang, en 'n groter ondermyning van jou ondersteuners se moreel is nouliks denkbaar.”⁴⁰⁹

Na bewering was Van Rensburg op die dag van Duitse oorgawe in 'n “verskriklike” toestand, het hy tot op die laaste moment nog geglo dat Duitsland deur 'n wonderwerk, 'n soort geheime wapen, die oorwinning sou behaal.⁴¹⁰

Maar terwyl Smith en diesyne alles in hul vermoë gedoen het om 'n nuwe oriëntering te bewerkstellig, slaan 'n groepie Stormjaers weer eens toe.

Vredesluiting vroeg in Mei 1945 is in Pretoria met kanongebulder begroet. Terwyl 'n feestelike atmosfeer in die hoofstad heers, slaag 'n groepie Stormjaers daarin om by die kantoor van die amptenaar in beheer van internerings in te breek en word sekere dokumente betreffende hierdie omstrede praktyk verwyder.⁴¹¹ In sy herinneringe het Van Rensburg slegs die hoogste lof vir hul waaghalsigheid en motiewe.⁴¹²

'n Rukkie later skryf N.G.S. van der Walt 'n artikel oor wet en orde in *Die O.B.* en teken hy in sy dagboek aan dat verkeerde elemente uit die beweging verwyder moes word. Ook sal besluit teen verdere “uitspatlikhede en onwettigheid” standpunt ingeneem moet word: “Die tyd vir sulke speletjies is nou verby ...”⁴¹³

Uit 'n ander oord word vertel dat die jongeres begin om Pirow en Van Rensburg teen mekaar op te weeg en dat hulle dit veral het teen laasgenoemde se oordrywing van die heroïese. Inderdaad het Van der Walt al tevore vir Van Rensburg oor dieselfde saak aangespreek.⁴¹⁴

In Oktober 1945 verkeer Van Rensburg in gesprek met Heimer Anderson, die man wat die naaste aan Van Rensburg gestaan het. Anderson moes erken dat die leiersbeginsel 'n mislukking was, omdat te veel mag aan een persoon hande uitruk. Die Hitlerbewind het te ver gegaan; die tyd vir geweld is verby, saam met die oorlog.⁴¹⁵

Sonder gewere

Omstreeks hierdie tyd het Van Rensburg aan 'n boek gewerk waarin die Stormjaer-era geïdealiseer is.⁴¹⁶ Van der Walt en Anderson het gemeen dat die tyd daarvoor nie ryp was nie.⁴¹⁷ Eersgenoemde wou

dat dit duidelik begryp moes word dat dié gebeure beperk was tot 'n bepaalde fase, gedryf deur 'n hoë motief, "want op sigself is die ondergrondse optrede misdaad en verwerplik. Dit moet vir elkeen duidelik wees dat dit tot die verlede behoort."⁴¹⁸

Van Rensburg het die saak nie so gesien nie en het gesê dat die OB's wat nie op dié weg wil voortgaan nie, maar moes uitstap. Hy verwerp enige ander denkrigting, noem dit Malanisme en beklemtoon: "Ons gaan aan met die stryd ..."

Teenoor 'n vriend, aan wie hy die manuskrip ter insae voorgelê het, sê hy in hierdie tyd dat die boek bedoel is as monument vir die Stormjaers "en te sorg dat die fakkel nie gedoof word deur die jare van vrede wat kan voorlê."⁴¹⁹

Van der Walt het bly pleit "... baie van ons daad was op sigself heeltemal oneerbaar, en om dit te verheerlik sonder meer, beteken om bandeloosheid te ontketen waarvan ons self die slagoffers sal word."

Hierop het Van Rensburg skerp en beslis gereageer: "Ons sal dit onderdruk; laat hulle maar probeer dan skiet ons hulle." Van der Walt het uitgestap met die woorde: "Maar Mussolini het aan sy voete gehang."

Direk hierna bespreek Van der Walt en J.A. Smith die saak en wys laasgenoemde op Van Rensburg se onwilligheid om teen die noodregulasies te agitêr: "Hy kan blykbaar nie meer dink aan 'n ander soort stryd as ondergronds nie. Vir hom gaan dit nou bloot om geweld al gaan alles na die hoenders."

Smith vs. Stormjaers

Vroeg in November 1945 het assistent-kommandant-generaal Smith tydens 'n Grootraadsitting te Johannesburg sake tot 'n spits gedryf, deur naamlik sy bedanking in te dien as protes teen sekere neigings en verskynsels in die OB.

Op dié byeenkoms het Smith 'n voorstel oor reorganisasie voorgelê, wat druk bespreek is en tot gevolg gehad het dat 'n Kommissie van Onderzoek ingestel is om oor Smith se probleme en bedanking te beraadslaag.⁴²⁰ In die besprekinge tydens die Grootraadsvergadering het prof. L.J. du Plessis sterk gefigureer en gesê dat 'n stryd tussen die SJ's en

die volksbeweging ontwikkel het: eersgenoemde wil ongedisiplineerd en onwettig optree, terwyl laasgenoemde vir orde en dissipline staan. As die SJ's (met Anderson as verteenwoordiger) wen, sou daar geen plek meer vir ordentlike mense in die OB wees nie.⁴²¹

Volgens Smith het De Jager, Anderson en andere gepoog om hom uit te skakel en sodoende die SJ-invloed te versterk, maar die uiteinde was "so 'n kragtige demonstrasie teen die SJ-gedagte dat Anderson bedank het."⁴²² Smith het ingewillig om sy bedanking oor te hou in afwagting van die Kommissie se verslag, maar was beslis dat die SJ-kwessie finaal opgelos moes word: "... die likwidering van die spul of ons ander moet uit."⁴²³

Die lywige verslag van die Kommissie van Onderzoek⁴²⁴ getuig dat die OB inderdaad 'n krisis beleef het.

Afgesien van klagtes met betrekking tot die rol en funksie van die Grootraad en die OB in die algemeen, het die hoofleiding ook sterk onder skoot gekom, onder andere vanweë sy verbintenis met die Stormjaerbeweging. Die Kommissie vat dit só saam: "Laasgenoemde situasie bring die O.B. in voortdurende gedrang. Die O.B. word as hulporganisasie van die S-beweging ingespan, sodat dit hom tien-duisende ponde en net soveel lede gekos het; en boonop bestaan daar geen vooruitsig dat die O.B. ooit van hierdie las ontslae sal raak nie."

Die Kommissie het in sy verslag besondere begrip openbaar vir Smith se standpunt, met deeglike verrekening van die historiese agtergrond van die beweging en Smith se onbetrokkenheid en teenkanting vanuit die staanspoor. Maar ook is krediet gegee aan Van Rensburg se leiding onder moeilike omstandighede. Die bevindinge hieromtrent word volledig aangehaal:

"Die Kommissie is van oordeel dat die feit dat die K.G. tegelyk leier is van die Ossewabrandwag en ook hoof is van die S-aanleiding gegee het in die verlede en moontlik vandag nog gee tot situasies, waarin dit onmoontlik is vir O.B.-offisiere wat buite die S- staan, om gesag en dissipline te handhaaf. Dit skep botsings, wêrederkerige wantroue, eensydige kritiek en soms lelike reaksies wat die Ossewabrandwag verswak van binne. Na buite het dit — weliswaar ten onregte, maar tog telkens weer — die gevolg, dat deur die K.G. se persoon in sy dubbele kapasiteit die O.B.

steeds as medepligtige van die S- aangeval en beskimp word. Dat dit die Ossewabrandwag 'n hele aantal lede gekos het, waaronder ook bekwame offisiere was, en dat verskillende O.B.-offisiere as gevolg van die situasie genoodsaak gevoel het om hulle ontslag te vra, is deeglik moontlik; dat dit ook vir Genl. Smith ongelukkig stem, is begryplik aangesien hyself geen lid van die S- is nie en voel dat hy ook nie die vertrouwe daarvan besit nie, omdat hy reeds herhaaldelik vergeefs probeer het om 'n duidelike skeidslyn tussen O.B. en S- te handhaaf.

“Die Kommissie is egter oortuig daarvan, dat vir die saak van die Afrikaanse volk, en veral tydens die afgelope oorlogsjare, dit as 'n geluk beskou moet word dat iemand soos dr. J.F. van Rensburg die nominale leier was van die S-organisasie. In minder bekwame hande en met iemand wat onvoorsigtelik die teuels nie so styf gehou het nie, kon daar veel groter ellende vir die Boerevolk gekom het. Gesien die provokasie wat daar was, was daar wel psigologiese gronde vir opstand en daadwerklike protes; en geen generasie van betekenis in die lewe van 'n volk gaan verby sonder om te protesteer teen vorme van dwinglandy en nasionale uitbuiting nie. Dat dr. Van Rensburg wyse leiding gegee het op hierdie uifers gevaarvolle pad moet tot sy eer getuig word.

“Dit is moontlik dat die K.G. vanaf O.B.-platvorm geneig was om die prestasies van genoemde aktivistiese elemente sterk te beklemtoon; maar moontlik was die oorgrote meerderheid van geïnterneerdes uit S-geledere — en wel 70% en meer van die geïnterneerdes was uit Transvaal sodat die K.G. persoonlik baie sterk die indruk van hul optrede ondergaan het. Afgesien van die persoonlike leed aan siel en liggaam wat deur hulle en hulle families gely is, het 800 geïnterneerdes in die vorm van aktuele salaris en inkomste alleen £480,000 opgeoffer (bereken teen 'n inkomste van £300 per persoon gemiddeld per jaar vir 'n tydperk van 2 jaar gevangenskap gemiddeld, soos inderdaad die geval is). Behalwe dit het met enkele gelukkige uitsonderings, die meeste teruggekeerdes uit die interneringskampe hul werk verloor, sommige het hul grond en vaste besittings moet prysgee, baie is ekonomies jare agter. Dr. Van Rensburg ken al hierdie dinge van naby.

“Nietemin het sy voortdurende beklemtoning daarvan moontlik 'n reaksie begin wek in die dele van die land (by sommige Suid-

Kaaplandse O.B.-lede altans) wat minder deel gehad het aan die direkte konsentrasiekamp-bydrae, en aan insamelings en besteding van Noodhulpgelde — die groot Afrikanerprotes van die afgelope jare.

“Andersom is dit moontlik dat die Organisasieleier, wat in meer voortdurende kontak met die suide staan, waar die organisasiesetel en persbelange van die Ossewa-Brandwag gekonsentreer is en vanwaar sonder twyfel die grootste bydrae vir die organisasie en die pers tot sover gekom het, met net soveel ywer die prestasies van die suide beklemtoon het. Dit is 'n bekende feit dat hy die Ossewa-Brandwag met alle mag probeer weer het teen onregverdige aantygings van vyande wat eintlik bedoel was aan die adres van die S-organisasie. Dit is moontlik dat hy daardeur reaksie gewek het in S-kringe by lede van daardie organisasie en ook by daarbuitestaande simpatiseerders met daardie organisasie, soos onder andere by verskeie persone in die meer noordelike streke van ons land.

“Die Kommissie is oortuig daarvan dat die moontlike skeiding (in die sin van krisis) wat op die wyse ontstaan, baie gevaarlike gronde vir die omvattende eenheidstrewe van die Ossewa-Brandwag as 'n volksbeweging inhou; en hy moet hom derhalwe sterk daarteen uitspreek, in vertrouwe dat beide die K.G. en die A.K.G. as verantwoordelike leiers wat self nie provinsialisties aangelê is nie, die volle konsekwensie van hierdie toedrag van sake insien. Een van die kenmerkende neigings van die Beweging tot hertoe was om provinsialisme en daarmee saamgaande provinsialistiese magskonsentrasies, in watter ongunstige vorm ookal, teen te werk; en die Kommissie vertrou dat die Beweging en sy leiers ook in die toekoms getrou daaraan sal bly.

“Die Kommissie het kennis geneem van Dr. Van Rensburg as leier van die S-organisasie, dat hulle reeds besig is om te likwideer. Die oorlog is verby en die onmiddellike doel van die S- is van die baan. Hy wil egter nie die boedel oorgee nie, maar hy wil dit beredder; en dit sal nog maande versigtige leiding kos. Dit kan nie sommerso ontbind word nie om verskeie voor die hand liggende redes. Die Kommissie vertrou dat hy die probleem met takt en wysheid sal hanteer, sodat daar 'n spoedige oplossing gevind mag word in aanpassing aan die behoeftes van die aangebroke vredestryd

waarvoor die A.K.G. so 'n ope oog en konstruktiewe aanleg het.

“Graag wil die Kommissie ook die vertroude uitspraak dat geen nuwe losstaande organisasie in die toekoms met die O.B. geskakel sal word voor behoorlike oorweging en goedkeuring vooraf deur of namens die Grootraad nie.”

Aan die einde van die verslag kom die Kommissie met 'n algemene samevatting, wat die dilemma waarin die OB hom aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog bevind het, kernagtig reflekteer:

“Die noodtoestand van die oorlogsjare waarin die Ossewa-Brandwag ontstaan, gegroei en gestry het, is besig om voorlopig verby te gaan. Die algemene probleem is om die Beweging nou prakties om te skakel vir die uitvoering van 'n vredetydse beleid wat tans daargestel of liever verder ontwikkel en beter gepropageer behoort te word, indien die Beweging wil voortbestaan. Die beleid is nog nie *algemeen* aangegee nie en gevolglik kan die organisatoriese aanpassing by die nuwe naoorlogse omstandighede nie behoorlik geskied nie. Die nuwe tydsomstandighede verklaar ook waarom baie mense wat nog altyd staatmakers was, op die agtergrond begin tree binne die Beweging, met die gevolg dat die praktiese masjinerie, soos dit tot nou moes fungeer, erg belemmer word sodat, met die begrip van verantwoordelike leierskap, die taak van beheer en dissipline vir hoër offisiere eenvoudig onmoontlik word. Bowendien het die Beweging nog nie daarin geslaag om die Afrikanervolk vir dié begrip ryp genoeg te maak nie; tenminste nie in die mate waarin hy met meer sukses sy nasionale en sosiale beginsels tuisgebring het nie. Gebrek aan die nodige inhoud om voort te gaan en ontoereikendheid van die organisatoriese masjinerie na die verflouing van die opgewekte oorlogshoofspanning skyn die grondoorsaak te wees van die huidige onbevredigende toestand binne die Beweging. Die Kommissie is egter van mening dat 'n sterke poging om sake te herstel nog altyd 'n moontlikheid was en vandag nog is, mits die Beweging sy geloof in die ideaal van Afrikanereenheid en vryheid — wat nog nie bereik is nie — behou, waaraan nie getwyfel word nie.”

Die Kommissie se aanbeveling was dat Van Rensburg versoek word om voort te gaan met sy poging om die OB, waarvan hy hoofleier is,

skadeloos te stel teen voortdurende reperkussies voortspruitende uit sy gelyktydige leierskap van die Stormjaers. Met waardering vir die wyse waarop Van Rensburg oor die jare heen “hierdie uiters moeilike probleem wat hy geërf het,” hanteer het, voel die Grootraad dat die spoedige beëindiging van die onaangename situasies onontbeerlik is vir die voortbestaan van die OB.

Smith en Van Rensburg het mekaar die hand gegee en Van Rensburg het onderneem “om die moeilikheid van die verlede te oorwin”.⁴²⁵

In die Van der Walt-dagboek word tevredenheid met die verloop van sake neergepen. Van Rensburg het 'n sterk toespraak gehou en skep die indruk dat hy tevrede is om die Stormjaers te likwadeer en hom op die praktiese politiek toe te lê: sodra hy verlos is van die “onverantwoordelike atmosfeer” van dié beweging, sal hy weer in 'n posisie wees om sy lewenstaak ten uitvoer te bring.⁴²⁶

Vir 'n wyle, na afloop van die oorlog, het die rammelinge van die oorlogstydse onrus nog hier en daar uitgeslaan. Van Rensburg het namens die OB die Kommunisme die stryd aangesê, en by tye het hierdie stryd bedreig om handuit te ruk.⁴²⁷ Van Rensburg het die OB as vuil teen haat voorgehou.⁴²⁸

Terwyl die Zeesen-omroepers tereg moes staan vir hul ondermynende optredes tydens die oorlog, het die aandrang om loslating van politieke gevangenes in momentum toegeneem. Hierin het ook die HNP en politieke leiers soos dr. D.F. Malan en C.R. Swart sterk gefigureer,⁴²⁹ terwyl dr. Hans van Rensburg op sy beurt gedoen het wat hy kon om hierdie geesgenote weer op vrye voet te stel.⁴³⁰

In Januarie 1948 vind weer 'n gesprek plaas tussen Van der Walt en Van Rensburg.⁴³¹ Van Rensburg het sy skok uitgespreek oor wat hy omtrent die Nazi-bewind aan die einde van die oorlog verneem het. Volgens Van der Walt se aantekeninge het hy verder gesê: “Wat ons is, het ons geword uit krag van ons Christelike beginsels. Sodra jy daardie anker los, is jy nie meer 'n beskaafde wese nie en het jy geen etiese maatstawwe meer nie, en die Duitsers het hierdie anker gelos teen die einde van die oorlog en beslis onchristelik gehandel. Daar was toe geen verskil tussen hulle en die Russe nie.”

Toe Van der Walt die vrees lug dat die Stormjaers uiteindelik, soos in

Europa, teen hul leiers sou draai, het Van Rensburg toegegee dat die revolusie sy eie kinders opeet ('n beeld wat vantevore as waarskuwing teen Van Rensburg gebruik is),⁴³² maar hy het betekenisvol daaraan toegevoeg dat geen revolusie nog sonder so 'n speerpunt teweeggebring is nie.

Dié uitlating dui daarop dat Van Rensburg finaal die handdoek ingegooi het. Die aktivistiese stryd was iets van die verlede; voortaan sou die stryd vir die bereiking van ideale weer langs die geykte demokratiese weë gesoek word. En dit, in die midde van diegene met wie daar in die voorgaande jare 'n bittere stryd geheers het — die HNP van dr. D.F. Malan. Dit was nie juis maklik nie, sê Van Rensburg,⁴³³ maar deur die agterdeur wat die Afrikaner Party gebied het, het die OB hom na die epogmakende stembus-oorwinning in Mei 1948 in die geleedere van 'n seëvierende Nasionale Afrikanerdom bevind.

In die uur van sy groot vernedering het genl. Smuts 'n brief van Hans van Rensburg ontvang, waarin laasgenoemde hom loof vir sy meesterlike geduld tydens die oorlogsjare. Hy wys daarop dat hy oor die oorlogskwessie skerp van Smuts verskil het en ook meegehelp het tot sy neerlaag, maar herhaal sy erkentlikheid vir die onheil wat Smuts die volk telkens en telkens gespaar het.⁴³⁴

Smuts het só gereageer: “Dit is omdat ek my volk lief het en hul ware motiewe so goed begryp dat ek deur die jare sagkens met hulle gehandel het. Jou ook het ek beskerm, hoewel jy soos 'n stout kind gehandel het en jouself diep blootgestel het. Ons jare tesaam het my baie geleer.”⁴³⁵

Enkele weke na bewindsaanvaarding het die Malan-regering amnestie verleen aan politieke gevangenes en daarmee een van die “geniep-sighede” van die Smutsbewind⁴³⁶ gekorrigeer. In OB-geledere was daar groot vreugde, terwyl die nuwe Opposisie-pers sowel as die amptelike Opposisie baie skepties en afwysend daarteenoor gestaan het.⁴³⁷ Die juigkreet van N.G.S. van der Walt, naamlik dat dr. Malan-hulle die tronkdeure “onder druk van die nasionale mening” moes oopsluit,⁴³⁸ hou klaarblyklik nie rekening met die werklike situasie nie.

Vir Van Rensburg het die loslating van die politieke gevangenes die einde van die OB ingelui.⁴³⁹ Dit sou egter nog etlike jare duur voordat hierdie boedel finaal beredder sou word. Intussen het die sogenaamde

Duitse Dokumente soos 'n onsimpatieke skuldeiser die persoonlike boedel van die hooffiguur in die OB-drama bedreig.

3.7 Die “Duitse Dokumente”

In 1947 het dr. Hans van Rensburg 'n verweerskrif opgestel met die oog op 'n verwagte aanklag van hoogverraad wat deur die Smuts-regering teen hom en ander OB's ingebring sou word. Die beoogde vervolging is nooit van stapel gestuur nie, en die inhoud van die sogenaamde “Duitse Dokumente”, waarin besonderhede van die aanklagte vervat is, is nooit amptelik openbaar gemaak nie.

En tog het 'n groot deel van die wesentlike inhoud van hierdie dokumente oor die jare heen en in stukkies en brokkies bekend geword.⁴⁴⁰

Na afloop van die Tweede Wêreldoorlog is beslag gelê op die Duitse argiewe. Heelwat dokumente met betrekking tot oorlogstydse ondermyningsbedrywighede in Suid-Afrika en skakeling met Duitsland het hulle hieronder bevind en is aan die Suid-Afrikaanse regering deurgegee.⁴⁴¹ In die vroeë sitting van die Unie-Parlement in 1946 het die Minister van Justisie, Harry Lawrence, bekend gemaak dat die regering oor “'n massa van materiaal wat betrekking het op Nazi-bedrywighede en die huurlinge van Nazis in ons land gedurende die afgelope ses of sewe jaar” beskik. Hy sê verder dat die Regering behoorlike aandag gee aan die vraagstuk van oorlogsmisdadigers ('n saak wat in dié stadium veral in Europa fel in die kollig was) en dat amptenare van die departemente Justisie, Polisie en Verdediging die saak deeglik ondersoek. Hy het die versekering gegee: “... ons gaan ons bes doen om die getuienis te versamel en om hierdie persone tot verantwoording te roep voor die gepaste howe van ons land. Hulle sal voor die geregshof gebring word en die geleentheid kry om hulleself te verdedig, en die Kroon sal geleentheid hê om die getuienis voor die hof te lê.”

Terwyl die ondersoek nog aan die gang was,⁴⁴² is sekere beskuldigings oor beweerde Duitse skakeling van dr. Malan na vore gebring — die sogenaamde Denk-voorval — maar niks substantiefs is opgelewer nie.⁴⁴³

In Desember 1947 is die Barrett-verslag aan Minister Harry Lawrence oorhandig, vir die regering om te besluit wat om daarmee te doen.⁴⁴⁴

Na bewering sou dr. Hans van Rensburg in Oktober 1941, kort na die ernstige botsing tussen hom en dr. Malan, die volgende uitspraak gemaak het: “Daar word gerugte versprei dat ek in verbinding kom met die Duitse konsul in Lourenco Marques. Al wat ek hierop kan sê, is dat ek nog nooit in Lourenco Marques was nie.”⁴⁴⁵

Was dit blote naïwiteit, of dalk fyn diplomاسie — gesien in die lig van die oogmerke en doel van sy skakeling met Duitsland — wat die leier van die OB en hoof van die Stormjaers so ’n verklaring laat maak het? ’n Summiere ontkenning van so ’n beskuldiging, onder die destydse heersende omstandighede, was seker die maklikste ding ter wêreld om te doen, ook die algemeenste. As hy egter onrus en kommer in regeeringskringe *wou* skeep — ’n verklaarde oogmerk — kry ’n mens ’n mate van begrip vir dié woorde. Dit kon natuurlik ook daartoe bydra dat sy doelstellings juis verydel kon word, indien die polisie byvoorbeeld sy werklike handeling in dié verband sou kon blootlê.

Hoe ook al, Van Rensburg *het* met die Duitsers geskakel — en boonop op ’n redelike intensiewe en deurlopende basis. Getuienis dui daarop dat hy nie alleen besef het dat sy skuld bewys sou kon word nie, maar dat hy hom inderdaad voorberei het op ’n veroordeling en vonnis. Hy het as’t ware ’n tyd lank in die skadu van ’n Suid-Afrikaanse Neurenberg gestaan ...

Vir eers, Van Rensburg se eie skuldbekentenis. In sy dokumentêre nalatenskap is daar ’n dokument getitel “Rex versus Van Rensburg (of Van Rensburg vs. Rex)”, eiehandig deur homself opgestel.⁴⁴⁶ Dit is kennelik ’n stuk wat opgestel is ter voorbereiding vir die hoogverraad-saak wat soos ’n dreigende swaard oor sy hoof gehang het, en die aanhef daarvan is tegelykertyd ’n skulderkenning en ’n pleidooi om versagting:

“Met vergunning van die hof wil ek graag vir my dade ’n korte motiveering gee. Dit spreek vanself dat as ’n man wat hoë ampte in die diens van die staat bekleed het (onder andere ook dié van hoof van die staatsdepartemente waarin hy vandag as misdadiger aangekla mag word) hierdie pad gevolg het, dan moet daar buitengewoon sterke gronde, goed of sleg, vir sy optrede gewees het. Daardie gronde wil ek probeer aanstip.”

Van Rensburg het “in die ernstigste oomblik van my lewe” met ’n openhartige ontboeseming vorendag gekom. Hy het verduidelik dat hy nie deur haat gedryf is of onder die anti-Engelse aanhitters getel wil word nie, maar dat hy dit as sy eer en plig beskou het om wantroue en verset jeens Engeland te betoon in ruil vir wat aan die Afrikaners gedoen is en word. Hy het besef dat verset teen die Empire op wetlike hoogverraad sou neerkom: “Wel, het ek gevoel, as dit dan hoogverraad is om die Britse Empire se handlangers teen te werk, hierdie mense wat van Boere-offisiere verlang dat hulle die mede-Boere desgewens moet skiet ad maiorem gloriam van die Union Jack ... as *dit* dan hoogverraad is, is ek bereid om ook hoogverraad te pleeg, hoogverraad met variasies as dit nodig is! En van daardie dag af het ek in Duitsland gesien die middel om die Empire waarteen ek in verset gekom het, te verswak en te breek. En ek het die middel gebruik en gehelp net so ver ek kon.”

Van Rensburg verklaar dat hy lewensverlies tot ’n minimum wou beperk en dat hy beslis nie inligting aan die vyand deurgegee het wat Afrikaners se lewens in gevaar kon stel nie: “Ek (het) gevoel dat die seun met die rooi lus nader aan my staan as die opperbevel van die Duitse weermag ... al staan die nader as die Britse War Office.”

Van Rensburg het sy “betoog” soos volg afgesluit:

“Ten slotte nog ’n paar laaste opmerkings, voordat u my vonnis:

“In die eerste plek dit: wat my kamerade betref wil ek die Hof verseker dat ek werklik die leier was van hierdie manne in hul verset teen die oorlog ... Hulle het my gevolg: en omdat ek die leier en hulle die volgelinge was, is dit ook nie meer as reg nie dat ek die swaarste verantwoordelikheid in hierdie hof moet dra, net soos ek dit destyds in beslissings gedra het.

“Verder hoop ek dat dit onnodig is om te beklemtoon dat ek, om vanselfsprekende redes, hierdie bedrywighede en die kennis daarvan in so eng ’n kring as moontlik gehou het. Party politieke leiers en selfs die Grootraad van die Ossewa-Brandwag, het ek glad nie ingelig nie. Hulle is in die duister gehou, gedeeltelik ter wille van die veiligheid van die onderneming en gedeeltelik omdat dit hulle net in gevaar kon stel. Selfs die SJ’s as beweging het nie daarvan geweet nie.

“Ten slotte ... Ek beskou vandag nog dat die eintlike hoogverraad

teenoor Suid-Afrika nie in hierdie hof te berde is nie, maar wel in die Uniegebou.

“Teenoor daardie daad van ontrou teenoor Suid-Afrika het ek in verset gekom met al middels tot my beskikking, ek het dit met oop oë gedoen en onder dieselfde omstandighede sal ek weer so handel. En as ek nie meer daar is nie ... hierdie vertrouwe wil ek in die ope hof uitspreek ... dan sal my seun en ander jong Boere die toekomstige oorlogsplanne van die Empire in die wiele ry elke keer as imperiale planne met Boerebloed geolie moet word.

“Dit is al wat ek te sê het.”

Dat die verwagte hofsaak by Van Rensburg gespook het, is gewis en blyk uit verskeie dokumente. Op 20 Augustus 1947 teken N.G.S. van der Walt, redakteur van *Die OB* en 'n man wat in hierdie tyd heelwat met Van Rensburg te doen gehad het, in sy dagboek aan dat die KG meegedeel het dat die regering glo in besit is van uiters verdoemende getuienis. Duitse amptenare asook 'n Duitse spioen sou glo as kroongetuies geroep word. Van Rensburg het ook sy strategie ten opsigte van “die verwagte Neurenbergsaak” verduidelik.⁴⁴⁷

Op 30 Augustus 1947 betuig Van Rensburg waardering vir hulp wat 'n vriend aan hom verleen het “destemmer omdat — soos dit my lyk — my tydjie baie kort begint word. Die regering loop oor van allerlei bose planne en dit gee my so 'n voorgevoel dat die weerlig nou enige tyd kan uitsak. Dit vir u vertroulike inligting”. En, steeds besiel met die ideale wat hom geïnspireer het om dinge te doen waarvoor hy waarskynlik tot verantwoording geroep gaan word, stel hy sy vriend gerus: “Indien dit gebeur moet die kamerade maar dit aan my oorlaat om die ding deur te sien op so 'n manier dat ons strewe en die republikeinse gedagte die groot moontlikste wins daaruit slaan.”⁴⁴⁸

In Oktober 1947 verwys hy in twee briewe na die aangeleentheid: teenoor die skrywer van 'n kontemporêre werk oor die oorlogtydse gebeure verwys hy na homself as “a somewhat chastened reader”,⁴⁴⁹ en teenoor 'n Kaapse kollega is hy op die oog af maar baie swartgallig, want die hoogverraadsaak ontwikkel “met die onverbiddelike konsekwensie van 'n Griekse tragedie”. Sy enigste hoop is maar baie skraal, 'n vyftig-vyftig-kans, naamlik indien Smuts dit om taktiese redes afgelas.⁴⁵⁰

Daar is getuienis dat Van Rensburg instrumenteel was in die plasing van berigte, ten einde 'n klimaat te skep waarin die regering dalk tot ander insigte sou kom.⁴⁵¹ Dit moet onthou word dat in hierdie tyd reeds sprake was dat 'n Afrikanereenheidsfront in die volgende verkiesing teen Smuts sou optrek, terwyl die Smuts-regering se aansien in die na-oorlogse resessie tydperk maar bra laag en steeds aan die daal was.⁴⁵²

Of dit toe te skryf was aan Van Rensburg se taktiek, kan nie bepaal word nie: feit is dat daar in hierdie tyd 'n ernstige verdeeldheid in die Smuts-kabinet ontstaan het juis as gevolg van die hoogverraad-onderzoek.

Nadat 'n voorlopige rapport oor die saak teen die OB reeds in Mei 1947 opgestel is, is verder gegaan en 'n finale rapport opgestel, onder datum 24 Desember 1947. Die titel van hierdie stuk is “Rex versus Johannes Frederick Janse van Rensburg and others — Final Report of the Law Officer for Union War Prosecutions”. Die “klagstaat” het só gelui:

“The charge against the organisation known as the Ossewa-Brandwag is one of treason in that broadly speaking they

- (1) Communicated with the enemy by means of couriers carrying messages of a treasonable nature from the Union to the German Consulate at Lourenco Marques;
- (2) Communicated with the enemy by transmitting matter of treasonable nature to Lourenco Marques and to Berlin;
- (3) Conspired and agreed with the German authorities and other persons in the Union to make war and rebellion against the Government of the Union of South Africa;
- (4) Did acts or gave advice with a view to assisting the enemy.”

Dit is skynbaar hierdie dokument wat op die Kabinetsvergadering ter tafel geneem is.⁴⁵³

Die algemene gevoel onder die ministers was blykbaar dat al die persone weens hoogverraad voor die hof gedaag moes word, maar drie persone — Smuts self, Colin Steyn en Harry Lawrence — het teëge-

stribbel. Laasgenoemdes wou die strydbyl begrawe. Die druk op Smuts-hulle het sterk gebly, totdat hy 'n *Vaderland* berig uitgehaal en aan sy koilegas getoon het met die woorde dat dit water op Van Rensburg se meul sou wees. Hy het aangeraai dat liever daarmee gewag word tot na die verkiesing ...⁴⁵⁴

H.S. van Blerk, een van die aanvanklike ter dood veroordeeldes in die Benoni-Poskantoorontploffingsaak, gee 'n effens gewysigde relaas van die wyse waarop die sogenaamde politieke bom ontlont is. Volgens hom was Smuts van voorneme om twaalf vooraanstaande Afrikaners net voor die verkiesing weens hoogverraad te laat tereg staan. Daar was glo dertien staatsgetuies, een Afrikaner en twaalf Duitsers, wat gereed was om hul rol te speel.⁴⁵⁵

Van Blerk meen dat slegs dr. Colin Steyn aanvanklik gekant was teen vervolging, omdat dit die Afrikaners in mekaar se arms sou dryf. Hy het toe die eerbiedwaardige "OB-senator" van Vryburg, oom Naas Raubenheimer, laat haal, wat in Smuts se teenwoordigheid gesê het dat so 'n stap die OB's *en bloc* vir die HNP sou laat stem. Dit het Smuts toe van sy plan laat afsien.

Intussen, en nog voordat die saak op Kabinetvlak hanteer is, het die OB-Grootraad op voorstel van Du Toit van Zyl hul solidariteit met Van Rensburg by wyse van 'n indrukwekkende mosie betoon,⁴⁵⁶ 'n deel waarvan soos volg lui:

"Terwyl aasvoëls van die Britse Empire — wat kort gelede die geswore en gediensige bondgenote van die Russiese Bolsjewisme was — besig is om oor die hoof van die Kommandant-Generaal te draai, verbind die Grootraad homself en die Ossewa-Brandwag as geheel om Hans van Rensburg nooit in die steek te laat of aan die vreemdeling en vyand uit te lewer nie. Ook al sal die Empire se handlanger-regering in Suid-Afrika Dr. van Rensburg van hoogverraad beskuldig, weet die Grootraad en die Ossewa-Brandwag as geheel dat sy Kommandant-Generaal hom nie aan volksverraad skuldig gemaak het of sal maak nie.

"Die Grootraad weet baie goed wat Veldm. Smuts en sy Regering teen Dr. van Rensburg in die skild voer en watter duistere magte daaragter skuil maar verklaar dat hy (die Grootraad) en die O.B. juis daarom vir die huidige bewindhebbendes nog minder vrees

of agting koester as in die verlede. As die Regering graag die instrument wil wees om nog 'n ge-eerde Afrikaner 'n hoë of selfs die hoogste prys vir sy trou aan die Afrikanervolk en sy verset teen die Empire te laat betaal, moet hy gerus maar sy gang gaan.

"Die Ossewa-Brandwag sal met des te meer vasberadenheid en inspanning die stryd teen die Britse Empire voortsit totdat die Afrikanervolk geheel-en-al van die Britse juk bevry is."

J.A. ("Sambok") Smith, die eertydse vurige Kaapse rebel maar die man wat koue voete gekry het toe hy sien waarmee die Stormjaers hulle besig gehou het, het hardop gedreig: "Ek sal enige ding doen, wettig of onwettig as aan die O.B. gevat word. Ek verseker die owerheid, as hy 'n tweede hel in S.A. wil hê, ek dit vir hom sal bring."⁴⁵⁷

Smith se dreigement was soos 'n verdwaasde swaaihou van 'n bokser wat reeds die uitklophou ontvang het en op pad is planke toe.

Die dreigende hoogverraadsaak het ook op 'n ander terrein reperkusies gehad. Tussen dr. Malan en mnr. Klasie Havenga is in hierdie dae druk onderhandel om 'n eenheidsfront in die komende verkiesing te vorm, ten einde Smuts uit die kussings te probeer lig. Dr. Van Rensburg, wat volgens eie verklaring reeds in 1941 besef het dat die OB aan die verloor was en vorentoe maar weer die koestering van die politieke party sou moes opsoek,⁴⁵⁸ was juis nou besig om dit te doen. Dit het nie maklik gegaan nie, want diep wonde is in die voorafgaande jare geslaan, wedersydse wantroue was in baie gevalle nog aan die orde van die dag.

In Nasionale kringe is aangevoer dat assosiasie met die man wat moontlik weens hoogverraad aangekla gaan word, hul saak net skade sou aandoen.⁴⁵⁹ Het die Nasionale Party, het dr. Malan self dan nie juis in die oorlogsjare en pas daarna soveel moeite gehad om hul naam skoon te kry van die klad van "met die vyand te heul" nie?

Met groot moeite en na baie binnegevegte is 'n soort ooreenkoms tog bereik, waardeur dit vir die OB moontlik gemaak is om, weliswaar deur die agterdeur, die politieke tuiste te betree. Die kombinasie Malan-Havenga, met die OB in die geledere van laasgenoemde, het in Mei 1948 die verkiesing gewen, en dr. Malan het Eerste Minister geword.

Onder die oppervlak het dit steeds gesmeul, ook oor die sogenaamde hoogverraadkwessie. Dr. Van Rensburg se seun, Johan, beweer dat dr. Malan sy vader op 24 Augustus 1948 na Grootte Schuur ontbied het om hom te verweer teen beskuldigings wat in die “Duitse Dokumente” teen hom ingebring is. Dié beskuldigings was (a) skakeling met Smuts, (b) skakeling met die Duitsers en (c) verantwoordelikheid vir die dood van Lotter en Nel. Van Rensburg se reaksie hierop was dat indien Malan wou doen wat Smuts nie bereid was om te doen nie, hy wel hof toe sou gaan “maar nie alleen sou dans nie”.⁴⁶⁰

In Januarie 1949 notuleer ’n Grootraadsvergadering die volgende:⁴⁶¹ “K.G. wys daarop hoe die skinderstories teen hom nog steeds versprei word; dr. Malan het min. Havenga spesiaal ontbied om hom te vertel dat die regering oor dokumentêre bewys beskik dat dr. Van Rensburg 1. tydens die oorlog met Duitsland kontak gehad het; 2. dat dr. Van Rensburg tydens die oorlog kontak gehad het met Grooteskuur, Genl. en Mev. Smuts; en 3. dat hy verantwoordelik is vir die dood van Lotter en Nel.

“K.G. het aan min. Havenga gesê dat hy nie skuldig is aan punte 2 en 3 nie, maar wel aan die eerste punt; hy het so gehandel omdat hy gemeen het dat die politici eerlik is in hul geskree teen die Empire.”

* * *

Wat ander betrokkenes by die potensiële hoogverraadsaak betref, is daar enkele getuienisse oor hoe hulle deur die speurders opgespoor en ondervra is.

Ampie Barnard vertel⁴⁶² byvoorbeeld hoedat hulle skrikkerig begin raak het toe oorsee begin is om oorlogsmisdadigers op te spoor en te verhoor. Die groep manne wat met hom saamgewerk het, is byeengeroep, en hulle het besluit om die skuld op een van hul kollegas wat intussen oorlede is, te pak.

Die Rein-kommissie is oorsee gestuur, en “daarvandaan het hulle op die spoor gekom hier na ons toe”. Almal is op ’n streep ondervra; die speurders het oor al die name beskik. Hoewel hy “na alle kante toe gelieg (het)”, was die speurders te uitgeslae en het hulle oor te veel besonderhede beskik; “Jan Smuts se speurdiens was darem wragtig goed, jong. Hulle het inligting gekry — die mure het ore gehad — en hulle het met dinge uitgekom.”

Ook Heimer Anderson, wat jare daarna insae in die Barrett-verslag gehad het, kon nie anders as om saam te stem dat al die dinge wat in die verslag opgeteken is, maar alte waar was nie.⁴⁶³ Bevestigende getuienis vir Van Rensburg en die OB se skakeling met Duitsland word ook gevind in verskeie bandopnames van herinneringe aan destyds, wat hulle in die OB-Argief bevind.⁴⁶⁴

Die eertydse voorsitter van die Grootraad, ds. S.J. Stander, vertel hoedat Van Rensburg by geleentheid verklaar het dat hy “nou werklik kontak met die Duitsers” gehad het. Hy het nooit ’n skip aan die Duitsers ver-raai as daar Afrikaners aan boord was nie, maar wel as “’n klomp Engelse” hulle daarop bevind het — met dié toevoeging: “En as die regering dit agterkom, dan word ek gefusilleer.”⁴⁶⁵

VOETNOTAS

- ¹ Kyk afdeling I(a) van hierdie RGN-projek. Vergelyk ook P.J.J. Prinsloo, *Kultuurbeeld van die Ossewa-Brandwag*, pp. 16–19 en P.F. van der Schyff, *Die Ossewa-Brandwag en die Tweede Wêreldoorlog*, pp. 13–19.
- ² J.F.J. van Rensburg (jr.), *My vader: Kommandant-generaal van die Ossewa-Brandwag*, pp. 16–20.
- ³ J.F.J. van Rensburg (jr.), *My vader ...*, pp. 28–29. Dr. Albert Hertzog meen dat Van Rensburg “Nietscheaans in sy uitkyk” was; die klem wat hy op gesag gelê het, het meegebring “dat hy die finesse van die politiek geminag het.” Kyk OB-Argief, Bandopname (tr.): A. Hertzog.
- ⁴ P.J.J. Prinsloo, *Kultuurbeeld van die Ossewa-Brandwag*, pp. 16–17. Vergelyk ook J.F.J. van Rensburg (jr.), *My vader ...*, p. 45 en briewe in die Hans van Rensburg-versameling (OB-Argief).
- ⁵ J.F.J. van Rensburg (jr.), *My vader ...*, p. 47.
- ⁶ J.J. Badenhorst, *Die Organisasiestruktuur van die Ossewa-Brandwag*, p. 22.
- ⁷ O. Pirow, *James Barry Munnik Hertzog*, p. 129. Vergelyk ook A.J.H. van der Walt, *’n Volk op trek*, pp. 9–10.
- ⁸ Vergelyk P.J.J. Prinsloo, *Kultuurbeeld van die Ossewa-Brandwag*, pp. 18–19; H. van Rensburg, *Their paths crossed mine: memoirs of the Commandant-General of the Ossewa-Brandwag*, pp. 156–157; J.J. Badenhorst, *Die organisasiestruktuur van die Ossewa-Brandwag*, pp. 22–23; J.F.J. van Rensburg (jr.), *My vader ...*, p. 48.
- ⁹ Hans van Rensburg (*Their parths crossed mine*, p. 157) gee dié getal aan, terwyl A.J.H. van der Walt (*’n Volk op trek*, p. 10) meld van 130 uit ’n verwagte 2 000 persone. Eersgenoemde lyk meer aanvaarbaar, onder andere omdat Van Rensburg volgens *Die Volksblad* 17.8.1938 ’n kommando van 1 000 in die vooruitsig gestel het.
- ¹⁰ H. van Rensburg, *Their paths crossed mine*, pp. 157–158. Vergelyk ook P.J.J. Prinsloo, *Kultuurbeeld van die Ossewa-Brandwag*, pp. 21–23.
- ¹¹ Kyk hoofstuk 1.
- ¹² Vergelyk *Cape Times*, 8.2.1939; *Cape Argus*, 4.3.1939; *The Friend*, 4.3.1939 en *The Star*, 4.3.1939.
- ¹³ *The Star*, 4.3.1939.
- ¹⁴ *The Star*, 4.3.1939. Vergelyk ook G.C. Visser, *OB: Traitors or Patriots?* p. 12.
- ¹⁵ *Cape Argus*, 4.3.1939. Vergelyk ook *The Star*, 4.3.1939.
- ¹⁶ *Die Vaderland*, 9.3.1939 en 20.4.1939.
- ¹⁷ *Die Vaderland*, 15.8.1939.

- ¹⁸ *Cape Times*, 11.3.1939; *The Star*, 10.3.1939.
- ¹⁹ *Die Volksblad*, 8 en 9.5.1939. Vergelyk ook A.J.H. van der Walt, *’n Volk op trek*, p. 20.
- ²⁰ A.J.H. van der Walt, *’n Volk op trek*, p. 19.
- ²¹ *Die Volksblad*, 15.4.1939 en 22.4.1939.
- ²² *The Star*, 24.4.1939. Vergelyk ook *Cape Times*, 15.4.1939 en *Debate van die Volksraad*.
- ²³ *The Star*, 13.4.1939.
- ²⁴ *Die Vaderland*, 22.3.1939 en 5.4.1939. Vergelyk ook A.J.H. van der Walt, *’n Volk op trek*, p. 19.
- ²⁵ *Die Vaderland*, 20.4.1939. Vergelyk ook A.J.H. van der Walt, *’n Volk op trek*, p. 20.
- ²⁶ *The Star*, 13.4.1939. Vergelyk ook *Die Vaderland*, 15.4.1939 en 22.4.1939.
- ²⁷ *The Star*, 5.5.1939.
